

Studente se ervaring van afstandsl eer in die Baccalaureus Educationis Grondslagfase-graad

B Taylor



Orcid.org 0000-0002-8600-8593

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Magister
Educationis in Leerderondersteuning aan die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Dr A Loubser

Medestudieleier: Prof W van Vollenhoven

Gradeplegtigheid: Okt 2018

Studente nommer: 13096613

VERKLARING


VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk vervat in hierdie verhandeling / proefskrif, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen, in geheel of gedeeltelik, by enige universiteit ingedien het vir 'n graad nie.



Signature / Handtekening

Date / Datum 21 Mei 2018



Copyright©2018 North-West University (Potchefstroom Campus)

Kopiereg©2018 Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

All rights reserved / Alle regte voorbehou

BEDANKINGS

Eerstens, aan die Hemelse Vader wat my die krag gegee het om hierdie studie te voltooi!

Hiermee wil ek my dank betuig aan:

- Dr Annemarie Loubser, vir al haar harde werk, motivering, geduld, liefde, aanmoediging en uitstekende leiding in hierdie studie;
- Prof Willie Van Vollenhoven vir die bekwame leiding;
- My husband, Terrence, thank you for being the amazing, understanding and supportive husband that you are;
- My familie en vriende vir hul volgehoue ondersteuning en aanmoediging.

Ek dra hierdie op aan my twee kinders, Madison en Kyle. Julle is nog te klein om te verstaan, maar hierdie was baie ure weg van julle af, julle is en was mamma se motivering om hard te werk, en mamma is baie lief vir julle.

OPSOMMING

Studente se ervaring van afstandsl eer in die Baccalaureus Educationis Grondslagfase- graad

'n Groot studentetal verwerf jaarliks 'n kwalifikasie aan die Noordwes-Universiteit (NWU) deur middel van afstandsl eer. Afstandsl eerstudente aan die NWU is regoor Suid-Afrika en Namibië verspreid. Die NWU ondersteun afstandsl eerstudente deur hulle toegang te bied tot leerondersteuningsentrums waar dié studente interaktiewe witbordsessies (IWB) kan bywoon asook rekenaar- en gratis internettoegang het. Baccalaureus Educationis (BEd) Grondslagfase-afstandsl eerstudente kry voorts ook tegnologiese ondersteuning by die leerondersteuningsentrums waar opgeleide Grondslagfase-fasiliteerders teenwoordig is. Die elektroniese platform *eFundi* word gebruik om alle studiemateriaal en -inligting elektronies aan die studente beskikbaar te stel. Studente kan ook hierdie platform gebruik om opdragte elektronies in te dien en opnames van IWB-sessies te besigtig wat ná afloop van sodanige regstreekse sessies op die internet gelaai word.

'n Literatuurstudie is eers onderneem om tendense in afstandsl eer te ondersoek soos dit op internasionale sowel as nasionale vlak ervaar word. Daar is spesifiek gefokus op die uitdagings en voordele wat sowel internasionaal as nasionaal deur afstandsl eerstudente tydens die voltooiing van hulle kwalifikasie ervaar word. Literatuur het aangedui dat administratiewe en akademiese ondersteuning noodsaaklik is om die uitdagings wat met afstandsl eer verband hou, te beperk.

Hierdie studie het ten doel gehad om ondersoek in te stel na studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU. Daar is voorts drie sekondêre navorsingsdoelwitte gestel, naamlik:

- om vas te stel wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-
graad ten opsigte van administratiewe ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit
(NWU);
- om vas te stel wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-
graad ten opsigte van akademiese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU);
- om vas te stel wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-
graad ten opsigte van elektroniese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU).

Ten einde bovermelde navorsingsdoelwitte te bereik, is 'n empiriese ondersoek onderneem. 'n Kwalitatiewe benadering is in dié empiriese studie gevolg. Deelnemers is deur middel van doelgerigte ewekansige steekproefneming geselekteer. Data is ingesamel deur middel van elektroniese vraelyste bestaande uit oop-eind-vrae. Die elektroniese vraelys (in Afrikaans en Engels) is vergesel van 'n begeleidende brief om die doel van dié studie en vraelys aan die deelnemers te verduidelik. Die elektroniese vraelys het uit twee afdelings bestaan: Afdeling A (Biografiese gegewens om die deelnemersprofiel beter te verstaan); en Afdeling B (Inligting betreffende studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-
graad aan die NWU). Die vraelys is op *Google Forms* saamgestel en op *eFundi* gelaai waar die deelnemers die vraelys kon voltooi deur vrywillig op 'n skakel te kliek. Aangesien terugvoer anoniem was, het die studentedeelnemers die geleentheid gehad om openlik oor hulle ervaring van die BEd-afstandsl eerprogram te reflekteer.

Die terugontvangde vraelyste is deur middel van Atlas.ti™ geanaliseer. Koderingswoorde is geformuleer om ooreenstemmende eenhede of segmente in die transkripsies te identifiseer. Bevindinge het getoon dat afstandsl eerstudente aan dié navorsing uitdagings asook voordele ervaar het ten opsigte van die voltooiing van hulle kwalifikasie. Bevindinge van hierdie studie strook ook met relevante literatuur in die veld.

Na aanleiding van die bevindinge wat vanuit hierdie kwalitatiewe ondersoek gespruit het, is aanbevelings gemaak oor die verbetering van studente se ervaring van afstandsl eer. Hierdie aanbevelings kan deur die NWU oorweeg word ten einde die ervaring van voornemende

afstandsleerstudente te verbeter en effektiewe dienslewering te verseker sodat dié studente hulle studies suksesvol kan voltooi.

Trefwoorde: ervaring; afstandsonderrig; oop afstandsleer; Baccaureus Educationis (BEd); Grondslagfase; Grondslagfase-student; Noordwes-Universiteit (NWU); Eenheid vir Oopafstandsleer (EOAL); leerondersteuningsentrum; fasiliteerder; elektroniese leer; uitdagings tot leer

ABSTRACT

Students' experience of distance learning in the Baccalaureus Educationis Degree in the Foundation Phase

A large number of students acquire their qualifications annually at the North-West University (NWU) through distance learning. Distance learning students at the NWU are spread across South Africa and Namibia. The NWU supports distance learning students by giving them access to learning support centres where they can attend interactive whiteboard sessions (IWBs) and also have access to computers and free internet. Baccalaureus Educationis (BEd) Foundation Phase distance learning students further also receive technological support at the learning support centres where trained Foundation Phase facilitators are also present. The electronic platform *eFundi* is used to avail all study material and information electronically to students. Students can also use this platform to submit assignments electronically and to watch IWB sessions that were uploaded to the internet after such live sessions.

A literature study was first undertaken to investigate trends in distance learning as experienced on international as well as national level. The focus specifically fell on challenges and benefits of distance learning experienced by distance learning students internationally as well as nationally during the completion of their qualifications. Literature indicated that effective administrative and academic support is essential to limit the challenges related to distance learning.

The aim of this study was to investigate students' experience of distance learning in the BEd Degree in the Foundation Phase at the NWU. Three secondary objectives were further set, namely:

- to determine students' experience of distance learning in the BEd Degree in the Foundation Phase in terms of administrative support at the North-West University (NWU);

- to determine students' experience of distance learning in the BEd Degree in the Foundation Phase in terms of academic support at the North-West University (NWU);
- to determine students' experience of distance learning in the BEd Degree in the Foundation Phase in terms of electronic support at the North-West University (NWU).

In order to reach the above research objectives, an empirical investigation was undertaken. A qualitative approach was followed in this empirical investigation. Participants were selected by means of purposeful random sampling. Data were collected by means of electronic questionnaires comprising open-ended questions. The electronic questionnaire (available in Afrikaans and English) was accompanied by a letter to explain the purpose of this study and questionnaire to the participants. The electronic questionnaire included two sections: Section A (Biographical information to understand the participant profile); and Section B (Information on students' experience of distance learning in the BEd Degree in the Foundation Phase). The questionnaire was compiled on *Google Forms* and uploaded to *eFundi* where students could complete the questionnaire by voluntarily clicking on a link. As their feedback was anonymous, the student-participants had the opportunity to reflect honestly about their experience of the BEd distance learning programme.

The returned questionnaires were analysed through Atlas.ti™. Code words were formulated to identify corresponding units or segments in the transcripts. Findings indicated that distance learning students in this study experienced challenges as well as benefits with regard to the completion of their qualification. Findings of this study also correspond with relevant literature in the field.

Based on the findings that emerged from this qualitative study, recommendations were also made for improving students' experience of distance learning. These recommendations could be considered by the NWU so as to improve the experience of prospective distance learning students and to provide effective service delivery so that these students can complete their studies successfully.

Keywords: experience; distance learning; open distance learning; Baccalaureus Educationis (BEEd); Foundation Phase; Foundation Phase student; North-West University (NWU); Unit for Open Distance Learning (UODL); learning support centres; electronic learning; barriers to learning

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
BEDANKINGS.....	ii
OPSOMMING	iii
ABSTRACT	vi
LYS VAN TABELLE	xv
LYS VAN FIGURE.....	xvi
LYS VAN AFKORTINGS EN AKRONIEME	xvii
HOOFSTUK 1	1
INLEIDING, BEGRIPSVERKLARING, ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 INLEIDING	2
1.2 BEGRIPSVERKLARINGS.....	2
1.2.1 Ervaring.....	3
1.2.2 Afstandsonderrig	3
1.2.3 Afstandsleer	4
1.2.4 Oop afstandsleer.....	4
1.2.5 Baccalaureus Educationis (BEd)	5
1.2.6 Grondslagfase.....	6
1.2.7 Grondslagfase-student	6
1.2.8 Die Noordwes-Universiteit (NWU)	7

1.2.9 Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL)	7
1.2.10 Leerondersteuningsentrum	8
1.2.11 Fasiliteerder	8
1.2.12 Elektroniese leer (e-leer).....	9
1.2.13 eFundi	10
1.2.14 Uitdagings tot leer.....	10
1.3 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING	11
1.4 NAVORSINGSVRAAG	13
1.5 DOEL VAN DIE NAVORSING	14
1.6 NAVORSINGSONTWERP	16
1.6.1 Metodologie.....	16
1.6.1.1 Seleksie van deelnemers.....	17
1.6.1.2 Data-insamelingsmetode	17
1.6.1.3 Data-analise	18
1.7 GELOOFWAARDIGHEID EN BETROUBAARHEID	18
1.8 ETIESE ASPEKTE VAN DIE NAVORSING.....	19
1.9 ROL VAN DIE NAVORSER.....	19
1.10 HOOFSTUKINDELING	20
1.11 SAMEVATTING	20
HOOFSTUK 2.....	22
AFSTANDSLEER	22
2.1 INLEIDING	23
2.2 AFSTANDSLEER.....	23

2.2.1 Afstandsl eer: internasionaal	23
2.2.1.1 Afstandsl eer as deel van die IDEAL-projek.....	24
2.2.1.2 Indië	35
2.2.1.3 Swede	37
2.2.1.4 Indonesië.....	40
2.2.2 Afstandsl eer: Nasionaal	46
2.2.2.1 Afstandsl eer aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA).....	46
2.2.2.2 Afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Suid-Afrika.....	50
2.3 SAMEVATTING VAN INTERNASIONALE EN NASIONALE TENDENSE IN AFSTANDSLEER.....	52
2.4 SAMEVATTING	67
HOOFSTUK 3.....	69
NAVORSINGSONTWERP, NAVORSINGSMETODOLOGIE EN NAVORSINGSMETODE	69
3.1 INLEIDING	70
3.2 WÊRELDBESKOUI NG VIR DIE STUDIE	70
3.3 EENHEID VAN ANALISE	71
3.4 PROBLEEMSTELLING	72
3.5 NAVORSINGSVRAAG.....	72
3.6 DOEL VAN DIE NAVORSING	73
3.7 NAVORSINGSONTWERP	73
3.7.1 Ontologiese benadering	74
3.7.2 Epistemologie.....	75
3.7.3 Metodologie.....	76

3.7.3.1	Fenomenologie.....	77
3.7.3.2	Metateoretiese paradigma: Interpretivisties.....	78
3.7.3.3	Metodologiese paradigma: kwalitatiewe navorsingsbenadering.....	79
3.7.4	Navorsingsmetode	80
3.7.4.1	Populasie en deelnemers	81
3.7.4.2	Die elektroniese vraelys as data-insamelingsinstrument.....	83
3.7.4.3	Ontwikkeling van die vraelys.....	84
3.7.4.4	Struktuur en inhoud van die vraelys.....	85
3.7.4.5	Voltooing en interpretasie van die vraelys.....	86
3.8	GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE.....	89
3.9	KRISTALLISASIE.....	90
3.10	ETIESE ASPEKTE VAN DIE NAVORSING.....	91
3.11	DATA-ANALISE	93
3.11.1	Induktiewe tematiese analiseproses	93
3.11.2	Gebruik van Atlas.ti™ vir data-analise	97
3.12	SAMEVATTING	97
	HOOFSTUK 4.....	99
	DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE	99
4.1	INLEIDING	99
4.2	KONTEKSTUALISERING	99
4.3	DATA-ANALISE	100
4.3.1	Data-analise van Afdeling A: Biografiese inligting van die deelnemers.....	101
4.3.2	Analise van Afdeling B	105

4.3.2.1 Bespreking van temas, subtemas, kategorieë en kodes	105
4.3.3 Teenstrydighede uit die data	143
4.4 SAMEVATTING	146
HOOFSTUK 5	151
SAMEVATTING, BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.....	151
5.1 INLEIDING	151
5.2 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE	151
5.3 BEVINDINGE	152
5.3.1 Administratiewe voordele en uitdagings	153
5.3.2 Akademiese voordele en uitdagings.....	155
5.3.3 Tegnologiese voordele en uitdagings	157
5.3.4 Persoonlike voordele en uitdagings.....	160
5.4 GEVOLGTREKKINGS	161
5.5 AANBEVELINGS	163
5.5.1 Aanbevelings met betrekking tot administrasie.....	163
5.5.2 Aanbevelings met betrekking tot akademie	164
5.5.3 Aanbevelings met betrekking tot tegnologie	165
5.5.4 Aanbevelings met betrekking tot persoonlike aspekte	167
5.6 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE.....	167
5.7 WAARDE EN BYDRAE VAN DIE NAVORSING TOT AFSTANDSLEER.....	168
5.8 AANBEVELINGS TOT VERDERE NAVORSING	169
5.9 BYDRAE VAN DIE STUDIE TEN OPSIGTE VAN LEERERVARING.....	169
5.10 SLOTOPMERKING	170

BRONNELYS	171
ADDENDUM A	183
AANSOEK OM TOESTEMMING OM NAVORSING UIT TE VOER (DEKAAN VAN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE)	183
ADDENDUM B	186
AANSOEK OM TOESTEMMING OM NAVORSING UIT TE VOER (UITVOERENDE DIREKTEUR VAN DIE EOAL).....	186
ADDENDUM C	189
TOESTEMMING VAN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE	189
ADDENDUM D	190
TOESTEMMING VAN DIE <i>NWU RESEARCH DATA GATEKEEPER COMMITTEE</i> OM NAVORSING UIT TE VOER	190
ADDENDUM E	191
INGELIGTE TOESTEMMING EN ELEKTRONIESE VRAELYS.....	191

LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1: Hoofstukindeling	20
Tabel 2.1: Tendense van afstandsl eer: nasionaal en internasionaal.....	53
Tabel 2.2: Voordele en uitdagings van afstandsl eer soos in die literatuur (nasionaal en internasionaal) geïdentifiseer is	61
Tabel 3.1: Stappe tydens die data-analiseproses	95
Tabel 4.1: Uitdagings van afstandsl eer (subtemas, kategorieë en kodes)	106
Tabel 4.2: Tema 2: Voordele van afstandsl eer (subtemas, kategorieë en kodes).....	128

LYS VAN FIGURE


Figuur 1.1: Uitleg van hoofstuk 1	1
Figuur 1.2: Diagrammatiese voorstelling van navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie en navorsingsmetode.....	15
Figuur 2.1: Uitleg van hoofstuk 2	22
Figuur 3.1: Diagrammatiese voorstelling van navorsingsontwerp, -metodologie en -metode	69
Figuur 3.2: Diagrammatiese voorstelling van die navorsingsontwerp.....	74
Figuur 3.3: Diagrammatiese voorstelling van die metodologie	78
Figuur 3.4: Navorsingsmetode, populasie en deelnemers aan die navorsing	81
Figuur 3.5: Diagrammatiese voorstelling van die data-insamelingsmetode.....	83
Figuur 3.6: Diagrammatiese voorstelling van data-analise en -interpretasie	93
Figuur 3.7: Die data-analiseproses	95
Figuur 4.1: Geslag van deelnemers.....	101
Figuur 4.2: Ouderdomsverspreiding van deelnemers in jare.....	102
Figuur 4.3: Etniese groepering van die deelnemers.....	103
Figuur 4.4: Werksituasie van deelnemers.....	104
Figuur 4.5: Tema 1: Uitdagings wat tydens afstandsl eer ervaar word.....	107
Figuur 4.6: Voordele wat tydens afstandsl eer ervaar word	129

LYS VAN AFKORTINGS EN AKRONIEME

BEd	<i>Baccalaureus Educationis</i>
DHOO	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
DvBO	Departement van Basiese Onderwys
e-leer	elektroniese leer
EOAL	Eenheid vir Oop Afstandslaar
FO	Fakulteit Opvoedkunde
FOW	Fakulteit Opvoedingswetenskappe
IDEAL	<i>Impact of Distance Education and Adult Learning</i>
IGNOU	<i>Indira Gandhi National Open University</i>
IWB	Interaktiewe witbord
LBS	Leerbestuurstelsel / <i>Learning management system</i>
NWU	Noordwes-Universiteit
OAL	oop afstandslaar
RHO	Raad op Hoër Onderwys
SADE	<i>Swedish Association for Distance Education</i>
SIAS	<i>Screening, Identification, Assessment and Support</i>
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UT	Universitas Terbuka
VK	Verenigde Koningryk

HOOFSTUK 1

INLEIDING, BEGRIPSVERKLARING, ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING



Figuur 1.1: Uitleg van hoofstuk 1

1.1 INLEIDING

Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) (DHET, 2014) voltooi tweevyftes van studente wat aan Suid-Afrikaanse universiteite studeer hulle kwalifikasies deur middel van afstandsl eer. Afstandsl eer is 'n aflewering smodus wat fokus op die ondersteuning en bied van onderrig- en leerstrategieë aan studente wat nie voltyds op kampus aan 'n universiteit kan studeer nie. Afstandsl eer bied studente die geleentheid om die kurrikulum by 'n spesifieke leerondersteuningsentrum, verwyderd van die universiteitskampus, óf selfs tuis, te deurloop (DHET, 2014).

Leerondersteuningsentrums by die Noordwes-Universiteit (NWU) verwys na die sentrums wat deur afstandsl eerstudente gebruik word om interaktiewe witbord-klasse (IWB) by te woon. Interaktiewe witbordsessies word regstreeks uitgesaai deur NWU-dosente vanaf die Potchefstroomkampus na die betrokke leerondersteuningsentrum (vgl. par. 1.2.8 & 1.2.9).

Op 21 Oktober 2016 was daar 'n totaal van 34 832 opvoedkundestudente aan die Potchefstroomkampus van die NWU geregistreer, onder wie 31 706 afstandsl eerstudente en slegs 3 126 voltydse studente was (NWU, 2017). Aangesien die oorgrote meerderheid studente in die Fakulteit Opvoedkunde (FO) deur middel van afstandsl eer hul kwalifikasies verwerf, is dit belangrik dat die gehalte van afstandsl eerprogramme voortdurend gemoniteer moet word (DHET, 2014). Volgens Ferreira en Venter (2011:1) kan afstandsl eerstudente wat kontakssessies by verskeie leerondersteuningsentrums bywoon moontlik heelwat uitdagings tydens afstandsl eer ervaar. Dit is belangrik dat universiteite stelsels daarstel om te verseker dat hierdie uitdagings wat tydens afstandsl eer ervaar word moontlik oorkom kan word.

1.2 BEGRIPSVERKLARINGS

As deel van die navorsing word daar na verskeie relevante begrippe verwys wat vervolgens bespreek en verklaar sal word. Hierdie begrippe sal fokus op dié studie, naamlik studente se ervaring van afstandsl eer in die Baccalaureus Educationis (BEd) Grondslagfase-graad aan die NWU.

1.2.1 Ervaring

Ervaring word omskryf as 'n bepaalde persoonlike gebeurtenis wat 'n persoon ondervind het. Ervaring is 'n proses wat persoonlik waargeneem kan word. Dit sluit in die waarneming van aspekte wat oor 'n verloop van tyd plaasgevind het of praktiese wysheid wat voortspruit uit iets wat waargeneem of teëgekomp is. Die filosofie van ervaring is die totaliteit van die erkenning wat deur persepsie opgemerk, verstaan en onthou word, asook die proses van dinge wat gedoen en gesien word en wat met jou gebeur het (Vyas & Van der Veer, 2005:1-4). 'n Ervaring word voorts beskryf as vaardighede en kennis wat 'n mens opbou deur 'n aksie wat uitgevoer is. Dit sluit ook in direkte waarneming van of deelname aan 'n gebeurtenis wat as basis kan dien om kennis op te bou. Praktiese kennis en vaardighede ontwikkel deur direkte waarneming van of deelname aan 'n gebeurtenis (Mindrup, 2012:4-27). Vir die doel van dié studie is daar gefokus op studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad. Afstandsonderrig, afstandslereer en oop afstandslereer sal vervolgens bespreek word.

1.2.2 Afstandsonderrig

Volgens die DHO (2014:11) word afstandsonderrig gedefinieer as 'n modus van aflewering wat hoofsaaklik gebaseer is op 'n stel onderrig-leerstrategieë wat gebruik kan word om ruimtelike en/of transaksionele afstand tussen onderriggewers en studente te oorkom (DHET, 2014:11). Afstandsonderrig oorbrug klasbywoning by 'n vasgestelde lokaal vir spesifieke periodes. Afstandsonderrig het ten doel om 'n gehalte leeromgewing te skep deur van toepaslike hulpmiddels soos media, tutoriale ondersteuning, portuurgroepbesprekings en praktiese sessies, gebruik te maak (DHET, 2014:11; Simonson, 2013). Afstandsonderrig skep die geleentheid vir onderrig deur dosente/onderwysers aan studente wat nie voltyds kan studeer nie (Lunyal, 2011:20-21). Afstandsonderrig beteken dus dat die studente oor 'n afstand leer, verwyderd van die instelling wat onderrig bied (Simonson, 2013).

1.2.3 Afstandsleer

Afstandsleer word omskryf as die leergeleentheid wat 'n persoon die geleentheid bied om te kan studeer indien só 'n persoon van 'n hoër onderwysinstelling verwyderd is (Simonson, 2013). Afstandsleer stel die student in staat om op sy/haar eie tyd vanuit die gemak van sy/haar eie omgewing te kan studeer (Lunyal, 2011:20-21) (vgl. par. 2.2). Afstandsleer skep buigsame leergeleenthede vir studente en oorbrug uitdagings, wat onder meer tyd en plek kan insluit (DHET, 2014:11). Ally en Khan (2015:5) verwys na afstandsleer as 'n metode van leer waar studente teen hulle eie pas en binne hul eie ruimte kan studeer. Simonson (2013) omskryf voorts die term afstandsleer as 'n metode van leer waar daar gebruik gemaak word van tegnologie, soos e-pos as kommunikasiemiddel en die internet om klasse (lesings) te ontvang plaas van direkte kommunikasie waar dosente en studente mekaar in die klaskamer sou ontmoet. Studente is dus geografies afgeleë van die universiteit, dosent en ander studente (Talbot, 2010:5-9).

Aan die NWU word afstandsonderrigklasse deur dosente in Potchefstroom aangebied en regstreeks uitgesaai na 63 leerondersteuningsentrums, waar studente die IWB-klasse kan bywoon. Die klasse word ook opgeneem en deur middel van *Panopto* op die internet gelaai sodat studente wat nie 'n klas kon bywoon nie daarna kan kyk en te eniger tyd die lesing kan herbesoek en herbekyk. Afstandsleerstudente aan die NWU kan by 63 leerondersteuningsentrums in Suid-Afrika en Namibië 'n kwalifikasie teen sy/haar eie pas voltooi. Vir die BEd-program word slegs 23 van dié sentrums as leerondersteuningsentrums gebruik, aangesien studente slegs by die sentrums geregistreer is.

Vir die doel van hierdie studie is daar gefokus op die BEd Grondslagfase-afstandsleerprogram waartydens daar gebruik gemaak word van die internet, e-pos, IWB-uitsendings en opnames van die klasse wat uitgesaai word (vgl. par. 2.2.2.2).

1.2.4 Oop afstandsleer

Die *Impact of Distance Education and Adult Learning project* (IDEAL-projek) (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015), soos ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Departement van Hoër Onderwys

en Opleiding (DHET, 2014:11), omskryf oop afstandsl eer en afstandsl eerbenaderings as benaderings wat fokus op die opening van toegang tot onderrig en opleiding.

Oop afstandsl eer word omskryf as 'n administratiewe sisteem wat bedryf word en studente die geleentheid bied om op enige gegewe tyd van die jaar aansoek te doen om aan die begin of middel van die jaar te registreer om hulle gekose studies te onderneem, mits hulle aan die minimum vereistes voldoen. Vandaar die benaming *oop afstandsl eer*.

Aan die NWU kan die student op enige tydstep van die jaar aansoek doen vir verskeie afstandsl eerprogramme. Die BEd-afstandsl eerprogram vereis slegs eenmalige registrasie aan die begin van die jaar en die program word nie as 'n oopprogram bestuur nie. Weens kapasiteit, logistieke uitdagings en belyning van die BEd-kontak- en afstandsl eerprogram, word die BEd-graad deur middel van afstandsl eer nie as 'n oopstelsel bestuur waar studente ook in die tweede semester met hulle studies kan begin nie (vgl. par. 2.2.2.2).

1.2.5 Baccalaureus Educationis (BEd)

Die BEd-graad is 'n inisiële professionele kwalifikasie vir onderwysers wat grade R–12 wil onderrig. Die doel van dié graad is om gekwalifiseerde professionele onderwysers op te lei wat oor gefokusde kennis en vaardighede sal beskik. Die BEd-graad bied aan studente die geleentheid om in verskillende fases te spesialiseer. Die verskillende fases word geklassifiseer as die Grondslagfase (Graad R–3), Intermediêre fase (Graad 4–7), Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleidingsfase (Graad 7–12) (DHET, 2014:16-46; DHET, 2015:3). Vir die doel van dié studie is daar slegs op die BEd Grondslagfase-graad gefokus, aangesien dié fase as voorloper in 2016 die eerste keer as 'n belynde (kontak- en afstand-) graad by NWU op afstand- en kontakmodus presies dieselfde afgelewer word.

1.2.6 Grondslagfase

Volgens die Departement van Basiese Onderwys (DBO) (DBE, 2010) is die Grondslagfase 'n sambreelterm vir onderrig in graad R¹ (ontvangsjaar of aanvangsjaar) tot en met Graad 3. 'n BEd Grondslagfase-graad berei studente voor om van graad R–3 te kan onderrig. Graad R is die jaar waarin 'n kind op 'n informele wyse en binne 'n veilige omgewing behoort te leer en ontwikkel (Ally & Khan, 2015:10) en word by die formele opleiding van Grondslagfase-onderwysers ingesluit. Die Grondslagfase vorm deel van vroeë kinderontwikkeling (VKO) (*early childhood development*, ECD), wat verwys na die proses waar die leerders tussen nul en negejarige ouderdom op fisieke, geestelike, emosionele, morele en sosiale gebied groei en ontwikkel (UNESCO, 2012). In hierdie studie is daar gefokus op die afstandsléerstudent wat spesifiek vir die BEd Grondslagfase-graad geregistreer is.

1.2.7 Grondslagfase-student

'n Grondslagfase-student is 'n persoon wat onderwys studeer om leerders van vyf tot nege jaar in Graad R–3 (d.w.s. die Grondslagfase) te onderrig. Die Grondslagfase-student het intensiewe gespesialiseerde kennis nodig om lees, skryf en gesyferdheid te onderrig, aangesien hierdie studente al vier vakke (Huistaal, Eerste Addisionele Taal [Graad 1–3], Wiskunde en Lewensvaardighede) aan leerders in Graad R–3 moet onderrig. Hierdie onderwysers moet voorts ook die sleutelkonsepte en vaardighede by Grondslagfase-leerders ontwikkel wat die grondslag sal vorm vir alle toekomstige leer en dié leerders se loopbaansukses kan beïnvloed (DHET, 2014:23).

¹ Daar word na graad R in Engels verwys as *Reception Year* – ontvangsjaar wat die begin is van die Grondslagfase.

1.2.8 Die Noordwes-Universiteit (NWU)

Die Noordwes-Universiteit (NWU) bestaan uit drie kampusse, naamlik: die Mafikeng- en Potchefstroomkampus in die Noordwesprovinsie en die Vaaldriehoek-kampus in Gauteng. Vir die doel van dié navorsing is daar gefokus op die BEd Grondslagfase-graad wat deur middel van afstandsl eer aangebied word deur die Eenheid vir Oop Afstandsl eer (EOAL) wat op die Potchefstroomkampus geleë is (NWU, 2015).

1.2.9 Eenheid vir Oop Afstandsl eer (EOAL)

Die EOAL is 'n administratiewe afdeling van die NWU wat die aflewering van afstandsl programme vir verskeie fakulteite ondersteun. Volgens Spamer (2014), uitvoerende direkteur van die EOAL ten tyde van dié studie, is die NWU reeds sedert 2001 by afstandsl eer betrokke. Die EOAL is in 2012 gestig om die administratiewe komponente van afstandsl eer by die NWU te administreer. Daar word hoofsaaklik van IWB as afleweringmodus gebruik gemaak. Dosente saai regstreeks uit van die NWU (Potchefstroomkampus) via IWB-klasse na 63 leerondersteuningsentrums regoor Suid-Afrika en Namibië. Vir die BEd-program word daar van 23 van die 63 leerondersteuningsentrums gebruik gemaak, aangesien BEd-studente nie by alle leerondersteuningsentrums geregistreer is nie. Die aantal sentrums wat gebruik word kan met die tyd aangepas word en verander namate meer studente vir die BEd-graad registreer.

Klasse word tydens IWB-sessies opgeneem en word ter ondersteuning aan studente op *Panopto* beskikbaar gestel. *Panopto* is 'n sagtewaremaatskappy wat onder meer gebruik maak van les- en video-opnames vir 'n e-leeromgewing (Panopto, 2016). Die opgeneemde klasse kan in 'n latere stadium van die internet afgelaai en besigtig word indien studente nie klasse kon bygewoon nie óf om die leerinhoud in te skerp.

Studente kan ook met hul persoonlike rekenaars via *SMART Bridgit* (Smart Technologies; 2015) inskakel en die klasse regstreeks vanuit die gerief van hulle eie omgewing besigtig. *SMART Bridgit* is 'n sagtewareprogram wat gebruik word om elektronies via die internet op die klasse, wat in Potchefstroom aangebied word, in te skakel. Die EOAL het ter ondersteuning aan

afstandsl eerstudente 'n *SMART Brigit*-handleiding saamgestel om studente stapsgewys te rig met die installering van en inskakeling op klasse via dié sagtewareprogram.

1.2.10 Leerondersteuningsentrum

Die term leerondersteuningsentrum is vir die doel van dié studie gebruik. Studente aan die NWU (EOAL) kan by dié sentrums bymekaar kom om IWB-sessies by te woon. Die dosente saai IWB-sessies regstreeks uit na die betrokke leerondersteuningsentrum. Die studente kan dus by hierdie 23 BEd-leerondersteuningsentrums die klasse bywoon en interaktief deelneem deur vrae aan die dosent te rig, wat dan onmiddellik deur die dosent in Potchefstroom beantwoord word (NWU, 2016). Ten einde interaktiwiteit te bevorder kan die studente te eniger tyd by die verskeie leerondersteuningsentrums op die IWB skryf, wat dan by al die sentrums en in Potchefstroom gesien kan word. Alle studente sien wat op enige IWB by enige sentrum plaasvind. Vir verdere ondersteuning het afstandsl eerstudente toegang tot 'n mini-biblioteek by leerondersteuningsentrums, wat hulle toegang verleen tot handboeke en navorsingsmateriaal wat hulle benodig om hulle studies suksesvol te voltooi. Hierdie afstandsl eerleerondersteuningsentrums is ook toegerus met rekenaars en gratis internet (WiFi) waarvan die afstandsl eerstudent gebruik kan maak. Daar is 'n opgeleide BEd Grondslagfase-onderwyser by elke leerondersteuningsentrum wat studente kan ondersteun met navrae en hulp kan verleen met die voltooiing van opdragte. Elke sentrum het ook 'n rekenaarspesialis wat verantwoordelik is vir die tegnologie en inskakeling op die IWB-uitsendings vanaf die Potchefstroomkampus.

1.2.11 Fasiliteerder

Commonwealth of Learning (2003:5) beskryf 'n afstandsl eertutor – of soos dit by die NWU bekend staan, 'n fasiliteerder – as 'n persoon wat die volgende rol vervul: 'n persoon wat leiding aan studente tydens hulle studies bied, akademiese ondersteuning bied en assesseeur deur middel van deurlopende kontak met studente wat vir 'n spesifieke kwalifikasie ingeskryf is. Volgens die afstandsl eerbeleid van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) (University of South Africa, 2016) behels die rol van 'n afstandsl eerfasiliteerder 'n verskeidenheid van aktiwiteite wat onderrig,

afrigting, begeleiding en monitering insluit (Haughey, 2010:57). Deur middel van voorgenoemde aktiwiteite word afstandsl eerstudente deur hulle kursus begelei en die leerproses word gefasiliteer. In dié studie is die woord fasiliteerder gebruik, aangesien die fasiliteerder se funksie meer as net omsiener is: 'n fasiliteerder moedig interaktiwiteit en skakeling tussen studente en dosente aan. Fasiliteerders tree nie op as hulpdosent nie aangesien hulle nie lesings of module-inhoude aanbied nie. Studente het 24-uur-toegang tot die dosent vir ondersteuning. Tydens IWB-uitsendings ondersteun die NWU se afstandsl eerfasiliteerders studente by die verskeie leerondersteuningsentrums.

1.2.12 Elektroniese leer (e-leer)

Elektroniese leer (e-leer) word omskryf as 'n innoverende benadering vir die aflewering van 'n goed ontwerpde, studentgesentreerde, interaktiewe en gefasiliteerde leeromgewing. Studente kan op enige plek en enige gegewe tyd deur die gebruik van 'n leerbestuurstelsel (LBS, oftewel *Learning Management System* [LMS]), IWB- en digitale tegnologie tesame met ander vorme van e-leermateriaal, geskik vir die e-leeromgewing, onderrig ontvang (Ally & Khan, 2015:10; Sage South Africa, 2016). Die National School of Government (NSG, 2016) ondersteun die omskrywing van e-leer en verduidelik dat 'n groot groep studente makliker bereik kan word deur van e-leer gebruik te maak. Tydens e-leer kry studente 'n leergeleentheid wat multimodale leer insluit, waar programmateriale wat in verskeie formate ontwikkel en georden kan word, soos multimedia, video's en teks, gebruik word. Deur die gebruik van die LBS kan alle inligting wat die studente benodig om 'n kwalifikasie suksesvol te voltooi, tegnologie op enige plek en tyd bekom word. Elektroniese leerbestuurstelsels word algemeen in die hoër onderwyssektor gebruik (McGill & Klobas, 2009:496). In die NWU se BEd Grondslagfase-afstandsprogram word daar gebruik gemaak van tegnologie deur middel van IWB-uitsendings en administratiewe sowel as akademiese ondersteuning wat op die LBS-platform, eFundi, bestuur word.

1.2.13 eFundi

By die NWU word daar gebruik gemaak van 'n LBS. LBS is sagteware wat organisasies in staat stel om leeraktiwiteite te bestuur en te verhoog. LBS verwys direk na 'n platform waar aanlyn leer en samewerking tussen die dosent, student en studiemateriaal, plaasvind (Lotter, 2015; Mauri, 2017). Leer en kommunikasie wat deur middel van tegnologiegebruik plaasvind, word dus moontlik gemaak. Die LBS-platform wat deur NWU-studente gebruik word, staan bekend as eFundi. Binne eFundi is daar vir sowel kontak- as afstandsléerstudente aanlyn hulpmiddels, onder meer aankondigings, aanlyn e-toetse en artikels, wat gebruik kan word om onderrig en leer interaktief te laat plaasvind. Die eFundi-platform vir kontak- en afstandsprogramme is belym met noodsaaklike inligting. Die voordeel van 'n LBS-platform is dat alle afstandsléerstudente onmiddellik inligting en kommunikasie, soos aankondigings van die dosent en die NWU, kan ontvang. Artikels en studiemateriaal kan ook op die LBS-platform gelaai word.

1.2.14 Uitdagings tot leer

Volgens Weeks en Erradu (2013:9) word uitdagings tot leer beskryf as hindernisse tot leer wat in breë terme groepe of individue identifiseer wat sosiale ondersteuning en spesiale onderrigdienste benodig om normale, alledaagse take te voltooi. Hindernisse verwys na alle sistemiese, maatskaplike, pedagogiese en intrinsieke faktore wat leer en ontwikkeling kan belemmer. Swart en Pettipher (2016:11-19) verwys na die term hindernis tot leer as enige faktor wat die student se toegang en sukses tot leer moontlik kan verhinder of belemmer. Daar is bevind dat afstandsléerstudente groter uitdagings as kontakstudente ervaar, aangesien afstandsléerstudente ouer, werkende persone is en kontakstudente gewoonlik tradisionele studente is wat direk ná skool gaan studeer (Bell & Chris 2016:190; De Hart *et al.*, 2015:18-45; Kassandrinou *et al.*, 2014:26-42). In dié studie is daar na hindernisse verwys as uitdagings wat studente moontlik tydens afstandsléer kan ervaar.

1.3 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING

Die Baccalaureus Educationis-graad (BEd) in die Grondslagfase is vir die eerste keer in 2016 via afstandsl eer by die NWU aangebied. Die NWU moet verseker dat die leerervaring van en ondersteuning aan afstandsl eerstudente sal bydra tot die suksesvolle voltooiing van dié kwalifikasie. Ten einde waardevolle ondersteuning aan die NWU se BEd-afstandsl eerstudente te bied, is dit belangrik om ondersoek in te stel na die ervarings van dié studente tydens hul studies. Dit is nodig om die ervarings van studente te ondersoek om te bepaal op watter aspekte voortgebou moet word asook watter veranderinge aangebring kan word ten einde studente se leerervarings te versterk. Die bevindinge kan moontlik in die toekomst gebruik word om die afstandsl eerproses vir dié studente te vergemaklik en sodoende aan studente die nodige ondersteuning te bied om suksesvol 'n kwalifikasie via afstandsl eer te voltooi.

Aan die einde van 2015 het die navorser 'n hulpsdiens vir addisionele ondersteuning aan afstandsl eerstudente by die EOAL ingestel. Met dié aanvullende ondersteuning kan studente op die EOAL-webtuiste 'n vorm invul wat direk na die hulpsdiens se e-posadres gestuur word. Op dié wyse kon probleme wat studente beleef geïdentifiseer word en studente-ondersteuning kon verbeter word. Tydens die hantering van die studenteversoeke het die navorser tot die besef gekom dat afstandsl eer 'n unieke uitdaging vir studente inhou wat met eiesoortige ondersteuning gepaard gaan, soos ook in die literatuur gemeld word (Visser *et al.*, 2012:39). Ten tyde van sy/haar studies het elke afstandsl eerstudent 'n unieke ervaring van sy afstandsl eerbetrokkenheid. Dit blyk gevolglik belangrik te wees om ondersoek in te stel na die wyse waarop studente afstandsl eer ervaar. Die navorser is van mening dat universiteite vanuit dié studente se oogpunt na die aflewering van programme deur middel van afstandsl eer moet kyk om sodoende die suksesvolle aflewering van kwalifikasies te bevorder en te verseker dat studente 'n positiewe leerervaring sal beleef.

Afstandsl eer behoort sodanig bedryf en bestuur te word dat studente se ervarings daarvan positief is. Moontlike beperkinge wat studente kan ervaar – onder meer klasbywoning, kostes en afstand – moet oorbrug word (Ferreira & Venter, 2011:1). Ferreira en Venter (2011:2) beskryf

tradisionele afstandsl eer as onderrig wat slegs op die uitruiling van papiergebaseerde studiemateriaal gebaseer was. Die era van toegang tot multimedia het bygedra tot die oorbrugging van sodanige beperkinge wat tradisioneel deur afstandsl eerstudente ervaar is (Visser *et al.*, 2012:17) (High Level Group on the Modernisation of Higher Education 2013:10).

Nieteenstaande ontwikkeling en tegnologie is Zuhairi *et al.* (2013:1199, 1201) van mening dat afstandsl eerstudente steeds spesiale en addisionele ondersteuning en dienste benodig weens hulle unieke behoeftes en karaktereienskappe. Afstandsl eerstudente is soms werkende persone wat deelyds vanaf hulle werksplek of huis studeer en aan wie studente-ondersteuning gebied moet word om suksesvolle leer te fasiliteer (Zuhairi *et al.*, 2013:1199). Volgens Hummel (2014:3) kan afstandsl eerstudente moedeloos raak weens 'n tekort aan ondersteuningsdienste wat onder meer 'n gebrek aan administratiewe ondersteuning en hoë kostes vir naskoolse studies, wat die betaling van fooie en eksamenaflegging insluit, behels. Studente ervaar ook akademiese probleme soos die gebrek aan persoonlike aangesig-tot-aangesig-kontak ("*face-to-face contact*") met dosente, die afwesigheid van studiegroepe, beperkte biblioteekgeriewe en betroubare internettoegang en e-posdienste. Hummel (2014:5) lig ondersteuning van afstandsl eerstudente as 'n groot uitdaging uit, aangesien daar nie daaglikse aangesig-tot-aangesig-kontak tussen dosente en studente is nie. Die afstandsl eerstudent is gevolglik geïsoleerd en verwyderd van die kontak en ondersteuning wat kontakstudente daagliks ervaar.

Die BEd Grondslagfase-graad word sedert 2016 deur middel van kontak- en afstandsl eermodus by die NWU aangebied. Die studente en dosente wat by die BEd-graad betrokke is maak gebruik van e-leer. Hulle maak via die internet gebruik van die eFundi-leerondersteuningsplatform (vgl. par. 2.2.10). Die gebruik van e-leer en die e-leerplatform bied ook eiesoortige uitdagings aan studente. Alhoewel e-leer toeganklikheid tot ondersteuning bied en die afstand tussen student en dosent of die universiteit verklein, bied die bedryf daarvan sy eie uitdagings. Hoe vroeër probleme wat studente ondervind word geïdentifiseer en aangeroeer kan word, hoe meer vaartbelyn sal studente hulle studies ervaar. Studente sal ten volle ondersteun kan word om te verseker dat hulle 'n positiewe ervaring van afstandsl eer het en hulle kwalifikasie suksesvol kan voltooi. Die

NWU het gevolglik verskeie pogings aangewend om studente te ondersteun en te verseker dat hulle leerervaring positief is. Hoewel inligtingsessies en 'n verskeidenheid van ondersteuningsmiddele daargestel is – soos die inbelsentrum, lesingopnames, elektroniese platform (eFundi), die hulpdiens en kontak met dosente (vgl. par. 2.2.2) – is daar steeds onsekerheid aangaande in watter mate die ondersteuning voldoende en suksesvol is. Die navorsing het dus ten doel gehad om studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad aan die NWU te bepaal. Hierdie bevindinge sal gebruik kan word om 'n positiewe bydrae te lewer tot die effektiewe implementering en ontwikkeling van ondersteuningstelsels in die aanbieding van huidige en toekomstige afstandsprogramme.

1.4 NAVORSINGSVRAAG

Die fokus van dié studie was om studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad aan die NWU te bepaal. Die volgende navorsingsvraag het vanuit dié fokus gespruit:

Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad aan die Noordwes- Universiteit (NWU)?

Die volgende sekondêre en verbandhoudende navorsingsvrae het vanuit hierdie primêre navorsingsvraag ontstaan:

- Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad ten opsigte van administratiewe ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?
- Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad ten opsigte van akademiese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?
- Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad ten opsigte van elektroniese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

Teen die agtergrond van bogenoemde vrae word die doel van die navorsing vervolgens omskryf.


1.5 DOEL VAN DIE NAVORSING

Ter aansluiting by die bogenoemde primêre navorsingsvraag was die primêre doel van hierdie navorsing om studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) te bepaal.

Onderliggend aan die primêre navorsingsdoel, is die volgende sekondêre navorsingsdoelwitte gestel:

- om vas te stel wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van administratiewe ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU);
- om vas te stel wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van akademiese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU);
- om vas te stel wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van elektroniese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU).

Bogenoemde navorsingsdoelwitte is binne hierdie navorsing aangeroeer. Vervolgens word die navorsingsontwerp – wat die metodologie en navorsingsmetode insluit – diagrammaties weergegee.



Figuur 1.2: Diagrammatiese voorstelling van navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie en navorsingsmetode

1.6 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp van 'n studie, wat kan bestaan uit 'n kwalitatiewe, kwantitatiewe of gemengde metode-ontwerp, fokus op die ontwerp, plan of metode wat tydens 'n studie onderneem word. Die navorsingsontwerp kan as 'n struktuur gebruik word en dui die teorieë, metodes en instrumente aan waarop die studie gebaseer is (Joubert *et al.*, 2016:33). Die vertrekpunt van die navorsingsontwerp is die navorsingsprobleem of navorsingsvraag, terwyl die vertrekpunt van die navorsingsmetode take soos data-insameling en data-analise behels. Binne die navorsingsontwerp word die navorsingsvrae bepaal en dit verskaf 'n uiteensetting van die soort studie wat onderneem gaan word.

Navorsing kan vanuit twee perspektiewe benader word. Hierdie perspektiewe verwys na 'n paradigma wat verklaar kan word as 'n veronderstelling of oortuiging oor wat die werklikheid behels. 'n Paradigma verteenwoordig 'n individu se wêreldperspektief en bepaal die wyse waarop die individu gebeure sal hanteer. Volgens Nieuwenhuis (2007a:48) kan 'n paradigma as 'n lens beskou word waardeur die werklikheid geïnterpreteer word. Daar word onder meer onderskei tussen die volgende metateoretiese paradigmas: positivisme, interpretivisme en konstruktivisme. Benewens die voorvermelde hoofstroomparadigmas, kan daar verder onderskei word tussen transformatiewe en pragmatiese paradigmas. Die paradigma bepaal hoe die navorsing uitgevoer moet word en hoe die navorsingsresultate geïnterpreteer moet word.

Hierdie studie is binne 'n bepaalde metodologiese kwalitatiewe paradigma uitgevoer en sal vervolgens as deel van die metodologie bespreek word.

1.6.1 Metodologie

'n Metodologiese paradigma omvat bepaalde aannames en/of veronderstellings waarop die navorsing gerig is. Vir die doel van dié navorsing is daar van 'n fenomenologiese kwalitatiewe metodologie gebruik gemaak om studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad te bepaal. Die kwalitatiewe navorsingsmetodologie was geskik vir dié navorsing aangesien 'n indiepte-onderzoek geloots is om die deelnemers se perspektief vanuit

hulle omgewing te beskou, sodat betekenis gegee kon word aan die gedrag van die deelnemers (Joubert *et al.*, 2016:110) (vgl. par 3.7.3).

1.6.1.1 Seleksie van deelnemers

In dié studie is 'n doelgerigte ewekansige gerieflikheidsteekproef gebruik (vgl. par 3.7.4.1). Die populasie was doelgerig geselekteer aangesien alle geregistreerde tweedejaar-afstandsleerstudente BEd Grondslagfase (n=482) aanlyn op die eFundi-leerbestuurstelsel (LBS), wat as administratiewe leerondersteuningsplatform gebruik word, deur die navorser uitgenooi is om aan die navorsing deel te neem (vgl. par. 3.7.4.2). 'n Uitnodiging om die vraelys te voltooi is op die eFundi-blad op die volgende datums geplaas: 14 Junie 2017, 22 Junie 2017, 6 Julie 2017, 13 Julie 2017, en weer op 2 Augustus 2017. Die *Google Forms*-skakel waarop die studente kon klik om die vraelys elektronies te voltooi, is ook op eFundi gelaai. Op 23 Augustus 2017 is die elektroniese vraelys vir deelname gesluit. In totaal het 46 deelnemers, wat 9.5% van die populasie is, vrywillig aan dié navorsing deelgeneem en die vraelys anoniem voltooi. Hierdie is 'n voldoende groep deelnemers vir die doel van kwalitatiewe navorsing.

1.6.1.2 Data-insamelingsmetode

Volgens Merriam (2009:5) is dit noodsaaklik dat die navorser gedurende die insameling en analise van data aktief betrokke is om te verseker dat die nodige aannames en teorieë uit die data verkry kan word. Dit bied die navorser die geleentheid om tot 'n dieper begrip te kom aangaande die dinamika van die situasie (Maree & Van der Westhuizen, 2007:75; Rule & John, 2011:7).

Die kwalitatiewe data-insameling het geskied deur middel van voltooiing van 'n anonieme elektroniese vraelys met oop-eind-vrae wat op eFundi op *Google Forms* beskikbaar gestel is. Elektroniese vraelyste, wat as data-insamelingsinstrument gebruik is, was vir hierdie navorsing geskik, aangesien dit goedkoop is om studente oor 'n afstand te bereik en dit deelnemers die geleentheid gebied het om oor hulle response na te dink (Joubert *et al.*, 2016:221, 317). Deelnemers kon oor hulle ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad reflekteer.

'n Kwalitatiewe navorsingsmetode was geskik om die data vir hierdie studie in te samel, aangesien daar van ryk beskrywings en woordeskat op 'n bepaalde gebied gebruik gemaak is om die ontluikende navorsingsvraag te beantwoord.

1.6.1.3 Data-analise

Die kwalitatiewe data wat deur die oop-eind-vraelyste ingesamel is, is deur middel van inhoudsanalise geanaliseer (Joubert *et al.*, 2016:117). Hierdie metode van data-insameling en -analise is 'n induktiewe proses wat deeglike beplanning en organisering van die data vereis voordat die navorsingsverslag saamgestel kan word (Merriam, 2009:176). Die inhoud van die voltooide oop-eind-vraelyste is verbatim getranskribeer, waarna datakodering en tematiese analise plaasgevind het. Temas is geïdentifiseer en bevindinge is bespreek (vgl. par 4.3.2.1, Tabel 4.1, 4.2 en Figuur 4.5, 4.6).

1.7 GELOOFWAARDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Geloofwaardigheid en betroubaarheid verwys na die soeke na die waarheid of egtheid van die navorsing (Joubert *et al.*, 2016:138; Leedy & Ormrod, 2010:92) (vgl. par. 3.8). Geloofwaardigheid van 'n navorsingstudie beteken dat daar nie 'n enkele of finale waarheid bestaan nie omdat elke navorser en deelnemers hulle eie beskouings van die navorsing, realiteite en kennis het. In dié studie het deelnemers elk hulle eie siening en kennis van die werklikheid weergegee – in hierdie geval hulle ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad – wat die geloofwaardig van die studie verhoog het.

Betroubaarheid van 'n studie word verseker indien herhaalde metings van dieselfde verskynsel met dieselfde instrument dieselfde resultate lewer (Joubert *et al.*, 2016:288; Maree, 2016:238) (vgl. par. 3.8). As deel van betroubaarheid in hierdie studie is die vertroulikheid van die deelnemers verseker deur in 'n begeleidende brief te beskryf dat etiese voorwaardes nagekom sal word en dat vertroulike inligting nie bekend gemaak sal word nie. Verder is daar in die brief aangedui dat geen instansie of persoon geïdentifiseer sal word nie en dat slegs die navorser toegang sal hê tot die reeds verwerkte data wat op die *Google-skyf* (oftewel *Google Drive*) gelaa

is. Daar is ook in die brief aangedui dat deelname aan die navorsing vrywillig was en dat deelnemers te eniger tyd aan die navorsing kon onttrek.

1.8 ETIESE ASPEKTE VAN DIE NAVORSING

Alvorens die data ingesamel is, is skriftelike toestemming eers verkry van die dekaan van Opvoedkunde (Addendum A), die uitvoerende direkteur van die EOAL (Addendum B), die navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Opvoedkunde (Addendum C), en die *North-West University Institutional Research Ethics Regulatory Committee* (NWU-IRERC), oftewel die *NWU Research Data Gatekeeper Committee* (Addendum D) (vgl. par. 3.10) en is die nodige etiese voorwaardes nagekom. Bepaalde riglyne met betrekking tot etiese aspekte tydens die beplanning, implementering en verslaggewing van dié navorsing is gevolg om deelnemers se privaatheid te beskerm. Hierdeur het die navorser gepoog om te verseker dat die deelnemers se reg op menswaardigheid, vertroulikheid en anonimiteit gehandhaaf is.

Die volgende etiese aspekte is gedurende die navorsing in aanmerking geneem:

- die deelnemers het vrywillig ingestem om deel te neem aan die studie en was bewus dat hulle te eniger tyd aan die navorsing kon onttrek sonder enige benadeling;
- die deelnemers het hulle ingeligte toestemming verleen tot die invul van die elektroniese vraelyste;
- geen persoon is deur die navorsing geïdentifiseer nie en alle inligting is vertroulik hanteer.

1.9 ROL VAN DIE NAVORSER

Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord het die navorser tydens dié studie 'n aktiewe deelnemende rol gespeel. Volgens Nieuwenhuis (2007b:79) speel die navorser in 'n kwalitatiewe navorsingstudie die rol van primêre navorsingsinstrument en is ook 'n aktiewe deelnemer in die navorsingsproses.

In dié studie was die rol van die navorser, in samewerking met die deelnemers, om data in te samel om sodoende te bepaal wat studente se ervarings is van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU.

Die navorser het self die vraelys geanaliseer om 'n eenvormige administrasieprosedures daarvan te verseker. Die lens waardeur die navorser die data besigtig kon moontlik 'n invloed hê op die interpretasie van die data, wat eiesoortig is aan die interpretivistiese benadering.

1.10 HOOFSTUKINDELING

Hoofstukke in hierdie verhandeling word soos volg uiteengesit:

Tabel 1.1: Hoofstukindeling

Hoofstuk	Hoofstuktitel
1	Inleiding, begripsverklaring, oriëntering en probleemstelling
2	Afstandsleer
3	Navorsingsontwerp, -metodologie en -metode
4	Data-analise en -interpretasie
5	Samevatting, bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings

1.11 SAMEVATTING

Die navorser het ten doel gehad om studente se ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) te bepaal. Die inleiding, begripsverklaring en oriëntering tot die studie is in hierdie hoofstuk verskaf. Die probleemstelling en motivering van hierdie studie is ook verder verskaf.

Die navorsingsontwerp, -metode, -metodologie en data-analisemethode is in die hoofstuk uitgelig en sal volledig in hoofstuk 3 bespreek word. Hierdie fenomenologiese kwalitatiewe studie is as metateoretiese paradigma/filosofie binne die interpretivistiese paradigma onderneem (Leedy & Ormrod, 2010:108) (par. 3.7).


Die deelnemers is deur middel van doelgerigte ewekansige gerieflikheidsteekproefneming geselekteer en al die geregistreerde tweedejaar-afstandsleerstudente in die BEd Grondslagfase-graad (n=482) is elektronies deur middel van die LBS, eFundi, wat as 'n administratiewe

leerondersteuningsplatform gebruik word, uitgenooi om aan die navorsing deel te neem. Die bevindinge van hierdie studie kan gebruik word om 'n positiewe bydrae te lewer tot die effektiewe implementering en ontwikkeling van ondersteuningstelsels in die aanbieding van huidige en toekomstige afstandsprogramme.

In hoofstuk 2 sal die literatuur in verband met afstandslere op nasionale en internasionale vlak bespreek word.

HOOFSTUK 2

AFSTANDSLEER



Figuur 2.1: Uitleg van hoofstuk 2

2.1 INLEIDING

Toegang tot hoër onderwysinstellings is wêreldwyd 'n uitdaging (Visser *et al.*, 2012:6-8). Een van die wyses om toegang tot hoër onderwysinstellings te verhoog, is deur middel van afstandsl eer (Visser *et al.*, 2012:6-8; Bordoloi, 2012:72). Hierdie hoofstuk fokus op tendense in afstandsl eer, nasionaal en internasionaal, asook die wyse waarop studente afstandsl eer nasionaal en internasionaal ervaar. Volgens die verslag van die *Centre for Development and Enterprise* (2011:6) wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding saamgestel is, is daar 'n groot behoefte in Suid-Afrika om meer onderwysers op te lei. In 'n poging om toegang tot hoër onderwysinstellings te verhoog asook die tekort aan opgeleide onderwysers aan te roer, het die NWU in 2016 die Baccalaureus Educationis-graad (BEd) in die Grondslagfase hersien en benewens kontakmodus, vir die eerste keer via afstandsl eer ingestel. Dié afleweringmodus gaan gepaard met sy eie pedagogie en uitdagings om studente te ondersteun om leersukses te verseker (Visser *et al.*, 2012:56).

2.2 AFSTANDSLEER

Internasionale en nasionale afstandsl eertendense sal in dié hoofstuk bespreek word ten einde te belig in watter mate die NWU aan dié tendense voldoen.

2.2.1 Afstandsl eer: internasionaal

Afstandsl eer skep 'n antwoord op die internasionale behoefte om onderrig te bied aan 'n groeiende bevolking van uiteenlopende leerders regoor die wêreld (Makoe, 2011b:2-4). Voorbeelde van internasionale universiteite wat omvangryke afstandsl eerprogramme aanbied (Visser *et al.*, 2012:5) word as maatstaf van studente se ervaring op internasionale vlak, gebruik (vgl. par. 2.2.1.1). Die navorser het ondersoek ingestel na tendense in afstandsl eer in verskeie lande, maar het nie ten doel gehad om 'n vergelykende studie uit te voer nie.

Die *Impact of Distance Education and Adult Learning* (IDEAL-projek) word wêreldwyd beskou as die voorloperprojek in afstandsl eer, aangesien hierdie projek verskeie tendense in afstandsl eer in Europese lande ondersoek het en as meesterbron en vertrekpunt vir hierdie navorsingstudie

gedien het. Die doel was nie om 'n vergelykende studie tussen universiteite en lande uit te voer nie, maar eerder om ondersoek in te stel na studente se leerervaring van afstandsonderrig wêreldwyd.

Tydens hierdie projek is daar gefokus op tendense in afstandsl eer in lande soos Finland, die Verenigde Koninkryk (VK), Duitsland en Griekeland, wat deel vorm van die IDEAL-projek. Bykomend tot die IDEAL-projek word afstandsl eer in Indië, Indonesië en Swede uitgelig omrede hierdie internasionale universiteite is wat afstandsl eerprogramme aanbied en vele studente reeds deur afstandsl eer hulle kwalifikasies aan hierdie universiteite verwerf het (Perraton, 2007:37-41).

2.2.1.1 Afstandsl eer as deel van die IDEAL-projek

Die IDEAL-projek fokus op multimodale universiteite wat onderrig op kontak- asook afstandmodus van onderrig insluit – dieselfde manier waarop die BEd Grondslagfase-graad by die NWU aangebied word. Die universiteite in Finland, die VK, Duitsland en Griekeland wat deel vorm van die IDEAL-projek het verskillende interpretasies van onderrig in oop- en -afstandsl eer. Die IDEAL-projek definieer afstandsl eer as 'n generiese term vir verskillende organisatoriese vorme van onderrig waarin studente en onderwysers/dosente in tyd en afstand geskei word. Verskillende afstandsl eermodelle word binne die projek gevolg en is gebaseer op 'n kombinasie van selfgerigte, onafhanklike, leergesentreerde, buigsame of aanlyn leer. Daar word gebruik gemaak van 'n verskeidenheid van tegnologieë, waaronder rekenaars en die internet die algemeenste is. Ondersteuning aan studente word deur middel van e-pos, telefoon en faks gebied. Die IDEAL-universiteite maak gebruik van sowel gedrukte as elektroniese aanlyn studiemateriaal en studente kan 'n keuse uitoefen oor hulle verkose tipe studiemateriaal. Elektroniese materiaal en -hulpmiddels word met behulp van 'n elektroniese LBS aan studente beskikbaar gestel. Studente gebruik ook die LBS om elektroniese opdragte in te dien. Elektroniese LBS'e word by die IDEAL-afstandsl eeruniversiteite gebruik om die voltooiing van afstandsl eer kwalifikasies te vergemaklik (Simonson, 2013; Talbot, 2010:5-9).

Die IDEAL-projek omvat aanlyn- en 'n gemengde metode-benadering tot leer (hibriede). Die gemengde metode-benadering tot leer beskryf 'n aanlyn program waar daar van aangesig-tot-aangesig-onderrig gebruik gemaak word (Talbot, 2010:5-9). Vir die doel van die IDEAL-projek is 'n program as 'n gemengde metode beskryf indien 30–79% van die program se inhoud aanlyn hanteer word. Hierdie buigsame wyse van studeer maak dit vir die student moontlik dat hy/sy self die ruimte, tyd en pas van hy/sy eie studies kan bepaal. Die onderriggewer beplan en organiseer die onderrig met die doel om studentekommunikasie en leer te ondersteun. Ander afleweringmetodes, soos gedrukte materiaal wat per pos versprei word, kan ook gebruik word om die afstand tussen die dosent en student te oorkom.

Data in die IDEAL-projek is deur middel van onderhoude en vraelyste ingesamel, en 427 afstandsléerstudente het aan die studie deelgeneem. Uit die navorsing het dit duidelik geblyk dat die volgende vernaamste redes is waarom studente van dié afleweringmodus gebruik maak: dit stel hulle in staat om tegelyk voltyds te werk en te studeer; studente het nie nodig om die huis te verlaat om te studeer nie; gesinsverpligtinge kan steeds nagekom word; studente kan binne 'n raamwerk en in die tyd tot hulle beskikking hulle studies voltooi; en afstandsléer is goedkoper as voltydse studies (Talbot, 2010:5-9; Simonson, 2013).

Studente wat deur middel van afstandsléer studeer kan moontlik steeds uitdagings ervaar. Daar moet egter in gedagte gehou word dat faktore wat as 'n uitdaging tot afstandsléer beskou word van persoon tot persoon kan verskil. Tydens dié navorsing – wat deel gevorm het van die IDEAL-projek – het studente op 'n vraelys hulle uitdagings wat ervaar is van belangrik na minder belangrik gerangskik. Hoë kostes wat met tersiêre studies gepaard gaan was die faktor wat as die mees algemene uitdaging tot leer geïdentifiseer is. Die hoë koste van tersiêre studies lei daartoe dat dit vir baie studente onmoontlik is om te studeer en 'n kwalifikasie te verwerf (Talbot, 2010:5-9; Simonson, 2013). Volgens Simonson (2013) is tyd voorts as die tweede en derde algemeenste uitdaging deur studente geïdentifiseer. Aangesien meeste van dié studente voltydse betrekkinge beklee, is daar minder tyd beskikbaar om aan hulle studies te bestee en word tyd dus as 'n groot uitdaging geklassifiseer (Talbot, 2010:5-9).

Verdere uitdagings wat tydens die projek geïdentifiseer is, was die afwesigheid van interaksie met onderriggewers en ander studente; die beperkte programme in belangstellingsvelde, tekort aan inligting oor afstandslere en vereistes dat studente fisiek teenwoordig moet wees (aangesien klasse nie noodwendig verpligtend vir afstandstudente is nie). Taylor (2006:7) het reeds in 2006 bogenoemde bevind en het aangedui dat sleutelfaktore soos kostes, buigsaamheid en die geleentheid om te kan studeer, onder meer, studente aanspoor om deur middel van afstandslere te studeer.

Tydens die IDEAL-projek was die deelnametal van studente die hoogste in Finland, die Verenigde Koninkryk (VK), Duitsland en Griekeland. Daar sal vervolgens gefokus word op dié studente se ervaringe van afstandslere.

- **Finland**

In Finland, as deel van die IDEAL-projek, is daar bevind dat afstandslere gebaseer is op 'n kombinasie van selfgerigte leer en groepsaktiwiteite. By die IDEAL-universiteite word tegnologie, waaronder rekenaars, die internet en radio-, klank- en video-opnames, gebruik. Volgens Talbot (2010:5-9) vind afstandslere plaas indien die student meestal, óf altyd, geografies verwyderd is van 'n universiteit, die dosente en ander studente. Volgens Talbot (2010:5-9), Ally en Khan (2015:5) en Simonson (2013) vind aangesig-tot-aangesig-kontak tussen student en dosent soms plaas, maar daar is oorwegend 'n afstand tussen die leeromgewing en die student.

Die Britse Ope Universiteit (*United Kingdom Open University*) het as voorbeeld gedien vir die implementering van afstandprogramme in Finland (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:67). Die afstandsonderrigprogram in Finland het as 'n klein program begin en het aangesig-tot-aangesig-onderrig tydens naweke en saans ingesluit. In die 1980's is daar met 'n weergawe van afstandslere begin waar studente onafhanklik studeer het, met gereelde aangesig-tot-aangesig-klasse wat deur studente bygewoon is.

Die verwagting was dat die nuwe afstandsleeronderrigmetode hoër onderwys vir voornemende afstandsleerstudente meer toeganklik sou maak, deelname sou verhoog en leer sou bevorder (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:67).

In Finland fokus die vereniging *Finnish Association for Distance Education* (FADE) op hoër onderwys wat deur middel van afstandsleer georganiseer en aangebied word. FADE het 'n spesiale sektor vir samewerking van hoër onderwysinstellings wat universiteite en kolleges insluit (Virtual Schools and Colleges, 2012).

FADE het ten doel om die navorsing oor die tegnieke en metodes wat deur middel van afstandsleer plaasvind, te bevorder en te ontwikkel. Indien FADE dié doelwit bereik, behoort afstandsleerstudente 'n positiewe ervaring te hê wat met min uitdagings tot leer gepaardgaan en 'n goeie leerervaring verseker.

In Finland is die aflewering van afstandsprogramme gebaseer op die kombinasie van selfgerigte leer en groepsaktiwiteite wat ondersteun word deur die interaksie tussen studiemateriaal, studente en die dosent. Tegnologie soos radio, televisie, klank- en video-opnames, rekenaars en die internet word ook gebruik. Die kurrikulum wat in Finland gevolg word, word spesifiek vir afstandsleer ontwikkel (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:7-12).

Finse studente kry studieleiding en ondersteuning van verskeie persone soos tutors (fasiliteerders) (vgl. par 1.2.1.1), medestudente, die afstandsleerkoördineerder en verteenwoordiger van die volwasse-onderrigvereniging. In Finland is die ontwikkeling van effektiewe studente-ondersteuning een van die belangrikste ontwikkelingsareas in afstandsleer. Die rol van Finse universiteite is: om die afstandsprogramme te beplan; te koördineer; dosente op te lei; studiemateriaal te ontwikkel; studieprestasie te monitor; en kwalifikasies te sertifiseer. Die ontwikkeling en ontwerp van die programme asook gehalteversekering word deur die onderskeie fakulteite by dié universiteit uitgevoer. Deeltydse dosente word vir elke program by meer as 270 leerondersteuningsentrums aangestel (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:64-71).

Dit blyk duidelik uit FADE se navorsing dat daar daarna gestreef moet word om 'n positiewe leerervaring met min uitdagings tot leer aan afstandsl eerstudente te bied. Uitdagings is tydens die navorsing deur FADE geïdentifiseer wat die leerervaring van afstandsl eer moontlik kan belemmer. Daar is spesifiek gefokus op die tekort aan persoonlike terugvoer en voorligting binne afstandsl eer. Die uitdagings wat deur FADE geïdentifiseer is, sluit onder meer die volgende in: hoë kostes en probleme wat met netwerkverbindings ervaar word; te veel "vryheid" wat die tydige voltooiing van studies bemoeilik; isolasie; persoonlike omstandighede wat daartoe lei dat die student nie sy/haar studies kan voltooi nie; probleme om werk en studies te balanseer; min tyd; geografiese afstande; en oneffektiewe ondersteuning deur werkgewers (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:39-54).

Daar is dus bevind dat studente wat uitdagings ervaar – soos om voltyds te werk, tuis na kinders moet omsien, geografies afgeleë is, afgetree is en selfs gevangenisstraf uitdien – wel deur afstandsl eer die geleentheid gegun word om 'n kwalifikasie te verwerf (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:39-54).

Volgens Talbot (2010:5-9) het daar reeds meer as 2 miljoen studente in Finland hul kwalifikasies deur middel van afstandsl eer voltooi. Die *Open University* in die VK, wat ook as voorbeeld gedien het vir die implementering van afstandprogramme, sal vervolgens bespreek word.

- **Die Verenigde Koninkryk (VK)**

Volgens Butcher en Rose-Adams (2015:128) studeer ongeveer 'n derde van voorgraadse studente in die VK via afstandsl eer. Negentig persent van hierdie afstandsl eerstudente is volwassenes. McLinden (2013:12) en Taylor (2013:3) verwys na navorsing waarin bevind is dat die meerderheid afstandstudente in die VK afstandsl eer as positief ervaar. Hierdie navorsing het verder ook aangedui dat afstandsl eerstudente uitdagings kan ervaar indien hulle tegelyk moet swot én ander verantwoordelikhede moet nakom. Volgens McLinden (2013:12) en Taylor (2013:3) is die belangrikste rede vir die keuse van afstandsl eer dat studente die geleentheid kry om te studeer en steeds hulle ander verpligtinge kan nakom.

Afstandsleer is buigsaam, dit is relatief bekostigbaar, studente het 'n begeerte om hulle vaardighede in hulle huidige werksituasie te verbeter, wat aanleiding mag gee tot bevordering en loopbaanverandering (McLinden, 2013:13).

Die *Open University* in die VK het die grootste impak op die voorsiening van afstandsleerprogramme. Universiteite wat afstandsleerprogramme aanbied verleen toegang aan studente wat nie 'n konvensionele opvoedkundige kwalifikasie sou kon verwerf nie. Dié ondersteuning aan afstandsleerstudente is van kardinale belang, aangesien die meerderheid studente voltydse betrekkinge beklee en min tyd het om te studeer. Hierdie studente beskik nie oor 'n tradisionele studie-agtergrond en die vaardighede van 'n tipiese skoolverlater nie en studeer in isolasie, wat behels dat hulle van ander studente afgesonder is en 'n selfgerigte leerbenadering moet volg (McLinden, 2013:3).

Ongeveer 600 kursusse word aan 180 000 voor- en nagraadse studente by die Ope Universiteit aangebied (Jelfs *et al.*, 2009:422; Owusu-Boampong, 2015:188). Ten einde studente te ondersteun sodat hulle 'n positiewe leerervaring kan hê, stel die Ope Universiteit tutors aan wat tydens aangesig-tot-aangesig-kontakssessies onderrig. Sodoende ken die tutors die individuele studente en word die studente persoonlik ondersteun. Elke tutor is verantwoordelik vir die nasien van 20 studente se opdragte en gee gedetailleerde terugvoer in die opdrag.

Die akademiese personeel aan die Ope Universiteit is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die akademiese materiaal en aflewingsprogramme (Jelfs *et al.*, 2009:422). Die materiaal vir die afstandsprogramme is beskikbaar in gedrukte óf elektroniese formaat. Administrasie word aanlyn hanteer en alle tutors en studente moet aanlyn toegang hê. Elke tutor word ondersteun deur toegang tot die Ope Universiteit se webblad waarop inligting vir hulle studente beskikbaar gestel word. Aanlyn hulpmiddels en aanlyn biblioteekfasiliteite is ook beskikbaar.

Die tutors verkry toegang tot die universiteit se konferensiesisteen wat hulle van 'n e-posadres voorsien om met alle studente te kan kommunikeer. Die tutor het ook toegang tot 'n reeks rekenaarkonferensies wat as aanvullende ondersteuning gebruik kan word.

Studente kan gebruik maak van 'n elektroniese opdragindieningstelsel, wat beskou kan word as die primêre ondersteuningsmiddel wat indiening van opdragte vergemaklik (Jelfs *et al.*, 2009:423). Dié opdragindieningstelsel vergemaklik die indiening van opdragte aangesien die student nie uitgawes hoef aan te gaan om opdragte per pos te stuur of by leerondersteuningsentrums in te dien nie. Verder word die indieningsproses vergemaklik deur tegnologiegebruik, aangesien die student nie gedurende werktyd na die universiteit (of sentrums) moet reis om gedrukte opdragte in te dien nie.

Die tegnologiese vaardighede van afstandslereende aan die Ope Universiteit is goed ontwikkel, maar studente beskou tegnologiegebruik tydens afstandslereende steeds as 'n uitdaging. Uitdagings kan ervaar word deur studente met onvoldoende kennis oor tegnologie en diene wat uit gemeenskappe kom waar tegnologie nie daaglik gebruik word nie (McLinden, 2013:13).

- **Duitsland**

In Duitsland is daar besluit om afstandslereende by universiteite te implementeer sodat meer studente by tersiêre studies betrek kan word (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:45). 'n Skamele 16% van die universiteite in Duitsland bied slegs programme aan wat spesifiek op afstandslereende fokus. In Duitsland kan studente kies of hulle 'n graad ten volle deur afstandslereende óf afstandslereende met ongereelde klasbywoning wil voltooi (Study Portals, 2017).

Volgens die IDEAL-verslag is die motivering vir afstandslereende in Duitsland grootliks dat studente 'n naskoolse kwalifikasie kan verwerf terwyl hulle 'n betrekking beklee en steeds hulle normale verantwoordelikhede kan nakom. Daar is voorts ook bevind dat afstandslereende ouer is as die tradisionele studente wat direk ná skool gaan studeer (Bell & Chris, 2016:190).

Volgens Owusu-Boampong en Holmberg (2015:203-204) is daar verskeie uitdagings tydens die verloop van die IDEAL-projek geïdentifiseer wat afstandslereende in Duitsland beïnvloed. Van die uitdagings wat tydens die IDEAL-projek geïdentifiseer is, sluit onder meer in: hoë studiekostes; isolasie van studente; 'n gebrek aan terugvoer aan studente; gebrek aan aangesig-tot-aangesig-kontak; en ondersteuning vanaf en ervaring van dosente wat by aangebiede sessies betrokke is.

Bennett (2006: 51-60) se bevindinge word in die IDEAL-projek deur Owusu-Boampong en Holmberg (2015:203-204) ondersteun en dui spesifiek aan dat afstandsléerstudente in Duitsland isolasie, afstand en toegang tot biblioteekfasiliteite wat minimaal beskikbaar is aangetoon het as uitdagings in afstandsléer. Bennett (2006: 51-60) dui verder aan dat die uitdaging van isolasie soms as 'n voordeel beskou kan word, aangesien isolasie kan bydra tot konsentrasie. Afstandsléer in Duitsland volg 'n buigsame selfgerigte leerbenadering en daar word gebruik gemaak van die internet en 'n elektroniese platform om van die uitdagings wat ervaar word, te oorkom.

Volgens Bennett (2006: 51-60) het begrotingverlagings by universiteite in Duitsland 'n groot impak op afstandsléerstudente, omrede personeel afgeskaal word en die student-personeel-verhouding verhoog, wat verswakte akademiese dienslewering tot gevolg het. Valasidou en Makrdiou-Bousiou (2006:1-12) dui verder aan dat spoedige terugvoer tussen dosente en studente as verdere faktore aangedui kan word wat die sukses van afstandsléer kan beïnvloed. 'n Uitdaging wat deur afstandsléerstudente geïdentifiseer is, is dat die opleiding van dosente asook die ontwikkeling van programme nie spesifiek vir afstandsléer aangepas is nie (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:204). 'n Verdere uitdaging is dat gedrukte en elektroniese studiemateriaal nie gebruikersvriendelik is vir afstandsléer nie.

Bevindinge in die IDEAL-projek het getoon die studente administratiewe ondersteuning as positief ervaar. Tutors is by die verskillende leerondersteuningsentrums beskikbaar om afstandsléerstudente te ondersteun, al is die studente vêr van die sentrums woonagtig (Bennett, 2006: 51-60). Geografiese afstande word dus ook as 'n uitdaging beskou, wat oorbrug kan word met goeie ondersteuning deur die universiteit. Studente het ook aangedui dat studiemateriaal hulle binne 'n redelike tydperk bereik, wat as goeie administratiewe ondersteuning beskou kan word (Bennett, 2006:51-60).

Afstandsléer in Duitsland het ontstaan om te voorsien in die behoefte om aan meer studente die geleentheid te bied om 'n naskoolse kwalifikasie te verwerf vir wie dit andersins nie moontlik sou wees nie.

Dié afstandsléerstudente ontvang ondersteuning by leerondersteuningsentrums. Afstandsléerstudente in Duitsland ervaar hierdie ondersteuning as positief. Verswakte akademiese dienslewering en programme en studiemateriaal wat nie spesifiek vir afstandsléer aangepas is nie, is egter as uitdagings deur afstandsléerstudente in Duitsland uitgelig (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:204).

As deel van die IDEAL-projek word daar vervolgens op afstandsléer in Griekeland gefokus.

- **Griekeland**

Volgens Valasidou en Makrdiou-Bousiou (2006:1-12) is die *Hellenic Open University* die eerste Universiteit wat in 1998 in Griekeland gestig is om die geleentheid aan volwasse leerders te bied om oor 'n afstand te studeer (Owusu-Boampong & Holmberg, 2015:45). *Hellenic Open University* bied ses voorgraadse en 27 nagraadse kwalifikasies via afstandsléer aan. Reeds in 2015 was daar ongeveer 31 000 geregistreerde studente. Vir voorgraadse programme word daar vir afstandsléer aangesig-tot-aangesig-kontakssessies in agt dorpe regoor Griekeland aangebied. Studente is nie verplig om hierdie kontakssessies by te woon nie, maar dit is studente se verantwoordelikheid om die modules te voltooi met ondersteuning van die dosent en tutors (Valasidou & Makrdiou-Bousiou, 2006:1-12). Elke tutor is in 'n spesifieke area vir ongeveer 32 studente verantwoordelik. Die akademiese verantwoordelikheid en koördinerings van tutors vir 'n spesifieke module bly die verantwoordelikheid van die akademiese personeel wat by die Universiteit aangestel is (Valasidou & Makrdiou-Bousiou, 2006:1-12).

Die *Hellenic Open University* ontwikkel programme met die fokus op afstandsléer, waar studente gebruik kan maak van boeke, studiegidses en oudiovisuele materiaal en per telefoon, faks, e-pos en briewe per die pos met tutors kan kommunikeer indien persoonlike afsprake nie nagekom kan word nie. Studente voltooi tussen vier en ses opdragte per module en lê ná afloop van elke module 'n skriftelike eksamen af.

Tydens die IDEAL-projek het studente in Griekeland aangedui dat die geografiese afstande tussen studente 'n kommunikasieprobleem veroorsaak omdat hulle wel 'n behoefte het om in persoon met mekaar te kommunikeer. Studente het ook gemeld dat hulle mekaar beter sou kon

ondersteun indien hulle nader aan mekaar kon woon. 'n Gebrek aan onderlinge kommunikasie en interaksie het wel 'n negatiewe effek op hulle studies, alhoewel hulle gemeld het dat die kwalifikasie-uitkomstes wel bereik kan word sonder die voorgestelde onderlinge ondersteuning (Kassandrinou *et al.*, 2014:26-42).

Afstandsleerstudente in Griekeland se besige skedule word as een van die grootste uitdagings van afstandslere beskou. Studente het aangedui dat die bywoning van klasse (een maal tweemaandeliks) nie verpligtend is nie, maar dat daar gevolglik min tyd beskikbaar is vir onderlinge ondersteuning en om mekaar beter te leer ken. Afstandsleerstudente is gewoonlik professionele, werkende persone met familieverpligtinge en word tuis oorweldig deur verantwoordelikhede wat hulle moet nakom. Afstandsleer bied aan dié student die geleentheid om 'n nagraadse kwalifikasie te verwerf óf om op hulle studies te fokus terwyl hulle 'n voltydse beroep beoefen. Afstandsleerstudente in Griekeland kan hulle studies in die tyd tot hulle beskikking en vanaf enige geografiese ligging voltooi (Valasidou & Makrdiou-Bousiou, 2006:1-12; Kassandrinou *et al.*, 2014:26-45).

Afstandsleerstudente in Griekeland wat in 'n latere ouderdom begin studeer voltooi afstandslere kwalifikasies makliker aangesien hulle nie van ander studente afhanklik is nie (Kassandrinou *et al.*, 2014:26-42). Hierdie afstandslere studente ondervind egter óók uitdagings tydens hulle studies.

Studente het aangevoer dat die kommunikasie, toeganklikheid en interaksie tussen studente en dosente vergemaklik kan word indien meer leerondersteuningsentrums in Griekeland opgerig kan word. 'n LBS-platform is ook as voorgestelde ondersteuning geïdentifiseer (Kassandrinou *et al.*, 2014:26-42).

Die interaksie tussen dosente en studente speel 'n belangrike rol in die sukses van afstandsl eer, aangesien volwasse studente beter presteer indien hulle hul eie leer beheer en gereeld kontak met hulle dosente of fasiliteerders het (Valasidou & Makrdiou-Bousiou, 2006:1-12). Hierdie interaksie vind effektiewer plaas indien aangesig-tot-aangesig-kontak tussen dosente/tutors en studente plaasvind.

Alle universiteite of institute wêreldwyd, wat afstandsprogramme aanbied, moet vooraf beplan hoe studente ondersteuning moet ontvang betreffende kostes, tegnologie, studiemateriaal, fasilitering en hulpmiddels wat van kardinale belang is om uitdagings hok te slaan en afstandsprogramme suksesvol af te lewer (Valasidou & Makrdiou-Bousiou, 2006:1-12). Afstandsl eer het vele uitdagings wat onderrig en leer kan beïnvloed. Studente vind dit vreemd dat leer sonder die teenwoordigheid van die dosent plaasvind, maar met internettoegang word ondersteuning wel aan studente gebied. Valasidou en Makrdiou-Bousiou (2006:1-12) verduidelik dat afstandsl eer heelwat voordele inhou, maar dat geografiese, persoonlike asook kommunikasie-uitdagings voorkom wat studente se toegang tot tutoriale briewe en fasiliteerders beperk en die suksesvolle aflewering van afstandsprogramme kan beïnvloed.

In die voorafgaande paragraaf is die voordele, uitdagings en aspekte van afstandsl eer in Griekeland as deel van die IDEAL-projek by onder andere die *Hellenic Open University* bespreek. Die *Hellenic Open University* was die eerste universiteit in Griekeland wat die geleentheid aan afstandsl eerstudente gebied het om 'n kwalifikasie te verwerf. Tutors (fasiliteerders) by dié universiteit is by leerondersteuningsentrums aangestel om ondersteuning aan studente te bied. Kommunikasie tussen studente en die universiteit word vergemaklik deur van tegnologie gebruik te maak soos e-posse en 'n elektroniese platform. Afstandsl eerstudente ervaar die geografiese afstande as 'n uitdaging en het aangedui dat daar 'n behoefte is aan aangesig-tot-aangesig-kontak. Dié studente ervaar ook verskeie persoonlike uitdagings wat die voltooiing van 'n kwalifikasie beïnvloed. Sulke persoonlike uitdagings kan oorkom word deur ondersteuning aan afstandsl eerstudente te bied, soos tegnologiegebruik en e-poskommunikasie tussen studente en die betrokke dosent.

Vervolgens sal daar op afstandsl eer in Indië gefokus word, wat nie deel vorm van die IDEAL-projek nie, maar waar miljoene studente reeds aan die *Indira Gandhi National Open University* in Indië via afstandsl eer 'n kwalifikasie verwerf het. Studente aan die voorgemelde universiteit het goeie terugvoer gegee oor hulle ervaring van die voltooiing van 'n kwalifikasie deur afstandsl eer (Bordoloi, 2012:71; Sharma, 2005:227).

2.2.1.2 Indië

In Indië word afstandsl eer as 'n leermetode aangebied om onderrig meer toeganklik te maak vir alle persone. Weens die behoefte om demokrasie en transformasie in Indië se onderwysstelsel te bevorder, bied afstandsl eer die geleentheid om ongelykhede – ongeag van 'n persoon se klas, beroep, geloof en geslag – in die onderwysstelsel te verminder (Bordoloi, 2012:71; Sharma, 2005:227). Daar is 'n groot behoefte aan onderrig in verskeie segmente van die Indiese bevolking en afstandsl eer bied die geleentheid vir onderrig aan benadeelde groepe, persone woonagtig in afgeleë gebiede, werkende persone en tegelyk hul kwalifikasies wil verbeter óf van rigting wil verander, asook persone wat huisgebonde is. In Indië is afstandsl eer goedkoper as tradisionele studies en die laer koste maak dit vir 'n groter deel van die lae inkomstegroepe van die bevolking moontlik om te studeer (Sharma, 2005:227).

Bordoloi (2012:72) ondersteun Sharma (2005:227) en beskryf afstandsl eer in Indië as 'n wyse om persone wat nie voorheen toegang tot leer gehad het nie, met kennis en vaardighede toe te rus. Die fundamentele doel van 'n universiteit of instansie wat afstandsl eerprogramme aanbied is om onderrig na die student te neem deur middel van tegnologiegebruik (Sharma, 2005:227). Hierdie stelling deur Sharma word ook deur UNESCO (2012) ondersteun. Die afstandsl eersisteem bied geleenthede aan studente vir wie studies by tradisionele kontakinstellings onmoontlik is weens verskeie faktore, byvoorbeeld ongeletterdheid van ouers, ekonomiese omstandighede, indien dié studente werkend is en werkende persone wat hulle kwalifikasies wil verbeter.

Die *Indira Gandhi National Open University* (IGNOU) is in 1985 gestig en is geklassifiseer as die grootste afstandsléeruniversiteit ter wêreld (Jung *et al.*, 2011:66). In 2011 was daar reeds 3.5 miljoen studente aan dié universiteit geregistreer (Aslam, 2006:45; Jung *et al.*, 2011:66). Die fokus van IGNOU is om in die opvoedkundige behoeftes van benadeelde groepe te voorsien en lewenslange leergeleenthede te verskaf (Sharma, 2005:233; Kumar *et al.*, 2008:17-31).

Gedurende 2008 was daar reeds 230 leerondersteuningsentrums, waaronder 80 sentrums reeds toegerus was met rekenaars, wat internettoegang ingesluit het. Alhoewel daar tans nog 'n beperkte aantal afstandsprogramme by universiteite in Indië aangebied word, is IGNOU nie die enigste universiteit in Indië wat afstandsléerprogramme aanbied nie (Kumar *et al.*, 2008). Volgens dié universiteit se webtuiste (2018) is daar tans meer as 3 miljoen afstandsléerstudente geregistreer en hierdie studente word by 2 667 leerondersteuningsentrums ondersteun.

Die afstandsléersisteem in Indië was vóór 2007 beperk tot 'n institusioneel-gesentreerde model wat gefokus het op formele opvoedkundige programme met gedrukte materiaal. Die fokus op afstandsléer in Indië het ná 2007 egter verskuif van gedrukte materiaal na tegnologiegebruik. Hierdie fokusverskuiwing na tegnologie het bygedra tot meer buigsame en interaktiewe programme wat op 'n afstand afgelewer word. Onbereikbare studente en diegene wat weens verskeie redes, soos finansiële beperkinge en geografiese ligging, moontlik nie voorheen die geleentheid gehad het om te studeer nie, kan nou bereik word (Kumar *et al.*, 2008; Sharma, 2005:233).

Kumar *et al.* (2008) en Bordoloi (2012:71) is dit eens dat faktore soos gelykheid, toeganklikheid, geletterdheidsontwikkeling en belegging in onderwys afstandsléer vir studente in Indië meer aantreklik maak. Volgens Bordoloi (2012:72) word daar ook na afstandsléer verwys as onafhanklike leer, buigsame leer en selfgerigte leer. Wanneer studente via afstandsléer studeer is dit noodsaaklik dat hulle selfdissipline, selfmotivering asook selfbestuursvaardighede ontwikkel.

Bordoloi (2012:74) beveel aan dat die ontwikkeling van afstandsléerinstansies asook die ontwikkeling van studiemateriaal vir afstandsléerstudente na gelang van gemeenskapsbehoefte opgestel en ontwikkel moet word.

Afstandsléerstudente in Indië ervaar soortgelyke uitdagings as studente wat deel van die IDEAL-projek was (vgl. par. 2.2.1.1), wat onder meer insluit 'n gebrek aan biblioteekfasiliteite, 'n ongewenste akademiese atmosfeer, gebrek aan onmiddellike terugvoer vanaf dosente, en onvoldoende interaksie onder studente. Deur afstandsléer en tegnologiegebruik word 'n groot studentetal die kans gegun om 'n kwalifikasie te verwerf en verskeie geografiese, ekonomiese en sosiale uitdagings deur afstandsléer oorkom. Armoede in Indië is van so 'n aard dat tegnologiegebruik nie altyd effektief is nie omdat studente nie die aanbevole hulpmiddels kan bekostig nie. Verder is daar bevind dat afstandsléer 'n buigsame wyse is vir studente om 'n kwalifikasie te verwerf in die tyd tot hulle beskikking en vanuit hulle eie ruimte deur van tegnologie gebruik te maak (Lunyal, 2011:44-47).

Persone vir wie dit soms nie moontlik is om 'n naskoolse kwalifikasie te verwerf nie, word in Indië deur middel van afstandsléer so 'n geleentheid gebied. IGNOU bied gehalte afstandsléerprogramme aan deur middel van tegnologie. Onderrig aan die student deur middel van tegnologie is ook by leerondersteuningsentrums (wat met rekenaars en die internet toegerus is) van dié universiteit beskikbaar.

Soos IGNOU is die *Swedish Association for Distance Education* (SADE) ook op die been gebring om persone in Swede die geleentheid te bied om 'n kwalifikasie te verwerf. Afstandsléer in Swede sal vervolgens bespreek word.

2.2.1.3 Swede

Die *Swedish Association for Distance Education* (SADE) is in 1984 gestig met die mandaat om kennis en ontwikkeling van afstandsléer en buigsame onderrig te verbreed. Persone verbonde aan die SADE ontmoet met verskillende skole, kollegas, universiteite en organisasies wat in die onderwyssektor betrokke is en skep geleenthede om netwerke te bou. SADE is ook daarvoor

verantwoordelik om konferensies en kursusse oor afstandslereer te reël en moet internasionale samewerking bevorder (Ossiannilsson, 2017).

Volgens Wang (2014:7) het studente in Swede aangedui dat hulle deur middel van afstandslereer studeer, al toon die navorsingbevindinge deur Wang, soos uitgevoer by die Lund Universiteit in Swede, dat afstandslereer uitdagings vir studente inhou (Wang, 2014:7-41). Die Lund-universiteit in Swede maak gebruik van 'n LBS, waarop inligting wat studente moet lees (byvoorbeeld artikels) gelaai word. Hierdie LBS-platform word gebruik vir 'n elektroniese inhandigingsstelsel vir opdragte sowel as 'n kommunikasiemiddel tussen dosente en studente. By die Lund-universiteit is daar twee aangesig-tot-aangesig-geleenthede tussen die student en die dosent en kommunikasie vind voorts via die LBS-platform plaas. Dit mag as 'n voordeel ervaar word, aangesien daar wel geleentheid is om kontak te maak, maar hierdie aangesig-tot-aangesig-geleentheid kan ook as 'n uitdaging beskou word, aangesien daar té min kontak plaasvind. Drie groepe belanghebbendes wat by afstandslereer betrokke is, word by die Lund-universiteit geïdentifiseer, naamlik: studente; dosente; en aanlyn promotors. Die aanlyn promotors help en ondersteun studente met probleme wat hulle mag ervaar. Wang (2014:7-41) verduidelik verder dat dié verskillende groepe verskillende opinies het oor afstandslereer en dat hulle opinies deur die student se rekenaarvaardighede en persoonlikheid beïnvloed word. Die student se begrip van die "klaskamer" sal ook afhang van hoe effektief hy/sy die LBS kan bestuur. Volgens Wang (2014:7-41) was alle respondente van mening dat afstandslereer buigsaam is met betrekking tot tyd, ruimte en leerspasie. Wang (2014:7-41) sê voorts dat studente afstandslereer moet verstaan, moet verstaan dat daar 'n groot verskil is tussen afstandslereer en aangesig-tot-aangesig-leer, en dat kommunikasie tussen studente, dosente en 'n administratiewe komponent baie belangrik is.

Tegnologie, soos rekenaars en die internet, is 'n integrale deel van die 21ste-eeuse student se lewe (Wang, 2014:7-41). Tegnologie is 'n vorm van kommunikasie en wyse om inligting regoor die wêreld te deel. Wang (2014:7-41) steun Lindberg en Olofsson (2006:700) en verduidelik dat die toenemende gebruik van tegnologie gelei het tot nuwe geleenthede vir afstandslereerprogramme in Swede. Die buigbaarheid en toeganklikheid van afstandslereer bied aan

studente die geleentheid om hulleself te onderrig. Tegnologiegebruik het 'n nuwe wyse van leer genereer, wat afstandsl eer insluit (Lindberg & Olofsson, 2006:700; Wang, 2014:7-41).

Afstandsl eer is 'n manier van studeer waar geen geografiese en tydsbeperkinge ervaar word nie. Die student baat gewoonlik die meeste by die buigsaamheid en aanpasbaarheid van afstandsl eer. Die dosente/fasiliteerders en studente kan op verskillende plekke teenwoordig wees en steeds met mekaar in verbinding wees. Wang (2014:7-41) is van mening dat afstandsl eer van enige afstandsl eerstudent vereis om meer aktief by sy/haar eie leerproses betrokke te wees. Weens die aard van afstandsl eer word die student die geleentheid gebied om te besluit waar, wanneer en teen watter pas leer sal plaasvind. Studente wat deur middel van afstandsl eer studeer moet oor sekere karaktereenskappe en vaardighede beskik (Wang, 2014:7-41). Hulle moet hulleself deurlopend aanspoor om gedissiplineerd te wees ten opsigte van hulle studieroetine. Volgens Wang sal jonger studente wat oor 'n hoër kwalifikasie beskik, afstandsl eer makliker ervaar. Studente wat grotendeels 'n positiewe houding jeens afstandsl eer en die dosent/fasiliteerder toon, sal hulle studies suksesvol voltooi (Wang, 2014:7-41). Die dosent het 'n groot verantwoordelikheid in die afstandsl eerproses. Die dosent moet verseker dat program materiaal, wat in verskeie formate ontwikkel en georden kan word (soos multimedia, video's en teks om afstandsl eer te vergemaklik) aan studente beskikbaar gestel word.

Volgens Wang (2014:7-41) word afstandsl eer egter beskou as 'n eensame wyse van leer en word isolasie hiër as 'n groot uitdaging beskou. Studente het aangedui dat die gebrek aan informele interaksie tussen studente as 'n kommunikasieprobleem in afstandsl eer beskou kan word en dat informele interaksie 'n waardevolle komponent van hulle afstandsl eerervaring is (Wang, 2014:7-41).

SADE in Swede het reeds in 1984 afstandsl eerprogramme ontwikkel om aan studente wat verskeie uitdagings met die voltooiing van 'n kontakmodus-kwalifikasie ervaar, die geleentheid te bied om 'n naskoolse kwalifikasie te verwerf.

Ten einde van die uitdagings te oorkom is tegnologie as kommunikasie-ondersteuning gebruik en elektroniese studiemateriaal is ontwikkel om afstandslereer te vergemaklik (Lindberg & Olofsson, 2006:700; Wang, 2014).

Soos afstandslereer in Swede het afstandslereer in Indonesië aan die *Universitas Terbuka* (UT) ook ontstaan weens verskeie uitdagings wat ervaar is met die kontakmodus van aflewering. Afstandslereer in Indonesië sal vervolgens bespreek word.

2.2.1.4 Indonesië

In 1984 het die regering van Indonesië die *Universitas Terbuka* (UT) gestig weens die groeiende behoefte aan lewenslange leer en uitdagings wat deur studente ervaar is om die tradisionele kontakmodus van aflewering te deurloop (Nurcholis & Rachman, 2013:91). In 2005 het UT graadprogramme ontwikkel om te voorsien in die behoefte van studente wat deur middel van afstandslereer wou studeer (Zuhairi *et al.*, 2013:1199). Teen 2010 was daar reeds ongeveer 650 000 geregistreerde afstandslereerstudente (Jung *et al.*, 2011:67).

Ten einde ondersteuning aan die groot studentetal moontlik te maak, is daar 'n hoofkantoor in Jakarta en 37 distrikskantore gestig, wat in byna elke provinsie regoor Indonesië versprei is (Zuhairi *et al.*, 2013:1202). Die hoofkantoor funksioneer as die sentrale bestuurskantoor, wat dien as die beplannings- en koördineringsliggaam. Die 37 distrikskantore lewer en bestuur dienste direk aan die afstandslereerstudent wat vanuit hulle eie wonings regoor Indonesië studeer. Die bestuur van registrasies, leerondersteuning, eksamens en gradeplegtighede vind direk plaas vanuit dié distrikskantore. Verder stel die distrikskantore tutors/fasiliteerders aan en bied die inhoudelike materiaal aan in samewerking met plaaslike en ander hoër onderwysinstellings (Belawati & Zuhairi, 2007:3; Zuhairi *et al.*, 2013:1202).

By *Universitas Terbuka* (UT) word die leerproses in afstandslereer só ontwerp dat selfgerigte leer by afstandslereerstudente aangemoedig word. Tydens selfgerigte leer word die student aangemoedig om gemotiveerd te wees om self, op sy/haar eie, te studeer.

Selfgerigte leer verwys voorts na die student se vermoë om sy/haar eie leer te beplan, te implementeer en te evalueer (Firat *et al.*, 2016:31-33; Francis & Flanigan, 2012:12). UT het ten doel om te verseker dat studente die geleentheid kry vir selfgerigte leer en om onafhanklike leervaardighede te ontwikkel. Die gedrukte studiemateriaal word spesifiek vir afstandslereudente aan UT ontwikkel en word as die grootste leerhulpbron beskou. Die gedrukte leermateriaal word ondersteun deur nie-gedrukte en aanlyn leermateriaal (byvoorbeeld audiovisuele materiaal soos video's, klankprogramme en rekenaargerigte materiaal). UT voorsien ook studente van aanlyn tutoriale briewe (Zuhairi *et al.*, 2013:1200) en studente lê ná afloop van elke semester skriftelike asook aanlyn eksamens af (Zuhairi *et al.*, 2013:1203).

Meer afstandslereudente aan UT het groot belangstelling getoon in die gebruik van aanlyn dienste en het aangedui dat hulle meer van aanlyn dienste gebruik sou wou maak (Zuhairi *et al.*, 2013:1203). Aangesien afstandslereudente se leerervaring verhoog kan word deur aanlyn ondersteuning en -dienste, poog UT verder om hulle aanlyn dienste te verbeter, soos om studente die geleentheid te bied om registrasies aanlyn te voltooi.

Zuhairi *et al.* (2013:1204) is van mening dat die afstandslereensisteen alle belanghebbendes se behoeftes asook studente se leeromstandighede in ag moet neem. 'n Effektiewe afstandslereondersteuningsisteen moet só ontwikkel word dat studente se leer gefasiliteer word en hulle ondersteun word om onafhanklike leervaardighede te ontwikkel.

'n Verskeidenheid van ondersteuningsisteme moet beskikbaar wees om afstandslereudente te ondersteun, maar dit bly egter die student se keuse of hy/sy van die fasiliteite gebruik wil maak. Afstandslereudente in Indonesië het 'n diverse agtergrond en verskeie behoeftes wat ondersteuning kan beïnvloed.

Verskeie uitdagings wat met tersiêre studies verband hou kan deur middel van afstandslere oorbrug word (Belawati & Zuhairi, 2007:1-3). Moontlike uitdagings wat studente kan verhinder om te studeer en wat as motivering kan dien om deur middel van afstandslere te studeer, is onder meer toegang tot 'n universiteit of leerondersteuningsfasiliteite, kostes verbonde aan naskoolse

studies, dienslewering, buigsaamheid van afstandsl eer, en tegnologie wat as belangrike hulpmiddel gebruik word kan word (Belawati & Zuhairi, 2007:1-3). Ten einde 'n effektiewe afstandsl eer-ondersteuningssteeem te ontwikkel, moet die ervaringe van studente vooraf bepaal word om in hulle behoeftes te kan voorsien.

Dit blyk duidelik uit bogenoemde literatuur dat ondersteuning aan afstandsl eerstudente aan internasionale universiteite van kardinale belang is en die sukses van dié studente bepaal. Alhoewel uitdagings en voordele ten opsigte van afstandsl eer in die hoër onderwys van land tot land verskil, het Sharma (2005:229) bevind dat daar wel ooreenstemmende faktore is. Voordele van afstandsl eer by internasionale universiteite wat uitdagings tydens afstandsl eer kan oorbrug, sluit onder meer in: makliker toegang tot hoër onderwys; laer studiekostes; bereikbaarheid van studente deur middel van tegnologie; die behoefte aan lewenslange leer; en die moontlikheid om tegelyk 'n kwalifikasie te verwerf en werksverantwoordelikhede na te kom. Uitdagings wat deur internasionale afstandsl eerstudente aangedui is, sluit onder meer in 'n behoefte aan aangesig-tot-aangesig-kontak, werksverantwoordelikhede wat studies bemoeilik, persoonlike en sosiale omstandighede wat studies kan beïnvloed, swak gehalte leerervaringe, onvoldoende vorige leerervaringe, onvoldoende biblioteekfasiliteite en geografiese afstande.

Vervolgens sal afstandsl eer aan twee nasionale universiteite bespreek word om te bepaal of dieselfde tendense sowel nasionaal as internasionaal voorkom.

Afstandsl eer nasionaal, soos aangebied by Suid-Afrikaanse universiteite, word belig om nader aan die fokus van dié studie te beweeg. Soos ook in die literatuur oor navorsing wat internasionaal uitgevoer is, dui literatuur op nasionale vlak ook aan dat afstandsl eer studente toegang gee tot naskoolse studies waar dit andersins nie moontlik sou wees nie (Schlosser *et al.*, 2010:3-5). Soos ook in die voorafgaande afdeling aan die lig gebring is, kan moontlike uitdagings soos werksverantwoordelikhede, persoonlike en sosiale omstandighede, geografiese liggings, swak gehalte leerervaringe of onvoldoende vorige leerervaringe studente verhinder om voltyds te studeer.

Hoewel hierdie nie 'n vergelykende studie is nie, gaan die uitdagings wat reeds internasionaal aangedui is in die volgende literatuuroorsig by nasionale universiteite ondersoek word om moontlike ooreenkomste tussen die internasionale en nasionale tendense in afstandslere te bepaal. Vervolgens sal daar gefokus word op afstandslere soos dit nasionaal aangebied word.

Volgens die DHOO (DHET, 2013:49-50) moet universiteite en instansies wat naskoolse studies aanbied afstandslereprogramme ontwikkel om by verskillende teikengroepe te pas, verskillende doelwitte te bereik en toeganklikheid tot onderrig aan 'n groot studentetal te voorsien. Afstandslere maak voorsiening vir programme met 'n lae inskrywingstal, maar wat 'n hoë impak het en wat min studente kan of wil studeer. Studente met een of twee uitstaande modules om vir die daaropvolgende jaar te kan registreer, word deur afstandslere die geleentheid gebied om die uitstaande module(s) te voltooi en sodoende hulle kwalifikasies te verwerf.

Die DHOO voer aan dat instellings wat afstandslere aanbied, studente moet ondersteun en verbeterde maniere moet vind om erkenning te gee aan studente vir vorige leer (DHET, 2014:36-47). In 'n poging om afstandslerestudente te ondersteun is die DHOO (DHET, 2013:49-50) verbind tot die ontwikkeling van veeldoelige gemeenskapsentrums (leerondersteuningsentrums). Sedert 2008 is 35 gemeenskapsentrums in Suid-Afrika gestig waarheen studente kan gaan vir ondersteuning tydens die verwerwing van 'n kwalifikasie via afstandslere. Hierdie gemeenskapsentrums dien as leerondersteuningsentrums vir afstandslerestudente (Zwelibanzi, 2012:53). Bestaande skole, kolleges en universiteitskampusse wat reeds deur UNISA en die NWU gestig is, is as ondersteuningsentrums geïdentifiseer (DHET, 2013:50). Die toeganklikheid vir naskoolse studies in Suid-Afrika word vergemaklik deur die instelling van sulke ondersteuningsentrums.

In Suid-Afrika is afstandslere in aanvraag en meer programme word by universiteite deur middel van afstandslere aangebied. Toenemende toegang tot hoër onderwys kan slegs suksesvol wees indien instansies en universiteite wat afstandslereprogramme ontwikkel en aanbied die betrokke studente se diverse agtergronde en ervarings verstaan en ondersteuningsmeganismes ontwikkel wat in dié studente se behoeftes sal voorsien (Makoe, 2011a:176-178). Ten einde

afstandsléerstudente effektief te ondersteun, is dit belangrik om te bepaal hoe dié studente afstandsléer ervaar. Instansies wat afstandsléer aanbied kan die strukture aanpas en die tyd en duur van programme verleng om sodoende toeganklikheid tot hoër onderwysinstansies te verbeter (Schlosser *et al.*, 2010:3-5). Beide programontwikkelaars en aanbieders, soos dosente of tutors, moet 'n beter begrip hê van die studente se ervarings en sodoende ondersteuningstelsels ontwikkel wat in dié studente se behoeftes kan voorsien (Makoe, 2011a:176-178).

'n Doeltreffende afstandsléer-ondersteuningstelsel bevorder interaksie tussen studente en belanghebbendes. Universiteite en instansies moet verseker dat 'n doeltreffende ondersteuningstelsel bestaan wat voortdurend 'n nuwe leerderbevolking in ag neem. Nuwe opvoedkundige ontwikkeling moet plaasvind om tegnologiese vooruitgang te bevorder en rekening te hou met navorsingbevindinge (Makoe, 2011a:176-178). Makoe (2011a:176-178) dui aan dat dosente betrokke by afstandsléer bewus moet wees van die leervariasies wat studente vanuit verskillende leeromgewings na die leerproses bring sodat hulle dié studente suksesvol kan ondersteun. Makoe (2011a:176-178) is voorts van mening dat dit makliker is om 'n ondersteuningstelsel daar te stel indien dosente weet wie hulle studente is, bewus is van dié studente se agtergrond en hulle behoeftes ten opsigte van leerondersteuning, en hoe hulle as dosente die leerproses kan fasiliteer. Ondersteuning aan afstandsléerstudente moet dus leerdergesentreerd te wees (Makoe, 2011a:176-178).

Afstandsléerstudente wat van die dosent en klaskamer verwyder is, moet verskeie hulpmiddels ontvang in 'n poging om hulle te ondersteun ten einde 'n suksesvolle leerervaring te verseker en 'n studentgesentreerde benadering te volg (DHET, 2013:54). 'n Studentgesentreerde benadering is 'n paradigmaskuif: studente is in beheer van hulle eie leer en daar word op hulle ervarings, perspektiewe, agtergrond, belangstellings, vermoëns en behoeftes gefokus. 'n Studentgesentreerde benadering vereis ook dat elke student verantwoordelikheid vir sy of haar eie leer moet aanvaar (Makoe, 2011a:176-178).

Met die toename in gebruik van en toeganklikheid tot elektroniese verbindings en mobiele tegnologie, is dit moontlik dat die ondersteuning van studente sal verskuif van 'n sentrum- en kontakbenadering na 'n aanlyn, webgebaseerde benadering (DHET, 2013:52). Volgens Makoe (2011a:176-178) bestaan afstandslere oorwegend uit grootskaalse gedrukte studiemateriaal wat met tegnologie geïntegreer is, soos radio, televisie, klank- en video-opnames, rekenaars en die internet. Dit staan bekend as 'n geïntegreerde benadering (Makoe, 2011a:176-178).

In die Suid-Afrikaanse konteks is algemene faktore geïdentifiseer wat studente kan ervaar wat uitdagings tot leer teweeg kan bring (Swart & Pettipher 2016:19). Hierdie uitdagings is onder meer: sosio-ekonomiese faktore (soos armoede of geweld); uitdagings wat ontstaan weens inkortings (soos fisieke, kognitiewe, sensoriese, ontwikkelings- en leerverminderinge) wat spesifieke ondersteuning vereis; negatiewe houdings; stereotipering en verskille; onbuigsamheid van die kurrikulum; onderrigtaal; leer en kommunikasie; onvoldoende en ongepaste ondersteuningsdienste; afwesigheid of 'n ontbreking aan betrokkenheid in die leeromgewing, ondersteuning en onderrig (Swart & Pettipher, 2016:19).

Navorsing deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO) (CHE, 2014) toon dat studente nie 'n poging sal aanwend om die verwagte assesseringsaktiwiteite te voltooi indien hulle ervaring onsekerheid inhou, hulle nie weet wat van hulle verwag word nie en hulle oor onvoldoende agtergrondkennis beskik nie. Volgens die RHO moet studente voldoende ondersteuning van die universiteit kry, soos duidelike en ondubbelsinnige verduidelikings en riglyne wat ook illustratiewe voorbeelde kan behels. Indien studente duidelike instruksies kry, weet hulle presies wat van hulle verwag word. Opdragte aan studente moet baie duidelik uiteengesit word om moontlike verwarring uit te skakel. Gedetailleerde stap-vir-stap instruksies moet vir elke opdrag voorsien word; riglyne vir inhandiging en inhandigingsdatums van opdragte moet duidelik aangedui word; die aantal aktiwiteite of opdragte en die sperdatums moet haalbaar wees; studente moet nie oorlaai word nie; en interaksie tussen dosent en student en interaksie onder studente moet aangemoedig word (CHE, 2014).

Afstandsléerstudente moet geleenthede gebied word om interaktief te verkeer met medestudente, die fakulteit en dosente of tutors/fasiliteerders deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van tegnologie soos rekenaars, witborde, die internet en sosiale media (CHE, 2014).

Die student- en leerderondersteuningstrategie moet studente se behoeftes oorweeg. Studente kan byvoorbeeld behoeftes hê aan akademiese ondersteuning, berading, administratiewe ondersteuning, beskikbaarheid van rekenaarlokale en leerondersteuningsentrums, praktiese werkspasie en gehalteversekering. Studente se behoeftes moet voorts regoor 'n diverse studentekorps gemoniteer word sodat uitdagings aangeroeer en ondersteuning gebied kan word (Ferreira & Venter, 2011:1-5; Zuhairi *et al.*, 2013:1204)

Die studente- en leerderondersteuningstrategie asook die beginsels van afstandsléer (vgl. par. 2.3.1) moet op die volgende aspekte bou: leergesentreerde benadering van onderrig; 'n regverdigde kans om studies suksesvol te voltooi; ondersteuning vir lewenslange leer moet deur instansies gebied word; en vordering moet deur middel van prioritisering van artikulاسie-moontlikhede gefasiliteer word (DHET, 2014).

2.2.2 Afstandsléer: Nasionaal

Vervolgens sal daar gefokus word op afstandsléer soos dit by UNISA en die Noordwes Universiteit, die twee grootste afstandsléer universiteite in Suid-Afrika, plaasvind. By beide UNISA en Noordwes Universiteit, word daar gefokus op 'n geïntegreerde benadering van leerdergesentreerde onderrig, waar studente verantwoordelikheid vir hulle eie leer moet aanvaar.

2.2.2.1 Afstandsléer aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)

Die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) het as *University of the Cape of Good Hope* ontstaan, waarna die naam na UNISA verander is (Wyngaard, 2017). In 1946 was UNISA reeds die voorloper afstandsléeruniversiteit in Suid-Afrika.

Volgens De Hart *et al.* (2015:18-45) is UNISA een van Suid-Afrika se 23 staatsgefinansierde tersiêre instellings. Dié universiteit is 'n uitgebreide oop afstandsléeruniversiteit wat 'n verskeidenheid van akademiese en professionele diplomas, voor- en nagraadse sertifikate, kortkursusse en grade aanbied. Nagraadse studies word ook tot op doktorale vlak aangebied. UNISA bied 'n omvattende kombinasie van programme wêreldwyd aan. Die studentekorps is ongeveer 400 000, onder wie die meerderheid van dié studente deeltydse en ouer persone is (De Hart *et al.*, 2015:18-45). By UNISA word 12.8% van alle grade in Suid-Afrika toegeken (De Hart *et al.*, 2015:18-45). Volgens Subotzky en Prinsloo (2011:177-193) en De Hart *et al.* (2015:18-45) word UNISA as 'n mega-afstandsléeruniversiteit geklassifiseer. Dié universiteit word as een van die grootste afstandsléeruniversiteite ter wêreld beskou (De Hart *et al.*, 2015:18-45).

UNISA beskou die versekering van sukses as 'n uitdaging. Dié universiteit se mandaat om ooptoegang tot hoër onderwys te bevorder asook om te voorsien in die sosio-ekonomiese omstandighede van meeste geregistreerde UNISA-studente, dra by tot die uitdaging tot sukses. Die onderrig- en leerpraktyk by UNISA behels die gebruik van 'n geïntegreerde benadering. Dit is hoofsaaklik 'n papiergebaseerde kommunikasiemetode wat oorgedra word na die elektroniese aflewering van inhoud via 'n LBS. Persone wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van opvoedkundige hulpbronne by dié universiteit, bestaan hoofsaaklik uit 'n kurrikulumontwerper en akademiese personeel wat verder van andere se dienste, soos 'n grafiese ontwerper, 'n taalkonsultant en 'n bibliotekaris, gebruik maak (De Hart *et al.*, 2015:18-45).

Volgens Subotzky en Prinsloo (2011:177-193) ervaar UNISA 'n verskeidenheid van operasionele probleme weens die hoë inname van afstandsléerstudente. Hierdie operasionele probleme behels verswakte dienslewering aan studente en studiemateriaal wat laat versprei word, wat gevolglik 'n effek op studente se leer en onderrigtyd het. Afstandsléerstudente aan UNISA het dié twee probleme uitgelik as die grootste uitdaging tot sukses.

UNISA-studente moet 'n deelnamepunt van 40% vir hulle modules behaal om eksamentoelating te kry. 'n Deelnamepunt van 40% verleen toelating tot twee eksamengeleenthede (UNISA, 2018:13-14). UNISA-studente ervaar eksamenaflegging as 'n verdere uitdaging en ongeveer 10%

van dié studente lê nie die eksamen af nie. Afwesigheid tydens eksamenaflegging kan toegeskryf word aan probleme soos werk- en huishoudelike druk wat deur afstandsléerstudente ervaar word. Subotzky en Prinsloo (2011:177-193) meld dat ras en geslag van UNISA-studente ook 'n rol speel in die suksesvolle voltooiing van hulle studies. Aan UNISA presteer wit vroulike studente beter as hulle eweknieë (Subotzky & Prinsloo, 2011:177-193).

Die fokus van afstandsléer aan UNISA is onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid. UNISA volg 'n afstandsléermodel van onderrig wat 'n kombinasie van beginsels insluit. Hierdie beginsels is gefundeer op 'n leergesentreerde onderrigbenadering, lewenslange léer, buigsaamheid van léerfasilitering, erkenning van vorige léer, samestelling van léerprogramme, léerondersteuning; en die wegdoening van uitdagings wat studente toegang tot verdere studies verhoed ("UNISA," 2017). Kwalifikasies aan UNISA is só gestruktureer dat 'n sekere aantal modules in 'n bepaalde studietyd voltooi moet word indien die student wil gradueer.

In 2011 het UNISA 'n implementeringsplan daargestel om studente te ondersteun. Volgens Subotzky en Prinsloo (2011:177-193) behels dié implementeringsplan die herkonseptualisering van studente-ondersteuningstelsels, heroorweging van formatiewe assessering en die herdefiniëring van die minimum toelatingsvereistes vir UNISA-studente, waar hulle sosio-ekonomiese en opvoedkundige omgewing in ag neem word.

UNISA bied 'n verskeidenheid van ondersteuningsfasiliteite, tegnieke en dienste aan vir hulle geregistreeerde diverse studentebevolking. Dit sluit in die gebruik van geïntegreerde media soos rekenaars, elektroniese ondersteuningstelsels asook studiemateriaal wat fokus op verskillende modaliteite vir léerontwikkeling, asook die fasilitering en ondersteuning van léer. Ondersteuning sluit in dosente, e-tutors, beraders en dienste, soos die UNISA-biblioteek, wat deel vorm van studente se suksesvolle voltooiing van hulle kwalifikasies (UNISA, 2017). UNISA streef daarna om die vele moontlikhede van inligting- en kommunikasietegnologie te benut om hulle studente 'n inherente aanlyn onderrig- en léerervaring te bied.

UNISA as afstandsléeruniversiteit bepaal sy eie toelatingsvereistes (binne beleid) en het in 2013 'n nuwe toelatings- en registrasiebeleid ontwikkel wat toegang verleen tot tradisioneel benadeelde studente, erkenning gee aan vorige ervaringsleer en buigsame leer met betrekking tot interaktiewe leermateriaal bevorder.

Alle korrespondensie aan geregistreerde studente word op die LBS, *MyUnisa*-platform, gelaai. Met die gebruik van 'n skakel op die *MyUnisa*-platform is enige relevante studie-inligting van die student beskikbaar. Inligting rakende aansoeke, registrasies of studieverwante inligting kan deur studente op dié platform of die UNISA-webtuiste gevind word. Administratiewe inligting wat spesifiek op die student fokus – soos sy/haar studenterekening, persoonlike eksamenrooster, tutoriale briewe – is ook op die *MyUnisa*-platform beskikbaar. Studente verkry toegang tot die *MyUnisa*-webtuiste deur met hulle studentennommers in te teken (UNISA, 2017). Dié universiteit bied ook aan UNISA-studente persoonlike ondersteuning en berading by verskeie streek-leerondersteuningsentrums (UNISA, 2017). Dáár kan studente raad inwin betreffende hulle studies, ander studente ontmoet asook van rekenaars en beskikbare UNISA-dienste gebruik maak. Elke leerondersteuningsentrum beskik oor internetgeriewe en 'n klein biblioteek wat akademiese literatuuordienste beskikbaar stel.

UNISA volg 'n geïntegreerde benadering met leerdergesentreerde onderrig. Afstandsléerstudente moet verantwoordelikheid vir hulle eie leer aanvaar. Operasionele probleme word by dié universiteit ervaar weens die hoë innames van afstandsléerstudente, wat gevolglik lei tot verswakte dienslewering en studiemateriaal wat studente nie betyds bereik nie. Talle UNISA-studente lê nie eksamen af nie, wat moontlik toegeskryf kan word aan werk- en huishoudelike druk omrede die meeste van dié studente werk en studeer. Geïntegreerde media- en addisionele ondersteuning word aan UNISA-studente gebied om te verseker dat hulle hul studies suksesvol kan voltooi.

Aangesien dié studie handel oor die ervaring van afstandsléerstudente aan die NWU, gaan die volgende afdeling daarop fokus.

2.2.2.2 Afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Suid-Afrika

Die Eenheid vir Oop Afstandsl eer (EOAL) is 'n administratiewe afdeling op die NWU se Potchefstroomkampus wat afstandsl eerprogramme vir verskeie fakulteite bedryf. Die Fakulteit Opvoedkunde (FO) van die NWU omskryf afstandsl eer as 'n kombinasie van beginsels om suksesvolle voltooiing van studies deur middel van afstandsl eer te verseker. Hierdie beginsels sluit in leerdergesentreerdheid; lewenslange leer; voorsiening van buigsaamheid; verwydering van uitdagings tot leer; toeganklikheid tot leer; erkenning van vorige leer; e-leer; die ontwikkeling van programme sodat studente dit suksesvol kan voltooi; en die instandhouding van streng gehalteversekering (CHE, 2014:65; NWU, 2016:28).

Elke afstandsl eerprogram wat aan die NWU aangebied word, het 'n minimum en maksimum voltooiingstydperk en studente het 'n aantal eksamengeleenthede gedurende 'n studietydperk om hulle studies te voltooi. Eksamen kan tydens twee opeenvolgende assesseringsgeleenthede in alle modules afgelê word. Weens die logistieke uitdagings en bedryf van 'n hoë studentetal wat oor die hele Suid-Afrika en Namibië versprei is, kan afstandsl eerstudente nie 'n tweede eksamengeleentheid direk ná die eerste geleentheid in dieselfde semester aflê nie. Indien studente nie 'n module slaag nie, kan hulle die vraestel tydens die volgende eksamengeleentheid aflê wat in die daaropvolgende semester plaasvind. 'n Deelnamepunt van 40% moet behaal word vir eksamentoelating en word behaal deur twee assesseringsopdragte in te dien wat dan nagesien word. Die assesseringsgeleentheid kan 'n verskeidenheid van kleiner eFundi-opdragte en toetse insluit. 'n Deelnamepunt van 40% gee toegang tot twee eksamengeleenthede, waarna die student moet herregistreer, 'n nuwe deelnamepunt moet genereer en weer eksamen moet aflê. Eksamens word afgelê by geïdentifiseerde eksamensentrums in Suid-Afrika tydens Mei/Junie of Oktober/November.

Kontakklasse, wat studente kan bywoon, word hoofsaaklik deur interaktiewe witborde (IWB) regstreeks vanaf Potchefstroom na verskeie geïdentifiseerde leerondersteuningsentrums uitgesaai. Studente ontvang ondersteuning deur middel van 'n inbelsentrum wat gekontak kan word indien administratiewe uitdagings ervaar word. Dosente en fasiliteerders kan per telefoon

of e-pos gekontak word. Die hulpdiens is elektronies beskikbaar en studente voltooi 'n elektroniese klagtevorm wat na 'n betrokke persoon in die EOAL se e-posadres gestuur word om te hanteer. Die elektroniese platform eFundi word gebruik om administratiewe sowel as akademiese inligting en ondersteuningsdokumente te kommunikeer en op te laai (NWU, 2016:17; NWU, 2015).

Aan die NWU word verskeie kursusse via afstandsl eer aangebied, maar vir die doel van dié studie is daar slegs op die BEd Grondslagfase- graad gefokus. Die FO van die NWU beskryf die BEd Grondslagfase- graad as 'n graad wat die onderwyser voorberei om Graad R tot 3 te kan onderrig (NWU, 2016:4). Die grondslagfase fokus op onderrig en leer deur middel van spel, die ontwikkeling van fisieke koördinasie asook die ontwikkeling van taal en fundamentele idees wat 'n grondslag sal vorm wiskunde- en taalontwikkeling.

BEd Grondslagfase- studente word verplig om oor hulle studietydperk vir 24 weke werkgeïntegreerde leer in graad R- tot 3-klasse te voltooi (NWU, 2016:5). Werkgeïntegreerde leer word omskryf as die tydperk waarin 'n onderwysstudent praktiese werk in 'n geselekteerde skool voltooi (NWU, 2016:5). Dit is dus duidelik dat die uitkomst e van die BEd Grondslagfase- program nie slegs akademies van aard is nie, maar ook vaardigh eidsontwikkeling in die praktyk vereis omdat dit 'n student professioneel toerus.

Afstandsl eer- studente kan moontlik tydens hulle studies as deel van hul leerproses positiewe en/of negatiewe ervarings of uitdagings beleef. Volgens die DBO (DBE, 2014:9), soos vervat in die SIAS-beleid (*Policy on Screening, Identification, Assessment and Support*) en die FADE- projek (Virtual Schools and Colleges, 2012) (vgl. par. 2.2.1.1), kan studente as deel van hulle studie- ervaring soms uitdagings ervaar. Hierdie ervarings kan die student se leerproses moontlik positief óf negatief beïnvloed.

Negatiewe ervarings en uitdagings kan omskryf word as hindernisse tot leer en kan faktore insluit soos gesondheidstoestande, ontoeganklike en onveilige omgewings, gestremdhede, ontbreking van hulpbronontwikkelingstrategieë, ontbreking van toeganklike leer en onderrig, ondersteuningsmateriaal, en ondersteunende tegnologie (DBE, 2014:12-13).

Dié studie het gefokus op studente se ervarings van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad. Hierdie navorsing het slegs ten doel gehad om ondersoek in te stel na die ervarings van afstandsl eerstudente aan die NWU sodat die navorsingsbevindinge gebruik kan word ter ondersteuning van afstandsl eerstudente en die suksesvolle implementering van sowel huidige as nuwe afstandsl eersprogramme. Die BEd Grondslagfase- graad is vir die eerste keer in 2016 in beide kontak- en afstandsl eersmodus aan die NWU aangebied. Studente se ervarings van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad aan die NWU sal in hoofstuk 4 vervat word.

2.3 SAMEVATTING VAN INTERNASIONALE EN NASIONALE TENDENSE IN AFSTANDSLEER

Hoewel hierdie nie 'n vergelykende studie was nie, is daar gepoog om ondersoek in te stel na studente se ervaring van afstandsl eer, beide internasionaal en nasionaal, om sodoende te bepaal of hulle ervaring van afstandsl eer eenders of verskillend is. Die wyse waarop afstandsl eer aan die verskillende universiteite plaasvind, die verskillende wyses waarop tegnologie gebruik word, die ondersteuning aan studente asook die studente se ervarings met betrekking tot die uitdagings en voordele van afstandsl eer, soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is, word vervolgens in Tabel 2.1 saamgevat en weergegee.

Tabel 2.1: Tendense van afstandsléer: nasionaal en internasionaal

Land	Afstandsléer is gebaseer op:	Gebruik van Tegnologie	Ondersteuning	Uitdagings verbonde aan afstandsléer	Voordele van afstandsléer
Finland	<ul style="list-style-type: none"> • selfgerigte léer • groepsaktiwiteite 	<ul style="list-style-type: none"> • radio • televisie • klank- en video-opnames • rekenaars • internet 	<ul style="list-style-type: none"> • Kurrikulum ontwikkel vir afstandsléer • Kommunikasie tussen studente en dosente en tutors • Afstandsléer-koördineerder en verteenwoordiger van volwasse-onderrigvereniging • Gebruik ondersteunende studiemateriaal • Leerderondersteuning-sentrums 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebrek aan persoonlike voorligting • Hoë kostes • Oneffektiewe netwerkverbindings • Te veel “vryheid” beïnvloed voltooiing van studies • Isolasié • Persoonlike omstandighede • Balansering van werk en studies • Oneffektiewe ondersteuning deur werkgewers • Min tyd • Geografiese afstand 	<ul style="list-style-type: none"> • Studente wat uitdagings ervaar kry die geleentheid om te kan studeer • Studente kan 'n kwalifikasie verwerf terwyl hul: <ul style="list-style-type: none"> * voltyds werk * tuis na kinders omsien * in afgeleë geografiese gebiede woon * afgetree is met tyd om nuwe velde te verken * gevangenisstraf uitdien
Verenigde Koninkryk	<ul style="list-style-type: none"> • selfgerigte léer • buigsame léer 	<ul style="list-style-type: none"> • rekenaars • e-pos • elektroniese opdrag-indieningsstelsel • konferensiestelsel 	<ul style="list-style-type: none"> • Tutors/Fasiliteerders • Aangesig-tot-aangesig; • Individuele akademiese ondersteuning • Gedetailleerde terugvoer op opdragte • Ontwikkeling van hoë gehalte studiemateriaal; 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik van tegnologie • Probleme met balansering van werk en studies • Min beskikbare tyd • Beskik nie oor 'n tradisionele studie-agtergrond nie • Beskik nie oor vaardighede van 'n 	<ul style="list-style-type: none"> • Gee toegang aan studente wat nie 'n konvensionele opvoedkundige kwalifikasie kon behaal het nie • Alle studente wat uitdagings ervaar, het die geleentheid om te studeer

			<ul style="list-style-type: none"> • Gedrukte en elektroniese formaat materiaal • Effektiewe administrasie en logistiek • Aanlyn administrasie • Aanlyn hulpmiddels • Aanlyn biblioteek • Aanlyn opdragindiening • Leerondersteuning-sentrum 	<ul style="list-style-type: none"> • tipiese skoolverlater nie • Isolاسie • Geografiese ligging 	<ul style="list-style-type: none"> • Studente kan tegelyk studeer en hul ander verpligtinge nakom • Afstandsleer is buigsaam • Dit is relatief bekostigbaar • Bied geleentheid om vaardighede in huidige werke te verbeter vir moontlike bevordering en loopbaanverandering
Duitsland	<ul style="list-style-type: none"> • selfgerigte leer • buigsame leer 	elektroniese platform/ internet	<ul style="list-style-type: none"> • Leerondersteuning-sentrums; • Tutors • Periodieke klasbywoning • Aflewering van studiemateriaal 	<ul style="list-style-type: none"> • Hoë kostes van studies • Isolاسie van studente • Minimale of geen toegang tot biblioteek fasiliteite nie • 'n Gebrek en vertraagde terugvoer aan studente • Gebrek aan aangesig-tot-aangesig-kontak; • Opleiding en programme is nie spesifiek vir afstandsleer aangepas nie • Studiemateriaal nie gebruikersvriendelik vir afstandsleerstudente nie 	<ul style="list-style-type: none"> • Meer studente word betrek by tersiëre studies • Studente kan kwalifikasie verwerf en persoonlike verantwoordelikhede nakom, bv. om voltyds te werk • Isolاسie dien as voordeel aangesien dit bydra tot konsentrasie • Administratiewe ondersteuning word gebied

				<ul style="list-style-type: none"> • Verswakke akademiese dienslewering: <ul style="list-style-type: none"> - terugvoer tussen studente en dosent - Min ondersteuning en ervaring van dosente 	
Griekeland	<ul style="list-style-type: none"> • selfgerigte leer 	<ul style="list-style-type: none"> • elektroniese platform • oudiovisuele materiaal vir kommunikasie soos tutoriale briewe <p>Kommunikasie deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • e-pos • telefoon • faks • internet 	<ul style="list-style-type: none"> • Leerondersteuning-sentrums • Dosente en tutors (fasiliteerders) is beskikbaar om die studente te ondersteun om die modules suksesvol te voltooi ongeag geografiese • Aangesig-tot-aangesig-kontaksessies; • Studente kan met tutors kommunikeer • Tutoriale briewe • Gebruik van tegnologie 	<ul style="list-style-type: none"> • Geografiese afstande • Ongenoegsame aangesig-tot-aangesig-kontak; • Kommunikasie-uitdagings: <ul style="list-style-type: none"> - Gebrek aan kommunikasie tussen studente en dosente. • Te min leerondersteuning-sentrums in Griekeland • Persoonlike uitdagings: <ul style="list-style-type: none"> - Familie-verpligtinge - Persoonlike verantwoordelikhede - Voltydse werk - Gebrek aan tyd 	<ul style="list-style-type: none"> • Programme en ondersteuningsmateriaal word ontwikkel met die fokus op afstandsl eer • Studente het geleentheid tegelyk om te werk en studeer • Studente kan studies in hul eie tyd voltooi • Studente kan vanaf enige geografiese ligging studeer • Meerderheid afstandsl eerstudente in Griekeland is ouer studente, is nie afhanklik van ander studente nie en kan dus 'n kwalifikasie in isolasie verwerf
Indië	<ul style="list-style-type: none"> • selfgerigte leer • buigsame leer 	<ul style="list-style-type: none"> • rekenaars • internettoegang 	<ul style="list-style-type: none"> • Leerondersteuning-sentrums 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebrek aan biblioteekfasiliteite 	<ul style="list-style-type: none"> • Afstandsl eer is goedkoper as tradisionele studies

		<ul style="list-style-type: none"> • elektroniese materiaal 	<ul style="list-style-type: none"> • Sentrums is met rekenaars en die internet toegerus • Studiemateriaal aangepas en ontwikkel vir gebruik van afstandslere studente 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebrek aan akademiese atmosfeer • Gebrek aan terugvoer vanaf dosente • Gebrek aan interaksie tussen studente • Finansiële uitdagings • Armoede beïnvloed die gebruik van tegnologie, aangesien die studente nie die hulpmiddels wat aanbeveel word, kan bekostig nie • Hoë kostes verbonde aan naskoolse studies • Geografiese ligging • Onbereikbaarheid van studente 	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf lewenslange leergeleentheid en is 'n buigsame wyse om 'n kwalifikasie te verwerf • Verskeie geografiese, ekonomiese en sosiale uitdagings word oorkom deur afstandslere • Buigsame en interaktiewe programme • Afstandslere bied geleentheid aan verskeie groepe om 'n kwalifikasie te verwerf indien daar aan die minimum vereistes voldoen word: <ul style="list-style-type: none"> ▪ swak ekonomiese toestand – benadeelde en lae-inkomstegroepe ▪ persone wat in afgeleë gebiede woon ▪ persone wat werk en hul kwalifikasies
--	--	--	---	---	--

					<p>wil verbeter óf van rigting wil verander</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ diegene wat huis-gebonde is ▪ ongeletterde ouers <ul style="list-style-type: none"> • Studente kan in hul eie tyd en vanaf hul eie ruimte studeer deur die gebruik van tegnologie.
Swede	<ul style="list-style-type: none"> • selfgerigte leer • buigsame leer 	<ul style="list-style-type: none"> • aanlyn platform (LBS) • rekenaars • internet • multimedia • video's • elektroniese studiemateriaal 	<ul style="list-style-type: none"> • Artikels en studiemateriaal wat studente moet lees word op 'n LBS-platform gelaai • Elektroniese inhandigingsstelsel • Kommunikasie tussen student en dosent vind plaas via die LBS • Aanlyn promotors help en ondersteun studente met probleme wat ervaar word • Studiemateriaal is in verskeie formate ontwikkel om afstandslêer te vergemaklik • Aangesig-tot-aangesig-kontak sessies met dosente 	<ul style="list-style-type: none"> • isolasie (eensame wyse van leer) • gebrek aan informele interaksie (kommunikasie-probleem); • gebrek aan aangesig-tot-aangesig-kontak 	<ul style="list-style-type: none"> • buigsam en aanpasbaarheid in tyd, ruimte en leerspasie • geen tydsbeperkings nie • geen geografiese beperkings nie • studente is meer aktief betrokke by hul eie leerproses • aangesig-tot-aangesig-geleentheid • informele interaksie

Indonesië	<ul style="list-style-type: none"> • Selfgerigte leer 	<ul style="list-style-type: none"> • rekenaars • aanlyn platform • video's • klankprogramme • rekenaargerigte materiaal • aanlyn tutoriale briewe 	<ul style="list-style-type: none"> • Besikbaarheid van aanlyn ondersteuning en -dienste • Aanlyn registrasies • Leerondersteuning-sentrums (distrikskantore) • registrasies, leerondersteuning, eksamens en gradeplegtighede word direk vanuit distrikskantore bestuur • Tutors/fasiliteerders is beskikbaar • Studiemateriaal spesifiek vir afstandslereudente ontwikkel – elektronies en gedruk • Oudiovisuele materiaal en aanlyn tutoriale briewe word gebruik ter ondersteuning 	<ul style="list-style-type: none"> • Afstandslereudente in Indonesië het 'n diverse agtergrond en verskeie behoeftes • Studentebehoefte en leeromstandighede word nie altyd in ag geneem nie • geografiese afstande 	<ul style="list-style-type: none"> • Kan studies volkome aanlyn voltooi • Studentebehoefte en leeromstandighede word in ag geneem • Studente se leer word gefasiliteer en hul word ondersteun om onafhanklike leervaardighede te ontwikkel • Verskeie uitdagings kan deur afstandslere oorbrug word • Studente het toegang tot 'n universiteit met verlaagde kostes • Gehalte word verseker • Buigsaamheid word aangerog • Tegnologiegebruik
Suid-Afrika	Afstandslere is gebaseer op:	Gebruik van tegnologie	Ondersteuning	Uitdagings verbonde aan afstandslere	Voordele van afstandslere
UNISA	<ul style="list-style-type: none"> • Leergesentreerde benadering • aanlyn onderrig 	<ul style="list-style-type: none"> • Besikbaarheid van rekenaars en die internet by leerondersteuning-sentrums 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Geïntegreerde benadering wat hoofsaaklik 'n papiergebaseerde kommunikasiemetode insluit, wat oorgedra 	<ul style="list-style-type: none"> • sosio-ekonomiese omstandighede • verswakte dienslewering aan studente 	<ul style="list-style-type: none"> • nie-tradisionele, deelydse en ouer persone kry die geleentheid om 'n kwalifikasie te verwerf

		<ul style="list-style-type: none"> • Leerbestuurstelsel (LBS) • Kommunikasie- tegnologie 	<p>word na die digitale aflewering van inhoud via 'n leerbestuurstelsel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik van geïntegreerde en gemengde media in kursusmateriaal wat fokus op verskillende modaliteite vir leerontwikkeling, fasilitering en ondersteuning van leer • Korrespondensie deur <i>MyUnisa</i>-platform • Studente-inligting rakende aansoeke, registrasies, studieverwante inligting, soos studenterekening, persoonlike eksamenrooster, tutoriale briewe is op <i>MyUnisa</i> verkrygbaar • Leerondersteuning-sentrums voorsien rekenaars, internet, 'n klein biblioteek en akademiese literatuurdienste 	<ul style="list-style-type: none"> • laat verspreiding van studiemateriaal, wat 'n effek op die student se leer- en onderrigtyd het • werk- en huishoudelike druk word deur studente ervaar 	<ul style="list-style-type: none"> • leerondersteuning is beskikbaar • Verwydering van uitdagings wat studente toegang tot verdere studies verhoed • Buigsaamheid van leerfasilitering • Erkenning van vorige leer
--	--	--	--	---	--

Aangesien die studie ten doel gehad het om ondersoek in te stel na studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad, sal die uitdagings sowel as die voordele wat nasionaal en internasionaal deur dié studente ervaar word, soos in die literatuurstudie belig en bespreek is (vgl. par. 2.2), vervolgens getabelleer word:

Tabel 2.2: Voordele en uitdagings van afstandsl eer soos in die literatuur (nasionaal en internasionaal) geïdentifiseer is

Uitdagings van afstandsl eer	Voordele wat verband hou met studies via afstandsl eer
<ul style="list-style-type: none"> • hoë kostes van studies; • isolasie van studente; • gebrek aan interaksie met portuurgroepe; • min of vertraagde of geen terugvoer vanaf dosente nie; • 'n tekort aan aangesig-tot-aangesig-kontak, • min of geen ondersteuning nie van dosente wat die sessies aanbied; • ervaar netwerkprobleme; • te veel “vryheid” bemoeilik studies; • sosio-ekonomiese omstandighede binne die student se lewe veroorsaak dat hy/sy nie sy/haar studies voltooi nie; • student vind dit moeilik om voltydse werk en studies te balanseer; • tekort aan ondersteuning deur werkgewer van student; • te min tyd weens persoonlike verantwoordelikhede; • geografiese afstande tussen studente en tussen studente en leerondersteuningsentrums; • swak ekonomiese omstandighede; • enkel ouers wat werk en studies moet balanseer; • agtergeblewe etniese groepe; • armoede – aanbevole tegnologie is nie bekostigbaar nie; 	<ul style="list-style-type: none"> • alle studente wat uitdagings ervaar het die geleentheid om die uitdagings te oorbrug en 'n kwalifikasie deur afstandsl eer te verwerf; • 'n kwalifikasie kan verwerf word terwyl studente voltyds werk of na kinders by die huis omsien; • 'n kwalifikasie kan verwerf word terwyl studente in afgeleë landelike gebiede (vanaf enige geografiese ligging) woon; • studente kan 'n kwalifikasie verwerf terwyl hulle gevangenisstraf uitdien; • studente kan 'n kwalifikasie verwerf terwyl hul afgetree is en tyd het om nuwe velde te verken; • afstandsl eer gee toegang aan studente wat nie 'n konvensionele opvoedkundige kwalifikasies behaal het nie; • studente kan tegelyk studeer en hul ander verpligtinge nakom; • afstandsl eer is buigsaam; • studente het 'n geleentheid om hul vaardighede in hul huidige werk te verbeter, wat moontlike bevordering en loopbaanverandering kan inhou; • meer studente word deur afstandsl eer bereik; • klasse word verryk deur van tegnologie gebruik te maak;

- tegnologiegebruik in sekere lande word as 'n uitdaging gesien;
- studente beskik nie altyd oor 'n tradisionele studie-agtergrond nie, dus het hul ook nie vaardighede van 'n tipiese skoolverlater nie;
- minimale of geen toegang tot biblioteekfasiliteite nie;
- soms is opleiding en programme nie spesifiek vir afstandsl eer aangepas nie;
- min aangesig-tot-aangesig-kontakklasse;
- gebrek aan akademiese atmosfeer;
- beperkte toegang tot hoër onderwys;
- gehalte van programme nie op standaard nie;
- studentebehoefte en leeromstandighede word nie altyd in ag geneem nie;
- gebrekkige dienslewering word aan studente gelewer;
- laat verspreiding van studiemateriaal (val ook onder gebrekkige dienslewering) wat 'n effek op die student se leer en onderrig tyd het.

- isolasie word ook as voordeel gesien aangesien dit bydra tot konsentrasie om te studeer;
- afstandsl eerprogramme word ontwikkel met die fokus op afstandsl eer – buigsame en interaktiewe programme is dus beskikbaar;
- studente kan studies in hul eie tyd voltooi;
- meerderheid afstandsl eerstudente is ouer studente, is nie afhanklik van ander studente nie en vind nie isolasie as 'n uitdaging nie;
- afstandsl eer is relatief bekostigbaar en gewoonlik goedkoper as tradisionele studies;
- die koste-effektiwiteit maak dit vir 'n groter deel van die lae-inkomstegroepe van die bevolking moontlik om te studeer;
- Vermindering van ongelykhede in die onderwysstelsel ongeag klas, beroep, geloof en geslag;
- studente uit benadeelde en lae-inkomstegroepe en studente met ongeletterde ouers het die geleentheid om 'n kwalifikasie via afstandsl eer te verwerf indien hulle aan die minimum vereistes voldoen;
- afstandsl eer is 'n wyse om kennis en vaardighede aan persone te verskaf wat nie toegang tot tradisionele wyses van studies het nie;
- onderrig word na die student geneem deur middel van die gebruik van tegnologie;

- | | |
|--|---|
| | <ul style="list-style-type: none">• geleentheid word aan studente gebied wat nie as kontakstudent kan studeer nie;• studente is meer aktief by hulle eie leerproses betrokke;• studente se behoeftes en leeromstandighede word in ag geneem;• studente se leer word gefasiliteer en hulle word ondersteun om onafhanklike leervaardighede te ontwikkel om selfgerigte leer te bevorder;• buigsaamheid van leerfasilitering word geïmplementeer. |
|--|---|

Dit blyk duidelik uit Tabel 2.2 dat afstandsl eer 'n kombinasie is van selfgerigte, buigsame en leergesentreerde leerbenaderings wat met behulp van aanlyn onderrig en tegnologiegebruik die onderrig- en leerproses vir die student vergemaklik.

Literatuur dui aan dat afstandsl eer egter ook met uitdagings gepaardgaan. Verskeie uitdagings wat algemeen tydens afstandsl eer voorkom, is geïdentifiseer. Die uitdagings sluit onder meer in sosio-ekonomiese omstandighede wat veroorsaak dat studente nie hulle studies kan voltooi nie. Hoë studiekostes is voorts ook as 'n uitdaging uitgelig. Baie afstandsl eerstudente werk voltyds en moet hulle gesinne onderhou, terwyl enkelouers wat finansiële druk ervaar ook as uitdaging uitgelig is. Daar is aangedui dat afstandsl eerstudente tyd as 'n uitdaging ervaar, omdat dit moeilik is om te werk terwyl 'n balans tussen gesin en studies gehandhaaf moet word. Dit blyk ook uit die literatuur dat afstandsl eerstudente oneffektiewe ondersteuning van hulle werkgewers kry. Ten laaste, geografiese afstande word ook as 'n uitdaging ervaar, aangesien daar nie altyd leerondersteuningsentrums naby studente se woonplek geleë is nie. Afstandsl eerstudente het dus soms minimale of geen toegang tot biblioteekfasiliteite nie.

Toegang tot hoër onderwys word in die literatuur as 'n uitdaging geïdentifiseer. Agtergeblewe groepe kan dikwels nie deur afstandsl eer studeer nie weens armoede, die gebruik van tegnologie en oneffektiewe netwerkverbindinge. Hierdie groepe kan ook nie die aanbevole hulpmiddels bekostig nie, wat die sukses van hul studies beïnvloed. Dié afstandsl eerstudente beskik nie altyd oor 'n tradisionele studie-agtergrond en die vaardighede van 'n tipiese skoolverlater nie.

Studente ervaar isolasie en 'n gebrek aan interaksie met portuurgroepe, wat ook as uitdagings in die literatuur gemeld word. Té min of 'n tekort aan aangesig-tot-aangesig-kontakklasse word ook as uitdaging uitgelig. Daar is dus 'n gebrek aan 'n akademiese atmosfeer en afstandsl eerstudente ervaar te veel "vryheid" wat hulle kan verhinder om hulle studies betyds en suksesvol te voltooi.

Verswakte dienslewering aan afstandsl eerstudente word algemeen aangedui. Verder ervaar studente min of geen ondersteuning vanaf dosente nie. Daar is ook 'n gebrek aan terugvoer wat nie betyds aan studente gegee word nie, wat gevolglik effektiewe studies kan beïnvloed.

Die gehalte van afstandprogramme word in die literatuur as 'n uitdaging uitgelig. Die ontwikkeling van programme is nie altyd spesifiek vir afstandslereer aangepas nie, terwyl die studente se behoeftes en leeromstandighede nie altyd in ag geneem word met die aanbied en voorbereiding van afstandprogramme nie. Studiemateriaal wat nie betyds versprei word nie beïnvloed die student se leer- en onderrigtyd, omdat tyd vir voorbereiding en voltooiing van opdragte beïnvloed word.

Voordele van afstandslereer het ook duidelik in die literatuur na vore gekom. Een van die grootste voordele van afstandslereer is dat alle studente wat uitdagings ervaar die geleentheid kry om te kan studeer, aangesien verskeie uitdagings deur afstandslereer oorbrug kan word. Studente uit benadeelde groepe, lae-inkomstegroepe en diegene met ongeletterde ouers kry die geleentheid om 'n kwalifikasie via afstandslereer te verwerf indien hulle aan die minimum vereistes van die kwalifikasie voldoen. Hulle kan tegelyk ook werkend wees en 'n inkomste genereer. Studente kan 'n kwalifikasie verwerf terwyl hul voltyds werk, na hulle kinders tuis omsien, in afgeleë landelike gebiede woon, gevangenisstraf uitdien, afgetree is en tyd het om nuwe velde te verken. Afstandslereer is dus buigsaam: studente kan vanaf enige geografiese ligging studeer en terselfdertyd hulle ander verpligtinge nakom en hulle studies in die tyd tot hul beskikking voltooi.

Afstandslereer gee toegang aan studente wat nie 'n konvensionele opvoedkundige kwalifikasie behaal het nie. Afstandslereer is relatief bekostigbaar en studente het 'n geleentheid om hulle beroepsvaardighede in hulle huidige betrekkinge te verbeter vir moontlike bevordering en loopbaanverandering. Afstandslereer is grotendeels goedkoper as kontakstudies en die koste-effektiwiteit maak dit vir 'n groter deel van lae-inkomstegroepe moontlik om te studeer.

Alhoewel isolasie van studente as 'n uitdaging geïdentifiseer is, word dit ook in die literatuur as voordeel uitgelig, aangesien dit bydra tot konsentrasie wat weer bydra tot die spoedige voltooiing van 'n kwalifikasie. Die meerderheid afstandslereerstudente is ouer studente en is nie afhanklik van ander studente nie. Hierdie studente is dus ook meer aktief betrokke by hulle eie leerproses. Studente se leer word gefasiliteer en hulle word ondersteun om onafhanklike leervaardighede te ontwikkel.

Die ontwikkeling van leerprogramme met die fokus op afstandsléerstudente, wat buigsame en interaktiewe programme insluit, word ook as 'n voordeel beklemtoon. Studente se behoeftes en leeromstandighede word tydens die ontwikkeling en aanbieding van afstandsléerprogramme in ag geneem.

Afstandsléer bied leerondersteuning aan studente en poog om uitdagings wat verband hou met toegang tot verdere studies, te verminder. Verskeie geografiese, ekonomiese en sosiale uitdagings kan deur middel van afstandsléer oorbrug word. Afstandsléer bied toegang tot 'n universiteit met verlaagde kostes, en wat gehalte en buigsame léer verseker. Afstandsléer is buigsam met betrekking tot tyd en ruimte. Studente kan só 'n kwalifikasie verwerf in die tyd tot hul beskikking en vanuit hulle eie ruimte deur van tegnologie gebruik te maak. Afstandsléer bied die geleentheid aan nie-tradisionele, deelydse en ouer persone om 'n kwalifikasie te verwerf (Visser *et al.*, 2012; Belawati & Zuhairi, 2007; Bennett, 2006; Owusu-Boampong & Holmberg, 2015; Simonson, 2013; Wang, 2014). Afstandsléer word beskou as 'n wyse om kennis en vaardighede aan persone te bied wat nie toegang tot tradisionele léer het nie.

Meer studente word bereik deur afstandsléer en klasse word verryk deur van tegnologie gebruik te maak. Onderrig word deur middel van tegnologie na die student geneem. Tegnologie word ook in die algemeen gebruik om met studente via 'n LBS (elektroniese platform) te kommunikeer. 'n LBS kan tuis óf by leerondersteuningsentrums gebruik word. Dit blyk ook uit die literatuur dat leerondersteuningsentrums – waar afstandsléerstudente dan ook toegang het tot rekenaars, die internet en biblioteekfasiliteite – in verskeie lande beskikbaar is. Aanlyn materiaal en hulpmiddels wat op die elektroniese platforms gelaai word, is ook by leerondersteuningsentrums beskikbaar sonder dat enige addisionele kostes gehef word.

Ten laaste, dit blyk ook uit die literatuur dat dosente ondersteuning aan afstandsléerstudente bied deur middel van e-pos, faks, telefoonoproepe en persoonlike kontak. Kontak vind ook plaas deur middel van aanlyn tutoriale briewe waarin daar aan die studente verduidelik word wat in elke module van hulle verwag word. Studente word ondersteun deurdat studiemateriaal aangepas word sodat daar in hulle behoeftes voorsien kan word.

2.4 SAMEVATTING

'n Literatuurstudie oor afstandsl eer is in hierdie hoofstuk onderneem. Hierdie hoofstuk sluit begripsverklaring in, wat die studietitel goed omskryf en verstaanbaar maak. Die doel van die literatuurstudie was onder meer om die ervaringe van afstandsl eerstudente, internasionaal en nasionaal, te ondersoek. Daar is ondersoek ingestel na tendense wat internasionaal asook nasionaal voorkom. Alhoewel hierdie nie 'n vergelykende studie was nie, is daar gefokus op algemene tendense en ervaringe van studente wat deur middel van afstandsl eer aan verskeie universiteite studeer.

Die literatuurstudie het die IDEAL-projek (*Impact of Distance Education and Adult Learning*) belig, wat gefokus het op multimodale universiteite wat onderrig op kontak- sowel as afstandsl eermodus insluit. Die universiteite wat deel vorm van die IDEAL-projek (Finland, die Verenigde Koninkryk, Duitsland en Griekeland) het verskillende interpretasies van onderrig via afstandsl eer. Die IDEAL-projek definieer afstandsl eer as 'n generiese term vir verskillende organisatoriese vorme van onderrig waarin studente en onderwysers/dosente in tyd en afstand geskei word. Die ervaringe van afstandsl eerstudente wat aan instellings in Indië, Swede en Indonesië studeer is ook belig, aangesien duisende studente al deur hierdie bekende afstandsl eerinstellings hulle kwalifikasies verwerf het.

Dit het duidelik uit die literatuurstudie geblyk dat afstandsl eeronderdig as transformasiemedium gebruik word om onder meer ongelykhede in die onderwysstelsel hok te slaan, aangesien almal (ongeag klas, beroep, geloof en geslag) die geleentheid kry om 'n kwalifikasie deur afstandsl eer te verwerf. Uitdagings wat met afstandsl eer verband hou kan ook op verskeie maniere oorbrug word om te verseker dat studente wel die geleentheid kry om 'n tersiëre kwalifikasie te verwerf.


Afstandsl eer bied beide nasionaal en internasionaal die geleentheid en leerondersteuning aan studente om 'n naskoolse kwalifikasie te verwerf. Verskeie geografiese, ekonomiese en sosiale uitdagings word deur afstandsl eer oorkom. Studente het toegang tot 'n universiteit met verlaagde kostes en gehalte onderrigprogramme wat spesifiek vir afstandsl eerstudente ontwikkel is.

Afstandsleer is buigsaam ten opsigte van tyd en ruimte en is 'n wyse om 'n kwalifikasie te verwerf in die tyd wat die student tot sy/haar beskikking het en vanaf 'n verkose plek deur van tegnologie gebruik te maak. Ouer persone kry ook deur middel van afstandsleer die geleentheid om 'n kwalifikasie te verwerf (Visser *et al.*, 2012; Belawati & Zuhairi, 2007; Bennett, 2006; Owusu-Boampong & Holmberg, 2015; Simonson, 2013; Wang, 2014).

Die literatuuroorsig het die ervaring van studente belig wat nasionaal en internasionaal deur middel van afstandsleer studeer. Uitdagings en voordele van afstandsleer, soos dit in die literatuur gemeld word, is ook belig. Die navorsingsontwerp en -metodes wat gebruik is om data in dié studie te bekom, word vervolgens in hoofstuk 3 bespreek.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSONTWERP, NAVORSINGSMETODOLOGIE EN NAVORSINGSMETODE



Figuur 3.1: Diagrammatiese voorstelling van navorsingsontwerp, -metodologie en -metode

3.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 omvat 'n literatuurstudie wat afstandslereer op nasionale asook internasionale vlak bespreek. Daar is aangedui dat afstandslereer geleentheid aan meer studente bied en toegang tot hoër onderwysinstellings verhoog. Studente kry gevolglik die geleentheid om 'n kwalifikasie te verwerf nie-taanstaande uitdagings wat moontlik ervaar kan word. Verskeie geografiese, ekonomiese en sosiale uitdagings wat studente van toelating tot hoër onderwysinstansies weerhou, word deur middel van afstandslereer oorkom. Die literatuurstudie het aangedui dat afstandslereer buigsaam is. Studente kan 'n kwalifikasie deur middel van afstandslereer verwerf deur van tegnologie gebruik te maak. Afstandslereer bied ook nie-tradisionele, deeltydse en ouer persone die geleentheid om 'n kwalifikasie te verwerf (Bennett, 2006; Belawati & Zuhairi, 2007; Visser *et al.*, 2012; Simonson, 2013; Owusu-Boampong & Holmberg, 2015; Wang, 2014).

Hierdie navorsing fokus op studente (in dié studie, spesifiek tweedejaarstudente) se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU).

Hierdie hoofstuk beskryf die wêreldbekouing van die navorser, probleemstelling, doel van die navorsing, navorsingsontwerp, metodologie, navorsingsmetode, data-insamelingmetode, data-analise en interpretasie, asook die geloofwaardigheid (geldigheid) en betroubaarheid van hierdie studie. In Figure 3.2 tot 3.7 word die navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie, navorsingsmetode, data-insamelingsmetode, data-analise en die data-analiseproses diagrammaties voorgestel.

3.2 WÊRELDBESKOUING VIR DIE STUDIE

Navorsing kan op verskillende wyses gedefinieer word. Bertram en Christiansen (2014:6-15) beskryf navorsing in 'n omvattende definisie. Hulle tref onderskeid tussen empiriese navorsing (waar data ingesamel, geanaliseer en saamgevat word) en konseptuele en teoretiese navorsing (waar bevindinge van studies opgesom word en daarna krities ondersoek en bespreek word).

Navorsing word beskryf as 'n wyse om die wêreld om jou te verstaan, 'n proses van sistematiese ondersoek met die doel om meer insig te verkry, en op empiriese bewyse te fokus en tegnieke en prosedures hieruit te identifiseer wat die grondslag van die metodologie vorm (Bertram & Christiansen, 2014:6-15; Kumar *et al.*, 2008:31; Nieuwenhuis, 2016b:51).

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp met 'n epistemologiese en ontologiese onderbou binne 'n interpretivistiese paradigma is gebruik om dié studie te onderneem. Die epistemologiese onderbou van hierdie studie het gelei tot die interpretivistiese paradigma, wat beteken dat die waarheid getoets en geverifieer moes word (Joubert *et al.*, 2016:9; Lichtman, 2010:21). Uit die epistemologiese benadering kan vrae beantwoord word soos waaraan die werklikheid geken word en hoe die werklikheid geïnterpreteer word. Elke deelnemer binne die navorsing beskik egter oor hulle eie siening van die waarheid, belewenis en werklikheid soos hulle die wêreld om hulle interpreteer en self beleef. Die deelnemers se interpretasie word dus beïnvloed deur hulle eie belewenis van die waarheid. Aangesien die navorsing deur die lense van verskillende deelnemers beskou word (elk met verskillende ervarings en menings), word daar na die ontologie verwys – 'n interpretivistiese benadering word gevolg om ondersoek in te stel na wat die waarheid is (Joubert *et al.*, 2016:9). Die deelnemers se response is gebaseer op die interpretasie van gebeure, kontekste en situasies. Daar bestaan dus veelvuldige interpretasies van eenvoudige gebeurtenisse. Die realiteit is in wese kompleks, daarom word die navorsing ook deur die lens van die deelnemers eerder as slegs deur die lens van die navorser ondersoek.

3.3 EENHEID VAN ANALISE

Die eenheid van analise vir hierdie studie was studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad. Dié BEd-graad, via afstandslereer, is vir die eerste keer in 2016 aan die NWU aangebied.

3.4 PROBLEEMSTELLING

Afstandsleer bied vir verskeie studente 'n geleentheid om 'n tersiêre kwalifikasie te verwerf. Studente wat deur middel van afstandsleer studeer sou moontlik weens verskeie redes, soos sosio-ekonomiese omstandighede, nie 'n kwalifikasie kon verwerf indien hulle voltyds aan 'n universiteit moes studeer nie. Al bied afstandsleer die geleentheid aan verskeie studente om 'n tersiêre kwalifikasie te verwerf, hou afstandsleer steeds sekere uitdagings in. In hierdie studie is daar gepoog om ondersoek in te stel na studente se ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad. Uit die ervaring van dié afstandsleerstudente kon die voordele en uitdagings van afstandsleer ondersoek word. Dié studente se ervaring (hetsy positief óf negatief) sou 'n bydrae kon lewer tot die ontwikkeling en samestelling van ander afstandsleerprogramme.

3.5 NAVORSINGSVRAAG

Hierdie studie het ten doel gehad om onderstaande navorsingsvraag te beantwoord:

- Wat is studente se ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

Die volgende sekondêre en verbandhoudende navorsingsvrae het vanuit bovermelde primêre navorsingsvraag gespruit:

- Wat is studente se ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van administratiewe ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?
- Wat is studente se ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van akademiese ondersteuning?
- Wat is studente se ervaring van afstandsleer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van elektroniese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

Teen die agtergrond van bogenoemde word die doel van die navorsing omskryf.

3.6 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die fokus van hierdie studie was om studente se ervaring van afstandsl eer in die Baccalaureus Educationis (BEd) Grondslagfase-graad te bepaal. Die studie het ten doel gehad om te bepaal:


- wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van administratiewe ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU);
- wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van akademiese ondersteuning;
- wat studente se ervaring is van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van elektroniese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU).

3.7 NAVORSINGSONTWERP

Die ontologiese en epistemologiese onderbou plaas die studie binne die metateoretiese interpretivistiese paradigma of filosofiese vertrekpunt. Die epistemologiese vertrekpunt, wat bepaal dat waarheid geïnterpreteer word en dus nooit noodwendig staties is nie, dwing die studie tot 'n kwalitatiewe navorsingsaanslag of -ontwerp (vgl. Figuur 3.2).

Die studie het ten doel gehad om studente se ervaring van die BEd Grondslagfase-graad te bepaal (vgl. par 3.5). Daarom is 'n fenomenologiese studie onderneem.

Vervolgens word die navorsingsontwerp diagrammaties in Figuur 3.2 voorgestel:



Figuur 3.2: Diagrammatiese voorstelling van die navorsingsontwerp

3.7.1 Ontologiese benadering

Ontologie kan beskou word as 'n betreklike statiese beskouing wat sonder enige eksterne invloede of sosiale interaksie gepaardgaan. Die eksterne invloede veroorsaak gedurige veranderinge. In dié geval word die werklikheid vanuit 'n interpretivistiese paradigma beskou (Joubert *et al.*, 2016:9). Die ontologie handel oor die tipe rol wat die deelnemer en die navorser in die navorsing speel. Ontologie kan beskryf word as dit wat nagevors word of waarna ons opsoek is. Die ontologie ondersteun die navorser om te verstaan dat daar verskillende wyses is waarop die wêreld beskou en 'n probleem verstaan kan word (Thomas, 2009:84-89).

Na aanleiding van die omskrywing en verduideliking van ontologie, is daar nie 'n waarheid nie, aangesien die navorsing deur die lense van verskillende deelnemers beskou word – in dié studie is daar deelnemers wat afstandslere verskillend beskou en ervaar. Daar word verwys na die ontologie wat 'n interpretivistiese benadering volg oor wat die werklikheid is (Joubert *et al.*, 2016:9; Lichtman, 2010:21).

Die ontologiese vraag ontstaan: Wat is die aard van die werklikheid en/of subjektiewe werklikheid?

In hierdie studie is die werklikheid vanuit 'n interpretivistiese paradigma beskou. Volgens Hennink *et al.* (2011:14) en Creswell (2013:24) word die interpretivistiese paradigma of perspektief deur navorsers gebruik om die belewenis te verstaan van 'n ondervinding óf faktore wat die ondervinding kan beïnvloed. Die epistemologiese en ontologiese onderbou van hierdie studie dui dus op 'n interpretivistiese paradigma, wat 'n kwalitatiewe navorsingsmetode aandui. Die vraag oor die aard van die werklikheid kan as 'n ontologiese vraag beskou word, terwyl dit waaraan die werklikheid geken word, 'n epistemologiese vraag verteenwoordig. Die vraag oor hoe kennis van die werklikheid bekom kan word, kan as 'n metodologiese vraag beskou word (Joubert *et al.*, 2016:9).

Hierdie studie het gefokus op studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfasegraad aan die NWU. Die deelnemers aan dié studie se ervaring en leefwêreld kon in dié opsig verskil. Vir die doeleindes van die studie is 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg om ondersoek in te stel na die fenomeen van die studie.

Epistemologie word beskryf as die studie oor kennis van die wêreld rondom ons (Thomas, 2009:84-89) en sal vervolgens bespreek word.

3.7.2 Epistemologie

Volgens Maree en Van der Westhuizen (2007:31) kan kennis vanuit een van twee sienings beskou word. In positivisme word 'n kwantitatiewe benadering gevolg, gestandaardiseerde toetse word gebruik en die navorser word hoofsaaklik as waarnemer beskou. Alternatiewelik kan daar van 'n interpretivistiese siening gebruik gemaak word. 'n Interpretivistiese siening verwys na meer subjektiewe, spirituele of transendentale navorsing wat gewoonlik tot 'n meer subjektiewe beskouing lei. Hiér vervul die navorser 'n deelnemende rol. Die navorser beskou die navorsing vanuit 'n praktiese lens.

Vanuit 'n interpretivistiese paradigma word die werklikheid geken aan die verstaan van onderlinge interaksies binne 'n bepaalde sosiale konteks. Die werklikheid word dus geken deur die konstruering van betekenis of deur die werklikheid vanuit 'n subjektiewe beskouing te interpreteer (Joubert *et al.*, 2016:9).

Die epistemologiese onderbou van hierdie studie het gelei tot die interpretivistiese paradigma, wat beteken dat die waarheid geverifieer moes word (Joubert *et al.*, 2016:9; Lichtman, 2010:21). Vanuit die epistemologiese benadering word vrae beantwoord soos: Waaraan word die werklikheid geken? en Hoe word die werklikheid geïnterpreteer? Vanuit 'n epistemologiese benadering is daar gepoog om die waarheid binne hierdie studie te bepaal. Elke deelnemer beskik egter oor hul eie siening van die waarheid en belewenis soos hul die wêreld om hulle interpreteer. Die belewenis van elke deelnemer word deur die navorser geïnterpreteer. Volgens Maree en Van der Westhuizen (2007:31) het navorsers duidelik en ondubbelsinnig beheer oor die teorieë en posisie wat in 'n navorsingsprojek uitgeoefen word.

Hierdie studie het ten doel gehad om studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU te bepaal. Die metodologie sal vervolgens bespreek word.

3.7.3 Metodologie

'n Metodologiese paradigma kan beskryf word as 'n model of raamwerk wat gebruik kan word om dit wat waargeneem is, beter te verstaan (Nieuwenhuis, 2007a:56). Hennink *et al.* (2011:11) en Joubert *et al.* (2016:38) beaam hierdie stelling en omskryf metodologiese paradigmas as perspektiewe of die wyse waarop daar na gebeure gekyk word. Die metodologiese paradigma word gebruik as wyse en verwysingsraamwerk om dit wat waargeneem is, te organiseer.


Daar word gefokus op die mens se ervaring van hul leefwêreld en hoe dit geïnterpreteer word (Joubert *et al.*, 2016:37). In hierdie studie is daar gefokus op studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad.

Dié afstandsléerstudente, wat regoor Suid-Afrika woon, het elk 'n ander leefwêreld waaruit afstandsléer ervaar en geïnterpreteer kan word. Deelnemers aan dié studie se belewenisse is vanuit 'n fenomenologiese oogpunt bestudeer.

3.7.3.1 Fenomenologie

Hierdie studie is gerig deur 'n fenomenologiese benadering as metodologiese paradigma en word as metateoretiese paradigma/filosofie in die interpretivistiese paradigma gefundeer (Leedy & Ormrod, 2010:108). Volgens Leedy en Ormrod (2010:141) en Nieuwenhuis (2007a:59) is die doel van 'n fenomenologiese studie om die deelnemer se siening (d.w.s. denke, gevoelens en houdings) van 'n verskynsel of probleem te verstaan. Cohen *et al.* (2011:18) beskryf voorts 'n fenomenologiese studie as 'n teorie waardeur 'n navorser inligting oor direkte ervarings bekom. Gedrag en terugvoer word deur ervarings bepaal en nie deur die eksterne, objektiewe en fisiese werklikheid nie (Cohen *et al.*, 2011:18). 'n Fenomenologiese studie het ten doel om 'n individu se lewenservaring van 'n spesifieke fenomeen te beskryf (Lichtman, 2010:75). 'n Fenomenologiese benadering het dit moontlik gemaak om die ervaring van BEd-afstandsléerstudente aan die NWU te bestudeer en te interpreteer.

Vir die doel van hierdie navorsing is daar gefokus op interpretivisme as die metateoretiese paradigma en kwalitatiewe navorsing as metodologiese paradigma, wat vervolgens in Figuur 3.3 diagrammaties voorgestel en daarna bespreek sal word.



Figuur 3.3: Diagrammatiese voorstelling van die metodologie

3.7.3.2 Metateoretiese paradigma: Interpretivisties

Volgens Hennink *et al.* (2011:11) kan 'n paradigma beskryf word as 'n model of raamwerk wat gebruik kan word om dit wat waargeneem is, beter te verstaan. Nieuwenhuis (2007a:56) en Joubert *et al.* (2016:38) beaam hierdie stelling en omskryf metateoretiese paradigmas as die perspektiewe of wyse waarop daar na gebeure gekyk word. Dit word dan gebruik as verwysingsraamwerk om dit wat waargeneem is, te organiseer.

Binne die interpretivistiese paradigma word kennis hoofsaaklik verkry deur die werklikheid te ondersoek. Interpretasie van die werklikheidsgebeure staan voorop waar daar op 'n kwalitatiewe benadering gefokus word (Joubert *et al.*, 2016:9). Deur 'n kwalitatiewe metodologiese benadering word daar gefokus op die mens se ervaring vanuit hulle leefwêreld en hoe hulle dit interpreteer (Joubert *et al.*, 2016:37).

Vanuit 'n interpretivistiese paradigma word die werklikheid bekend deur onderlinge interaksies binne bepaalde sosiale kontekste te verstaan. Die werklikheid word bekend deur die konstruering van betekenis, of dit deur subjektiewe beskouings te interpreteer (Maree, 2016:22, 60; Joubert *et al.*, 2016:9). Volgens Creswell (2013:24) word die belewenis en ondervinding van deelnemers

asook faktore wat deelnemers se ondervinding kan beïnvloed, as die interpretivistiese paradigma of perspektief beskryf, wat deur navorsers gebruik word om die belewenis van 'n ondervinding of faktore wat die ondervinding kan beïnvloed, te verstaan. Hennink *et al.* (2011:14) is ook van mening dat navorsing vanuit 'n interpretivistiese paradigma poog om mense se belewenis en die subjektiewe betekenis wat hulle aan hul ervaring heg, te verstaan. Verskeie gebeurtenisse (ervaringe) en perspektiewe rondom 'n spesifieke gebeurtenis of situasie word vanuit die interpretivistiese benadering ondersoek. Volgens Nieuwenhuis (2007a:59-60) word 'n interpretivistiese paradigma op die volgende aannames gebaseer: menslike optrede kan net verstaan word deur waar te neem hoe mense op ervaringe reageer en watter invloed die belewenis van die ervaringe op hulle interaksie met andere het; sosiale interaksie met andere is 'n eiesoortige menslike produk; die menslike verstand is die doelgerigte bron van oorsprong van betekenis; menslike gedrag word deur kennis van die sosiale wêreld beïnvloed; en die sosiale wêreld is nie losstaande van menslike kennis nie.

In hierdie studie wou die navorser studente se ervaring (hetsy positief óf negatief) van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU deur middel van 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie ondersoek.

3.7.3.3 Metodologiese paradigma: kwalitatiewe navorsingsbenadering

In kwalitatiewe navorsing word daar indiepte-ondersoek oor 'n bepaalde verskynsel gedoen – in die geval van dié studie, studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU.

Binne 'n kwalitatiewe studie stel die navorser 'n navorsingsvraag. Hierdie navorsingsvraag omsluit 'n sentrale vraag, waaruit 'n aantal subvrae kan spruit. Met dié vraag of vrae word ondersoek ingestel na 'n sentrale fenomeen van die studie (Joubert *et al.*, 2016:64). Die fenomeen wat die navorser in dié studie wou ondersoek en verstaan was studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU. Hierdie kwalitatiewe navorsing mag bydra tot die indiepte-bewuswording van die ervaring van afstandslereerstudente, wat later met die

implementering van nuwe afstandsl eerprogramme gebruik kan word om studente te ondersteun sodat hulle sulke programme suksesvol kan voltooi.

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering behels 'n indiepte-ondersoek na 'n gestelde verskynsel (Maree, 2016:40, Joubert *et al.*, 2016:110). Die volgende hoofnavorsingsvraag is in hierdie kwalitatiewe studie gestel:

- Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?


Ten einde bogenoemde navorsingsvraag te beantwoord en te verstaan moes die navorser 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie volg.

3.7.4 Navorsingsmetode

Die navorsingsmetode fokus op die proses en prosedure wat tydens die navorsing gevolg is. Hierdie verkennende navorsingstudie het gefokus op studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik om dié studente se ervaring te ondersoek.

'n Kwalitatiewe navorsingsmetode is as geskik beskou vir hierdie navorsing aangesien 'n sentrale fenomeen – naamlik studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) – as kerngedagte of kernkonsep in dié studie ondersoek is.

Die navorsingsmetode, wat die populasie en deelnemers insluit, word diagrammaties hieronder (Figuur 3.4) uiteengesit.



Figuur 3.4: Navorsingsmetode, populasie en deelnemers aan die navorsing

3.7.4.1 Populasie en deelnemers

Die navorser het die populasie waaruit die steekproef geneem is, deeglik oorweeg. Die populasie is die totale aantal persone wat in 'n studie ingesluit kan word en deelnemers verwys na die populasie wat uiteindelik aan die navorsing deelneem.

- **Populasie**

Vir die doel van hierdie navorsing is die populasie doelgerig geselekteer. Al die BEd Grondslagfase-afstandsleerstudente (in dié studie, tweedejaar-afstandsleerstudente) aan die NWU het 'n uitnodiging op eFundi ontvang om aan die studie deel te neem (Addendum E). Dié tweedejaarstudente het in 2016 as eerstejaarstudente geregistreer en was die eerste inname vir die BEd Grondslagfase-graad wat deur afstandsleer aangebied word. Hierdie studente was met die aanvang van die navorsing reeds bekend met die prosesse van die NWU en sou dus waardevolle inligting daaromtrent kon verskaf. Die prosesse waarmee die deelnemers reeds bekend was sluit in: aansoek; registrasie; ontvangs van studiemateriaal; administratiewe en akademiese ondersteuning; bywoning van interaktiewe witbordsessies; inhandiging van opdragte; eksamenaflegging; en terugvoer op punte behaal vir opdragte en eksamens.

- **Deelnemers**

Deelnemers aan dié studie is deur middel van doelgerigte ewekansige gerieflikheidsteekproefneming geselekteer. Oop-eind-vraelyste is voorts gebruik om data in te samel.

Die institusionele navorsingskomitee, oftewel die *NWU Research Data Gatekeeper Committee*, het ten doel om te verseker dat navorsing op 'n etiese wyse aan die NWU uitgevoer word en dat die institusionele registrateur bewus is van alle navorsing wat by dié universiteit plaasvind. Dié komitee het vereis dat tweedejaar-afstandsl eerstudente wat vir die BEd Grondslagfase-graad geregistreer was, skriftelik op eFundi uitgenooi word om aan dié studie deel te neem. Studente wat aan die studie wou deelneem kon op 'n skakel klik om die vraelys te voltooi.


Tweedejaar-afstandsl eerstudente is geselekteer omdat hulle reeds 'n jaar se studies voltooi het en bekend was met die prosesse van die NWU betreffende aansoek om toelating tot die graad; die registrasieproses; ontvangs van studiemateriaal; ontvangs van lesings deur interaktiewe witbordsessies; indiening van opdragte, eksamenaflegging; en ontvangs van punte. Die geselekteerde deelnemers kon rapporteer oor enigiets wat met hul ervaring van afstandsl eer verband hou en die uitkomste van dié studie moontlik kon beïnvloed.

Die navorser het die administrateur van die EOAL eFundi-blad versoek om 'n uitnodiging tot deelname aan die studie op die eFundi-administrasieplatform te plaas om sodoende die BEd Grondslagfase-studente skriftelik uit te nooi om aan die navorsing deel te neem (vgl. Addendum E). eFundi, 'n sagtewareplatform, word as die LBS gebruik waardeur kommunikasie tussen die EOAL (administratief), dosente en studente plaasvind (vgl. par 1 5.1.2).

'n Uitnodiging tot deelname aan die navorsing is in Engels op die eFundi-platform op die volgende datums geplaas: 4 Junie 2017; 22 Junie 2017; 6 Julie 2017; 13 Julie 2017; en weer op 2 Augustus 2017. Die *Google Forms*-skakel waarop die studente kon klik om die elektroniese vraelys te voltooi, is ook op eFundi gelaai.

Die uitnodiging was in Engels aangesien dié taal as voertaal in die BEd Grondslagfase-graad gebruik word. Die elektroniese vraelys is op 23 Augustus vir deelname gesluit.

Binne hierdie navorsing is daar van 'n gerieflikheidsteekproef gebruik gemaak (Joubert *et al.*, 2016:97) omdat die tweedejaar-afstandsléerstudente vrywillig die vraelys op eFundi kon voltooi. Ses-en-veertig (46) van die totale 482 tweedejaar-afstandsléerstudente wat ten tyde van dié studie vir die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU geregistreer was, het vrywillig deelgeneem en die oop-eind-vraelys voltooi.



Figuur 3.5: Diagrammatiese voorstelling van die data-insamelingsmetode

3.7.4.2 Die elektroniese vraelys as data-insamelingsinstrument

'n Elektroniese vraelys bestaande uit oop-eind-vrae, wat deur die navorser saamgestel is en as geskik vir hierdie navorsing beskou kan word, is gebruik om die kwalitatiewe data in te samel. Die gebruik van 'n elektroniese vraelys is goedkoop omdat studente oor 'n afstand bereik kon word en die deelnemers kon tydens die voltooiing van die vraelys oor hulle response nadink (Joubert *et al.*, 2016:317). Die studente kon die vraelys in die gerief van hulle eie huise en in hulle eie tyd voltooi. Aangesien die terugvoer anoniem was, kon die studente openlik oor hulle ervaring van die BEd-afstandsléerprogram reflekteer (Joubert *et al.*, 2016:221).

Volgens Thomas (2009:182) is die gebruik van elektroniese vraelyste 'n gerieflike wyse om data in te samel, aangesien die navorser binne 'n kort tydperk die vraelyste kan versprei en die voltooië vraelyste weer kan ontvang.

Die elektroniese vraelys is op *Google Forms* op die *Google-skyf* saamgestel. 'n Uitnodiging tot deelname is op die LBS-platform (eFundi) gelaai. Die *Google Forms*-skakel waarop die studente kon klik om die vraelys te voltooi, het deel gevorm van die uitnodiging tot deelname. Die uitnodiging tot deelname is by verskeie geleenthede op eFundi geplaas: 14 Junie 2017; 22 Junie 2017; 6 Julie 2017; 13 Julie 2017; en weer op 2 Augustus 2017.

Deelnemers kon op die volgende skakel klik om die vraelys te voltooi en dit weer in te dien: <https://goo.gl/forms/38OfHta8DGW0krtV2>. Die vraelys is op 23 Augustus 2017 vir deelname gesluit.

Die gebruik van elektroniese vraelys is as 'n goedkoop, effektiewe en vinnige wyse beskou om die tweedejaar-afstandslereerstude te wat vir die BEd Grondslagfase-graad geregistreer was, regoor die land te bereik. Die elektroniese vraelys (bestaande uit oop-eind-vrae) het die studente die geleentheid gebied oor die vrae na te dink en dit dan volledig in hulle eie tyd te beantwoord (Joubert *et al.*, 2016:317).

Die ontwikkeling van die vraelys as data-insamelingsinstrument sal vervolgens bespreek word.

3.7.4.3 Ontwikkeling van die vraelys

'n Vraelys is 'n toepaslike instrument vir die insameling van inligting aangaande deelnemers se ervaring van afstandslere in die BEd Grondslagfase-graad (Loubser, 2015:97). Kumar (2014:178) asook Gall *et al.* (1996:289) omskryf 'n vraelys as 'n instrument wat dieselfde vrae aan al die deelnemers stel en al die deelnemers se geskrewe response ontvang. Die deelnemers het 'n geskrewe respons verskaf op elk van die 17 vrae in die vraelys. Die navorser kon gevolglik die ingesamelde data kontroleer. Vraelyste bied deelnemers ook die vryheid om in hulle verkose plek en tyd die vraelys te voltooi (Leedy & Ormrod, 2010:189).

'n Konsepvraelys is saamgestel volgens die volgende riglyne wat deur Leedy en Ormrod (2010:194-197) voorgestel is:

- die vraelys moet nie te lank wees nie;
- die vraelys moet genoegsame inligting verskaf;
- die vraelys moet interessant wees;
- items moet op 'n sinvolle wyse gestruktureer word sodat dit so eenvoudig as moontlik ingevul kan word;
- items op die vraelys en bladsye moet numeries gerangskik wees;
- bondige en duidelike instruksies moet op die vraelys voorkom; en
- die vraelys moet aantreklik en professioneel wees (Ary, Jacobs & Razavieh, 1996:429; Leedy & Ormrod, 2010:194).

Twee dosente wat betrokke was by die onderrig van die BEd Grondslagfase-graad het ook die konsepvraelys besigtig sodat hulle hul professionele mening oor die volgende aspekte kon lug:

- die duidelikheid en verstaanbaarheid van die items;
- die aanwesigheid van dubbelsinnige items;
- inhoudsgeldigheid van die vraelys; en
- enige verdere tekortkominge in die vraelys.

Na aanleiding van die terugvoering van dié akademici is die nodige aanpassings aan die konsepvraelys aangebring en die vraelys is gefinaliseer. Die gefinaliseerde vraelys (Addendum E) is die op die *Google*-skyf gelaaai.

3.7.4.4 Struktuur en inhoud van die vraelys

Die vraelys is vergesel van 'n begeleidende brief om die doel van die studie en vraelys aan die deelnemers te verduidelik. Hierdie begeleidende brief bepaal in 'n groot mate of die deelnemer die vraelys sal invul al dan nie (Leedy & Ormrod, 2010:199). Die vraelys is opgestel in sowel Afrikaans as Engels en die deelnemer kon die vraelys in die taal van sy/haar keuse voltooi.

Die vraelys het uit twee afdelings (Afdeling A en Afdeling B) bestaan. Hoewel hierdie 'n kwalitatiewe studie was, het Afdeling A die biografiese gegewens van die student ingewin om duidelikheid te verkry oor die deelnemersprofiel.

Die vier items, soos vervat in Afdeling A (Addendum E), hou verband met die volgende biografiese gegewens van die deelnemers:

- die geslag van die deelnemers;
- die ouderdom van die deelnemers;
- die etniese samestelling van die deelnemers, en
- die werksituasie van die deelnemers.

Afdeling B het 16 vrae (Addendum E) bevat wat verband gehou het met inligting oor studente se ervaringe van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU en het op die volgende aspekte gefokus:

- Waarom afstandsl eer die keuse van studie was;
- Die algemene gevoel oor afstandsl eer;
- Uitdagings wat verband hou met afstandsl eer;
- Voordele wat verband hou met afstandsl eer;
- Ondersteuning wat deur die NWU aan studente gebied word, onder meer administrasie soos kontak met die inbelsentrum en kontak met dosente;
- Voorstelle van studente om die afstandsl eerervaring te verbeter;
- Die voordele en nadele van die gebruik van tegnologie.

3.7.4.5 Voltooiing en interpretasie van die vraelys

Ses-en-veertig (46) van die totale 482 tweedejaar-afstandsl eerstudente wat ten tyde van dié studie vir die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU geregistreer was, het die uitnodiging tot deelname aan die navorsing vrywillig aanvaar. Die aantal (46) deelnemers wat die vraelys voltooi het, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat studente nog besig was met eksamenvoorbereiding óf moontlik nie die uitnodiging op eFundi gesien het nie. Die aantal

deelnemers in 'n kwalitatiewe studie is nie van belang nie, aangesien 'n groot deelnemergroep nie die geloofwaardigheid van die studie sal verhoog nie. In kwalitatiewe navorsing moet daar op die response van die deelnemers gefokus word (Kumar, 2014:209; Joubert *et al.*, 2016:105). In hierdie studie is 46 response bereik en die navorser het nie weer 'n uitnodiging tot deelname geplaas nie, aangesien dit genoegsaam is vir 'n kwalitatiewe studie.

Die voltooide vraelyste is anoniem deur die deelnemers op eFundi ingedien en die identiteit van elke deelnemer is beskerm. Die identiteit van die deelnemers, wat ook aan die navorser as data-ontleder anoniem was, het bygedra tot die waarde van die navorsing omdat studente gemaklik en eerlik alle vrae volledig kon beantwoord. Die data-insameling het in een fase en deur middel van een data-insamelingsmetode (naamlik 'n elektroniese vraelys bestaande uit oop-eind-vrae) geskied.

Daar is verskeie voordele verbonde aan die gebruik van 'n elektroniese oop-eind-vraelys as data-insamelingsmetode (Maree & Pietersen, 2016:174-190; Bertram & Christiansen, 2014:71-79):

- heelwat deelnemers kan 'n vraelys in 'n kort tydperk voltooi;
- dit is 'n goedkoop en maklike wyse om data in te samel;
- deelnemers kan maklik oor lang afstande bereik word;
- die terugvoer is optimaal en gedetailleerd;
- aangesien studente anoniem die vraelyste beantwoord, is terugvoer baie eerlik en opreg;
- deelnemers kan die vraelys voltooi op 'n tyd wat vir hulle geleë is;
- deelnemers word nie beïnvloed deur 'n onderhoudvoerder nie en hulle kan hul ervaring en opinies vrylik aanteken;
- gekompliseerde vrae kan volledig beantwoord word; en
- tematiese analise van terugvoer lewer interessante inligting, kategorieë en subkategorieë (Maree & Pietersen, 2016:174-190; Bertram & Christiansen, 2014:71-79).

Maree en Pietersen (2016:174-190) asook Bertram en Christiansen (2014:71-79) lig voorts ook verskeie nadele uit verbonde aan die voltooiing van oop-eind-vraelyste:

- lae vlak van deelname tydens die voltooiing van vraelyste is algemeen;
- voorwaardes waaronder die vraelyste voltooi is, kan nie beheer word nie;
- die navorser is nie altyd teenwoordig as die deelnemers die vraelyste voltooi nie en kan nie verseker dat die deelnemer die vrae verstaan of enige ondersteuning bied nie;
- die navorser weet nie vooraf hoeveel deelnemers sal deelneem nie;
- die navorser kan dit moontlik moeilik vind om data te analiseer en te kodeer aangesien die terugvoer en hoeveelheid inligting van deelnemers kan verskil;
- deelnemers het meer tyd nodig om te dink en hul antwoorde te tik/skryf eerder as deur net blokkies te merk;
- dit neem langer om oop-eind-vrae te beantwoord;
- statistiese analise is ingewikkeld;
- oop-eind-vraelyste vereis dat die deelnemers wel vaardig moet wees in die taal waarin die vraelys opgestel is.

Die uitnodiging tot deelname is aan al die tweedejaar-afstandleerstudente wat vir die BEd-Grondslagfase-graad geregistreer was, op die eFundi-administrasieblad beskikbaar gestel. Voordat die vraelys voltooi kon word, moes die studente eers die inligtingstuk en ingeligte toestemming lees en voltooi deur op 'n blokkie te klik.

Die terugvoer op die elektroniese oop-eind-vraelyste is onmiddellik aan die navorser bekendgemaak. Alhoewel die oop-eind-vrae langer neem om te voltooi, het die studente die geleentheid gehad om hulle opregte en eerlike ervaring met die navorser te deel. Die studente kon die vraelyste in die tyd tot hul beskikking voltooi, aangesien hul enige tyd via die internet op hul selfone of rekenaars toegang tot die vraelys kon kry. Die navorser kon die deelnemers se antwoorde moniteer om te bepaal of enige onduidelikhede voorkom sodat aanpassings en verduidelikings aangekondig kon word. Na die navorser se mening was daar geen behoefte om verduidelikings of aanpassings op vrae te plaas nie.

Die vrae is so eenvoudig moontlik en relevant vir die studente opgestel. Al die deelnemers was vaardig in Engels aangesien die BEd-graad in Engels aangebied word, en daarom is die vraelys aanvanklik in Engels opgestel. Die vraelys is egter ook in Afrikaans opgestel, aangesien hierdie verhandeling in dié taal aangebied word.

3.8 GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

Geloofwaardigheid (geldigheid) van die navorsing beteken dat die vraelys meet wat dit veronderstel is om te meet (Joubert *et al.*, 2016:138; Leedy & Ormrod, 2010:92). Leedy en Ormrod (2010:100) beveel aan dat daar na geloofwaardigheid eerder as geldigheid en betroubaarheid binne die konteks van kwalitatiewe navorsing verwys moet word.

Die geloofwaardigheid, egtheid en die soeke na die “waarheid” van die navorsing is belangrik en daar moet in ag geneem word dat ’n enkele of finale waarheid nie altyd moontlik is nie. Daar kan dus nie na ’n enkele waarheid verwys word nie, aangesien die navorser en deelnemers die wêreld vanuit verskillende perspektiewe beskou, wat gevolglik realiteit en kennis beïnvloed (Joubert *et al.*, 2016:138). Wat geloofwaardigheid aanbetref, is daar in dié studie gefokus op verbandhoudende subafdelings van geloofwaardigheid, wat as kriteria vir gehalteversekering gebruik is. Die navorser het geloofwaardigheid verseker deurdat die navorsing so deeglik, openlik en eerlik as moontlik uitgevoer is. Die ingesamelde data is in diepte bestudeer en die analise van die ingesamelde data is so eerlik en logies as moontlik geïnterpreteer en weergegee.

Ten einde betroubaarheid te verseker het die navorser die vraelys en die “rou” data gekontroleer deur akademië wat betrokke was by afstandslere, te versoek om dit ook te lees. Die navorsingskonteks is in detail beskryf en reflektiewe notas is oor die navorsingsproses gemaak.

Verder is etiese oorwegings deeglik beskryf en die navorser het verseker dat kristallisering plaasgevind het deur die fasette van die realiteit of werklikheid wat bestudeer is, te erken en te beskryf (Joubert *et al.*, 2016:139).

3.9 KRISTALLISASIE

Daar word voorgestel dat die term kristallisatie eerder as die term triangulasie in kwalitatiewe navorsing gebruik word, aangesien dit as 'n beter begrip beskou word (Jansen, 2016:43). Kristallisatie gee 'n dieper, komplekse, deeglik gedeeltelike begrip van die onderwerp (Jansen, 2016).

In hierdie studie is daar van kristallisatie gebruik gemaak om die geloofwaardigheid van die bevindinge aan te dui. Volgens Nieuwenhuis (2007b:70-71) word die menslike begrip tydens kwalitatiewe navorsing ondersoek. As die fenomeen vanuit 'n interpretivistiese perspektief ondersoek word, sal dit duidelik wees dat mense se sienings en realiteit verskil en dat hierdie verskillende perspektiewe die unieke realiteit en identiteit van deelnemers beklemtoon. Daar kan dus nie na 'n presiese en meetbare bevinding verwys word nie, maar slegs na die werklikheid soos dit deur elke deelnemer geïnterpreteer en geskep is en wat uiteindelik deur die navorser beskryf en geanaliseer word. Nieuwenhuis (2007b:81) verwys na kristallisatie as 'n konsep wat 'n persoon in staat stel om iets wat as 'n vaste, rigiede, tweedimensionele voorwerp gesien word, te verskuif na die idee van 'n kristal wat veelvuldige dimensies het. Kristallisatie voorsien die navorser van 'n komplekse en dieper begrip van die bevindinge. Die bevindinge is dit wat vanuit die data gekristalliseer het. Kristallisatie is 'n wyse waarop die navorser die resultate as geldig bestempel.

Volgens Maree en Van der Westhuizen (2007:37) is dataverifiëring 'n vorm van gehalteversekering en dit is belangrik dat resultate eners bly, al word data op verskillende wyses ingesamel. Kristallisatie bied dus 'n komplekse en dieper begrip van die verskynsel.

Aangesien die navorser die navorsingsinstrument is, verteenwoordig die bevindinge sy/haar eie herinterpreteerde begrip van die fenomeen. Kristallisatie is dus gebaseer op die navorser se eie begrip van die data wat ingesamel is. Die gekristalliseerde werklikheid is sover geloofwaardig soos dié persone wat die data lees en die analise jou in staat sal stel om dieselfde ontwikkelende

patroon te identifiseer, wat sal bydrae tot die geloofwaardigheid van die navorsing (Maree, 2016:121-123).

3.10 ETIESE ASPEKTE VAN DIE NAVORSING

Etiese voorwaardes behels reëls wat die navorser moet nakom asook die verantwoordelikheid van die navorser jeens alle partye en deelnemers wat by die studie betrokke is. Navorsing berus op onderlinge respek, morele waardes, vertroue, beskerming, samewerking, beloftes en aanvaarde ooreenkomste en verwagtinge tussen al die partye daaraan deelneem (Joubert *et al.*, 2016:40; Leedy & Ormrod, 2010:101).

Hierdie navorsing is eers aan die Fakulteit Opvoedkunde van die Noordwes-Universiteit (NWU) se etiekkomitee asook aan die *NWU Research Data Gatekeeper Committee* voorgelê vir etiese goedkeuring. Die *NWU Research Data Gatekeeper Committee* het vereis dat 'n advertensie geplaas word om studente te nooi om aan die navorsing deel te neem. Die navorsing is deur dié komitee goedgekeur en die volgende verwysingsnommer is daaraan toegeken: NWU-00347-17-A2 (Addendum D). Die etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit het ook etiese klaring toegestaan (NWU-00347-187-S2) (Addendum C).

Alvorens die navorsing uitgevoer is, is skriftelike toestemming van die uitvoerende direkteur van die EOAL en die dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe² verkry (Addendum A).

Binne die navorsing is vertroulikheid, die reg op privaatheid, vrywillige deelname en beskerming van die deelnemers verseker. Studente is voorts ook uitgenooi om aan die navorsing deel te neem. 'n Boodskap is op die eFundi-administrasieplatform geplaas en die deelnemers kon die uitnodiging aanvaar deur op die beskikbare skakel te klik en die vraelys te voltooi (vgl. par. 3.7.3). Die eFundi-platform was gebruik omdat alle studente hierop geregistreer is.

² Die naam Fakulteit Opvoedingswetenskappe het in 2017 na die Fakulteit Opvoedkunde verander.


Geen student se persoonlike inligting is tydens die studie gebruik of bekendgemaak nie. Vrywillige deelname was verseker, aangesien die student die keuse kon uitoefen om op die skakel te klik en die vraelys te voltooi. Slegs deelnemers wat ingeligte toestemming gegee het deur op die skakel te klik, kon aan die studie deelneem. Toestemming tot deelname aan die studie is dus elektronies van elke deelnemer verkry. Die vraelys kon nie voltooi word indien die deelnemer nie die inligtingsbrief gelees het en toestemming gegee het dat hy/sy daarvan bewus was dat die vraelys vrywillig voltooi word en dat hy/sy verstaan dat hy/sy te eniger tyd aan die navorsing kon onttrek nie. Die onafhanklikheid van die deelnemers is deurgaans gerespekteer en vryheid van keuse is gehandhaaf. Die deelnemers se reg op privaatheid is erken en beskerm en vertroulikheid van die ondersoek is gehandhaaf (Thomas, 2009:154-159).

Dokumentasie is veilig op die navorser se *Google*-skyf gestoor. Die navorser het verseker dat geen inligting aan 'n deelnemer gekoppel kan word nie en dat dit onmoontlik is om data aan 'n spesifieke persoon te koppel (Bertram & Christiansen, 2014:184-196).

Duidelike en verstaanbare kommunikasie is deurgaans gehandhaaf. Die navorsingsdoelwitte, data-insamelingsinstrumente asook die wyse waarop die inligting gebruik sou word, is skriftelik aan die deelnemers as belanghebbende partye gekommunikeer en verduidelik (Nieuwenhuis, 2016c). Slegs die navorser het toegang gehad tot die voltooide oop-eind-vraelyste wat op die *Google*-skyf beskikbaar was.

Die data-analise- en -interpretasieproses word vervolgens beskryf.

3.11 DATA-ANALISE



Figuur 3.6: Diagrammatiese voorstelling van data-analise en -interpretasie

Kwalitatiewe data wat deur elektroniese oop-eind-vraelyste ingesamel is, is deur middel van inhoudsanalise geanaliseer (Joubert *et al.*, 2016:117) (vgl. par. 3.7.3.1). Vir die doeleindes van die data-analise is die inhoud van die voltooide oop-eind-vraelyste verbatim getranskribeer, waarna data-kodering en tematiese analise uitgevoer is (vgl. par 3.11.1 en Tabel 3.1). Temas is uit die data geïdentifiseer en bevindinge is bespreek (vgl. par 3.11.1 en Figuur 3.7).

3.11.1 Induktiewe tematiese analiseproses

In dié studie het data-analise plaasgevind deur middel van literatuurontleding en die ontleding van die voltooide elektroniese oop-eind-vraelyste (Joubert *et al.*, 2016:117).


Data-analise is 'n induktiewe proses wat deeglike beplanning en organisering van die data vereis voordat die navorsingsverslag saamgestel kan word (Merriam, 2009:176). Temas wat uit die voltooide data geïdentifiseer word, word induktiewe tematiese analise genoem, wat beteken dat daar van spesifieke data na onbekende data beweeg word. Hierdeur word die beskrywing van die kompleksiteit van die situasie verkry (Nieuwenhuis, 2016a:107). Temas kristalliseer gevolglik uit die data-analiseproses.

Die voltooid oop-eind-vraelyste is van die *Google*-skyf elektronies afgelaai waarna die response van die deelnemers getranskribeer is. Die transkripsies is gelees en bestudeer om 'n algehele indruk van die inhoud en konteks te verkry, waarna dit met behulp van *Atlas.ti*TM geanaliseer is. *Atlas.ti*TM is 'n sagtewareprogram waarin die navorser kodes toeken aan belangrike inligting binne die transkripsie. Hierdie sagtewareprogram help die navorser om die data te bestuur. Dit bly egter die navorser wat die data analiseer. Koderingswoorde is geformuleer om ooreenstemmende eenhede of segmente in die transkripsie te identifiseer. In hierdie studie het kodering in drie kronologiese vlakke geskied, naamlik:

- Oop kodering: Dit is die identifisering en benaming van segmente binne die transkripsie. Die klem is gelê op woorde, frases en verhoudings binne die transkripsie waarvolgens die segmente uitgelig en geëtiketteer is (Joubert *et al.*, 2016:124, 222).
- Aksiale (tematiese) kodering: Die geëtiketteerde woorde wat in die voorgaande fase geïdentifiseer is, is hersien en ondersoek. Kategorieë en patrone is tydens hierdie stap geïdentifiseer en binne temas georganiseer (Saldaña, 2009:152; Joubert *et al.*, 2016:222).
- Selektiewe kodering: Al die kernkategorieë of -kodes wat geïdentifiseer is, is selektief besigtig. Ooreenkomste en verskille wat verband hou met die navorsingsvrae is geïdentifiseer en vergelyk (Joubert *et al.*, 2016:223).

Die response is gekodeer, waarna kodes in die soektog na patrone gekategoriseer is (Bogdan & Biklen, 2006:153). 'n Kode is 'n woord of frase wat simbolies die essensie vasvang wat die gedeelte, taal of visuele data omskryf (Saldaña, 2013:3). Hierdie kodes word gebruik om verbande te bepaal. Verbandhoudende kodes word verbind om kategorieë te vorm totdat subtemas uit die data kan voortspruit. Temas is deur middel van interpretasie geanaliseer. Elke hooftema is bespreek en verbandhoudende aanhalings uit die transkripsies is hierby ingesluit ter ondersteuning van die spesifieke tema. Koderingswoorde is geëvalueer en volgens die navorsingsdoelwitte gesorteer. Gekodeerde transkripsies is ook aan 'n onafhanklike ontleder gegee om die geloofwaardigheid (geldigheid) en betroubaarheid van die analise te verseker.

Ná afloop van die analise is daar 'n konsensusgesprek met die onafhanklike ontleder gevoer en op grond daarvan is die finale kategorieë geïdentifiseer, waarna induktiewe bevindinge verkry is (Saldaña, 2013:3-8). Die kwalitatiewe analiseproses is voltooi deur die identifisering van ooreenkomstige temas, verhoudinge en patrone. Vervolgens word die data-analise diagrammaties in Figuur 3.7 uiteengesit, waarna dit stapsgewys verduidelik sal word.



Figuur 3.7: Die data-analiseproses

Die stappe wat tydens die data-analiseproses gevolg is, word vervolgens hieronder saamgevat:

Tabel 3.1: Stappe tydens die data-analiseproses

Stappe	Beskrywing van die stappe	Aksies
<p>Stap 1</p> <p>Data-insameling</p>	<p><i>Google Forms</i> is gebruik om data in te samel via 'n elektroniese vraelys met oop-eind-vrae wat deur die navorser opgestel is</p>	<p>Op 14 Junie 2017 is daar 'n uitnodiging aan die 482 tweedejaar-afstandslouerstudente (geregistreer vir BEd Grondslagfase) op die eFund-administrasieplatform geplaas. Deelnemers kon vrywillig die vraelys voltooi. Die uitnodiging is by vyf geleenthede geplaas om te verseker dat soveel moontlik studente die geleentheid kon kry om deel te wees van die navorsing. Die vraelys was vir ses weke aktief gehou sodat studente dit kon voltooi. Die vraelys is op 23 Augustus 2017 vir deelname gesluit.</p>

Stap 2 Transkribeer	Analise van die 46 deelnemers se oop-eind-vraelyste wat via <i>Google Forms</i> voltooi is.	Die voltooide vraelyste is deur die navorser verwerk. Die identiteit van die deelnemers is beskerm deurdat die vraelys anoniem voltooi is.
Stap 3 Oorsig	Die navorser het 'n oorsig oor al die antwoorde verkry	Die transkripsie is gelees en bestudeer om 'n algehele indruk van die inhoud en konteks te verkry.
Stap 4 Kodeer	Bestudering van die data en identifisering van ooreenstemmende data-segmente in die getranskribeerde vraelyste	Ooreenstemmende data-segmente is geïdentifiseer
	Oop kodering Aksiale kodering Selektiewe kodering	Data is drie maal met behulp van Atlas.ti™ gekodeer
Stap 5 Kategoriseer	Skep van kategorieë	Data-segmente is gekategoriseer op grond van ooreenkomste en verskille.
Stap 6 Groepering	Subtemas is geskep	Die kategorieë is in vier subtemas gegroepeer.
Stap 7 Tematisering	Temas het uiteindelik uit die data gekristaliseer	Uit die vier subtemas het twee temas gekristaliseer wat sal fokus op die bevindinge en beantwoording van elke vraag.
Stap 8 Kristallisasie	Temas (bevindinge) is bespreek	Temas is bespreek en geïnterpreteer teen die agtergrond van relevante literatuur, transkripsies en die navorser se eie insig.

3.11.2 Gebruik van Atlas.ti™ vir data-analise

Atlas.ti™ is 'n sagtewareprogram waarin die navorser kodes toeken aan belangrike inligting (kodes) binne die transkripsie. Hierdie sagtewareprogram help die navorser om die data te bestuur. Dit bly egter die navorser wat die data analiseer. Die navorser het die voltooide vraelyste etlike kere deurgelees voordat die tematisering met behulp van Atlas.ti™ uitgevoer is. Verskeie kodes is geïdentifiseer, waarna 16 kategorieë geskep is. Vanuit die kategorieë het agt subtemas ontwikkel: vier subtema as uitdagings; en vier subtemas as voordele. Uiteindelik het twee temas uit die data ontstaan wat die navorser in staat gestel het om die navorsingsvraag te beantwoord.

Die temas, subtemas, kategorieë en kodes wat tydens die data-analiseproses geïdentifiseer is, sal in hoofstuk 4 uiteengesit en bespreek word.

3.12 SAMEVATTING

Die navorsingsontwerp, navorsingsmetode en navorsingsmetodologie wat in hierdie studie van toepassing was, is in hierdie hoofstuk bespreek. Die doel en die fokus van dié studie – naamlik studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) – is verder bespreek. Die strategieë of bloudruk om die navorsingsvraag te beantwoord, is ook bespreek.

In dié studie is daar gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe fenomenologiese navorsingsontwerp met 'n epistemologiese en ontologiese onderbou, wat gelei het tot 'n metateoretiese interpretivistiese paradigma wat as vertrekpunt gedien het.

Ses-en-veertig (46) van die totale populasie (n=482) tweedejaar-afstandslereerstudente wat vir die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU geregistreer was, het aan die studie deelgeneem. Die uitnodiging tot deelname aan hierdie studie is op die elektroniese LBS, eFundi, gelaai. 'n Elektroniese oop-eind-vraelys is as data-insamelingsinstrument gebruik. Deelname was vrywillig en die vraelyste is anoniem deur die deelnemers voltooi. Slegs die navorser het toegang gehad tot die ingesamelde data. Die deelnemers het hulle eie ervaring weergegee.

Verskillende stappe is tydens die data-insameling en data-verwerking gevolg deur van Atlas.ti™ gebruik te maak (vgl. Tabel 3.1 en par. 3.11.2). Die bevindinge voortspruitend uit dié kwalitatiewe ondersoek sal in hoofstuk 4 bespreek word.

HOOFSTUK 4

DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die data-analise en interpretasie van die bevindinge wat uit die kwalitatiewe ondersoek gespruit het, weergegee en bespreek.

In dié studie was die rol van die navorser, in samewerking met die deelnemers, om data in te samel om studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die NWU te ondersoek. Die navorser het 'n oop-eind-vraelys op 'n *Google*-platform gelaai en die voltooide vraelyste deur middel van Atlas.ti™ geanaliseer. Die lens waardeur die navorser die data besigtig het, kon moontlik interpretasie van die data beïnvloed het, wat eiesoortig is aan die interpretivistiese benadering.

Die navorser het ook die vraelys geanaliseer om eenvormige administrasieprosedures daarvan te verseker. Die vraelys was in twee afdelings verdeel om soveel moontlik inligting van die studentedeelnemers te bekom. Inligting oor die deelnemersprofiel is ingesamel om 'n volledige agtergrond van die deelnemers te bekom en beter te verstaan. Afdeling A het op die biografiese gegewens van die studentedeelnemers gefokus en Afdeling B op dié studente se ervarings van afstandslereer aan die NWU.

4.2 KONTEKSTUALISERING

Ten einde deursigtigheid van die studie te bevorder en om die agtergrond van die databronne te verskaf, is dit nodig om die konteks en omstandighede rondom die deelnemers, respons tot die navorsing en data-insameling te beskryf.

'n Uitnodiging tot deelname aan die studie is by vyf geleenthede op die NWU EOAL se eFundi-administrasieblad gelaai om die 482 tweedejaar-afstandleerstudente, geregistreer vir die BEd Grondslagfase-graad, uit te nooi om aan die navorsing deel te neem.

Ses-en-veertig (46) studente het die elektroniese vraelys, wat op *Google Forms* saamgestel is, vrywillig voltooi. 'n Skakel is op die elektroniese uitnodiging beskikbaar gestel waarop die studente kon klik. Die skakel het hul direk na die vraelys geneem waar hulle die geleentheid gekry het om dit te voltooi. Die voltooide vraelys met terugvoer van die deelnemers af is deur die navorser op *Google-skyf* gestoor. Slegs die navorser kon deur middel van 'n wagwoord toegang daartoe verkry.

Die vraelys is vergesel van 'n inligtingsbrief (in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel) wat die doel van die navorsing beskryf het. Die kontakbesonderhede van die navorser, studieleier en NWU-etiekkantoor is in die inligtingsbrief verskaf indien 'n deelnemer die navorser of universiteit sou wou kontak (Addendum E). Deelnemers het onderaan die inligtingsbrief elektronies ingeligte toestemming verleen om aan die navorsing deel te neem deur op 'n blokkie te klik. Die vraelys is in beide Afrikaans en Engels beskikbaar gestel, aangesien die studie in Afrikaans uitgevoer is en afstandsl eerprogramme aan die NWU in Engels aangebied word. Deelnemers kon dus die vraelys in Afrikaans óf Engels voltooi.

Die navorsing is vanuit 'n kwalitatiewe perspektief benader. Data is deur middel van oop-eind-vrae ingesamel. Die vraelys het verband gehou met die navorsingsvraag, naamlik: Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondlagfase-graad aan die NWU?

Die data-analise word vervolgens bespreek.


4.3 DATA-ANALISE

Die voltooide vraelyste wat deur die deelnemer op *Google Forms* ingedien is en waaruit die navorser die data verkry het, is verwerk en georganiseer deur van Atlas.ti™ gebruik te maak.

Die data uit die elektroniese vraelys, wat in twee afdelings verdeel was (Afdeling A [Biografiese inligting] en Afdeling B [studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondlagfase-graad]), word vervolgens bespreek.


4.3.1 Data-analise van Afdeling A: Biografiese inligting van die deelnemers

Hoewel daar binne dié navorsing op kwalitatiewe data gefokus is, is biografiese inligting van elke student in die deelnemergroep ingewin om die deelnemersprofiel beter te verstaan. Die biografiese inligting word in Figure 4.1 tot 4.4 weergegee, waarna dit bespreek sal word.




Figuur 4.1: Geslag van deelnemers

Uit Figuur 4.1 blyk dit dat twee-en-veertig ($n=42$) van die ses-en-veertig ($n=46$) deelnemers aan die navorsing vroulik was. Slegs vier (4) deelnemers was manlik. Aangesien die meeste van die geregistreerde BEd Grondslagfase-studente vroulik is, kan daar dus afgelei word dat meer studente aan dié navorsing óók vroulik sou wees.




Figuur 4.2: Ouderdomsverspreiding van deelnemers in jare

Uit Figuur 4.2 blyk dit dat meeste van die studentedeelnemers – spesifiek dertig (30) van die ses-en-veertig (46) deelnemers – tussen die ouderdom van 19 en 29 was. Agt (8) deelnemers was tussen die ouderdom van 30 en 39, sewe (7) deelnemers was tussen 40 en 49 jaar oud. Slegs een deelnemer was tussen die ouderdom van 50 en 59. Daar kan dus afgelei word dat jonger persone aan die navorsing deelgeneem het. Literatuur dui aan dat studente wat deur afstandsl eer studeer gewoonlik ouer persone is (Bell & Chris, 2016:190), maar in dié studie was meeste van die studentedeelnemers egter jonger persone. Die BEd-grad is 'n inisiële onderwyskwalifikasie en dié studente berei hul voor om tot die professie toe te tree, wat as moontlike rede aangevoer kan word vir die jonger deelnemers in die groep.



Figuur 4.3: Etniese groepering van die deelnemers

Figuur 4.3 illustreer die etniese groepering van die deelnemers. Dit blyk dat die meerderheid deelnemers aan die navorsing ($n=26$) blanke studente was. Dertien (13) van die 46 deelnemers was swart, drie (3) was Asiër, en vier (4) deelnemers was deel van die bruin etniese groepering. Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid van die deelnemers (tweedejaar-BEd Grondslagfase-studente) blank was, gevolg deur swart studente, en dán Asiër en bruin studente. Persone van kleur het net minder as die helfte van die deelnemers (43,5%) verteenwoordig.



Figuur 4.4: Werksituasie van deelnemers

Uit Figuur 4.4 blyk dit dat die meerderheid deelnemers (35 van die 46) voltyds 'n werk beoefen en deelyds studeer het. Slegs 11 van die deelnemers het aangedui dat hulle voltyds deur middel van afstandsl eer studeer. Die afleiding kan dus gemaak word dat die studente wat voltydse betrekkinge beklee deur afstandsl eer die geleentheid kry om 'n kwalifikasie te verwerf óf te verbeter wat andersins nie moontlik sou wees nie. Daar word ook in die literatuur aandui dat meeste afstandsl eerstudente werkende persone is.

Die meerderheid afstandsl eerstudente wat aan die navorsing deelgeneem het, was voorts werkende dames tussen die ouderdom van 19 en 29. Die meeste van die studentedeelnemers aan hierdie navorsing was ook blanke dames (26), gevolg deur swart dames (13). Vervolgens sal die analise van die data wat vanuit die oop-eind-vrae in Afdeling B gespruit het, bespreek word.

4.3.2 Analise van Afdeling B

Die resultate voortspruitend uit die analise van Afdeling B is deur middel van die voltooid elektroniese vraelys ingewin en word weergegee ten einde die volgende navorsingsvraag te kan beantwoord: Wat is studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-grad aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

Die volgende temas, subtemas, kategorieë en kodes is uit die rou data (uit Afdeling B) met behulp van Atlas.ti™ verwerk. Verbatim aanhalings van studentedeelnemers aan dié studie word ook in die bespreking verskaf ter ondersteuning van die navorsingsbevindinge.


4.3.2.1 Bespreking van temas, subtemas, kategorieë en kodes

Die temas, subtemas, kategorieë en kodes wat tydens die data-analise uit Afdeling B deur middel van Atlas.ti™ geïdentifiseer is, word skematies voorgestel. Ses-en-vyftig (56) kodes is geïdentifiseer, waarna dit in twaalf (12) kategorieë verdeel is. Vanuit die twaalf (12) kategorieë is agt (8) subtemas verkry en verder in twee (2) temas verdeel.

Twee temas, naamlik uitdagings (Tabel 4.1 en Figuur 4.5) en voordele (Tabel 4.2 en Figuur 4.6) van afstandslereer, wat uit die data geïdentifiseer is, word hierna onderskeidelik getabelleer en vervolgens bespreek.

Tabel 4.1: Uitdagings van afstandsléer (subtemas, kategorieë en kodes)

Tema 1: Uitdagings				
Subtemas	*Administratiewe uitdagings	#Akademiese uitdagings	^Tegnologiese uitdagings	@Persoonlike uitdagings
Kategorieë	**Dienslewering **Ondersteuning	##Akademiese werkslading ##Dosente-ondersteuning	^eFundi ^^Netwerkuitdagings ^^Elektroniese studiemateriaal ^^Elektroniese opdragte ^^ Interaktiewe Witbordsessies (IWB)	@ @ Sosio-ekonomiese omstandighede
Kodes	<p>**Dienslewering</p> <p>***Studiemateriaal ***Punte (regstellings en beskikbaarheid) ***Eksamendatum spasiëring ***Tyd vir indiening van opdragte</p> <p>**Ondersteuning</p> <p>***Inbelsentrum (<i>Call Centre</i>) ***Leerondersteuningsentrums ***Interaktiewe Witbordsessies (IWB)</p>	<p>##Akademiese werkslading</p> <p>###Tyd ###Opdragte ###Werkgeïntegreerde leer (WIL)</p> <p>##Dosente ondersteuning</p> <p>###Kommunikasie ###Terugvoer op opdragte ###Aangesig-tot aangesig-kontak ###Dokumentasie</p>	<p>^eFundi</p> <p>^^Nie-gebruikersvriendelik ^^Datum van aanlyn toetse ^^Tyd vir aanlyn toetse ^^Dosente gebruik</p> <p>^^Netwerk uitdagings</p> <p>^^Hoë kostes (data) ^^Konnektiwiteit ^^Diefstal</p> <p>^^Elektroniese studiemateriaal</p> <p>^^Voorkeur – gedrukte kopie ^^Hoë kostes – Aflaai</p> <p>^^Elektroniese opdragte</p> <p>^^Hoë kostes – druk van ondersteuningsdokumente</p> <p>^^IWB-sessies ^^Onpersoonlik</p>	<p>@ @ @ Finansies (ekonomies)</p> <p>@ @ @ Geografiese ligging</p> <p>@ @ @ Werksituasie</p> <p>@ @ @ Tyd</p> <p>@ @ @ Familie</p> <p>@ @ @ IWB-skedule</p>



Figuur 4.5: Tema 1: Uitdagings wat tydens afstandsl eer ervaar word

Subtemas	*	#	^	@
Kategorieë	**	##	^^	@@
Kodes	***	###	^^^	@@@

Die temas, subtemas, kategorieë en kodes wat tydens die data-analise uit Afdeling B gespruit het en skematies as uitdagings van afstandslere voorgestel is (Figuur 4.5), word vervolgens bespreek. Die kodes (soos geïdentifiseer in die verskillende kategorieë uit die verbatim transkripsies) kan in meer as een subtema gerapporteer word. Uitdagings as tema sal vervolgens bespreek word.

Tema 1: Uitdagings van afstandslere

Die tema uitdagings het uit vier (4) subtemas ontwikkel, naamlik: *Administratiewe uitdagings; #Akademiese uitdagings; ^Tegnologiese uitdagings; en @Persoonlike uitdagings³. Subtema 1, Administratiewe uitdagings, sal vervolgens bespreek word.

Subtema 1: *Administratiewe uitdagings

Subtema 1, administratiewe uitdagings, is vanuit twee kategorieë geïdentifiseer: **dienslewering en **ondersteuning. Studente wat van afstandslere as afleweringmodus gebruik maak steun sterk op die administratiewe dienslewering wat deur die NWU gebied word. Dit blyk uit die data dat die deelnemers verskeie administratiewe uitdagings wat met dienslewering verband hou, ervaar het. Dit is as kodes geïdentifiseer en sal vervolgens bespreek word.

Kategorie 1: **Dienslewering

Studiemateriaal is as kode binne die kategorie dienslewering geïdentifiseer. Studiemateriaal wat laat ontvang word, bemoeilik dié studente se studies. Indien studiemateriaal laat ontvang word verminder dit die studietyd asook die tyd tot die student se beskikking om opdragte suksesvol vóór die indieningsdatum te voltooi. Indien studiemateriaal laat ontvang word, moet studente die materiaal op eFundi (elektroniese platform) aflaai, wat verdere finansiële uitdagings teweegbring.

Deelnemers het die volgende meegedeel:

³ Skryftekens (*, #, ^, @) word in die teks behou om logiese leesorde te vergemaklik.

“not receiving study material on time, getting info beforehand about our registered courses been passed from person to person when is comes to queries. assignment marks not issued on time getting entry into an exam without the proper steps been folded by the university and then after writing the exam I get told that I was not supposed to write the exam.”

“the time in which we receive to complete all the assignments and the time given between subjects during the exams is very limited”.

Deelnemers het gemeld dat die beskikbaarstelling van punte deur die administrasie-eenheid nie betyds plaasvind nie en gevolglik weet die studente dan nie of hulle eksamentoelating het nie. Na deelnemers se mening het die administrasie-eenheid gesloer met die beskikbaarstelling van punte en die regstelling van foutiewelike punte op die sisteem. Volgens deelnemers:

“Get our results in time. Thank you.”

“It takes long really for the administration to fix my marks when i call in if I have problems with module marks”.

Deelnemers het eksamendatums as 'n uitdaging uitgelig, aangesien eksamen in alle modules binne 'n beperkte tyd afgelê moet word. Eksamendatums wat kort periodes uit mekaar geskeduleer is, verminder die tyd beskikbaar vir eksamenvoorbereiding.

In dié opsig het deelnemers die volgende gesê:

“The June 2017 exams was basically a nightmare, since all six subjects were written basically in a week.”

“The exam-dates are not spaced nicely in term's of learning different subjects”.

“Verbeter die eksamen rooster!!!!!!! NB NB NB NB!!!!!!”

“Eksamen datums nie so opmekaar maak nie omdat ons v&er terug ry na eksamens”

“exams the dates are too close together for people working full time its very difficult to plan and study for the paper”.

Die tweede kategorie, ****Ondersteuning** onder die subtema ***Administratiewe uitdagings**, sal vervolgens bespreek word.

Kategorie 2: **Ondersteuning

Ondersteuning is as tweede kategorie onder die subtema ***Administratiewe uitdagings** geïdentifiseer. Die deelnemers het ondersteuning van die EOAL soms as onvoldoende ervaar. Volgens die deelnemers word hulle van een persoon na die volgende verwys indien hulle die inbelsentrum kontak met administratiewe navrae. Deelnemers terugvoer:

“refer you to more than three departments without getting help, so it's better to call with landline.”

“call centre: Is wel hulpvaardig, maar almal het elke keer n& ander storie”

“we take time to be answered and the calls will be sent from pillar to post to get answers”.

Volgens deelnemers neem die EOAL-inbelsentrum ook lank om terugvoer aan studente te gee of gee selfs glad nie terugvoer in verband met klagtes en onsekerhede nie.

“klagtes word nie hanteer nie, of ons kry nie terugvoering daarop nie.”

“Om klagtes uit te sort/tergvoering te gee daaroor.”

Een deelnemer het gemeld dat n kerkgebou gebruik is vir die leerondersteuningsentrum waar hy/sy sessies bygewoon het. Na di& deelnemer se mening was die kerkgebou nie van pas nie omdat daar geen meubels (tafels en losstaande stoele) was nie. Deelnemer se terugvoer:

“Change venue for Bed foundation phase 2nd years. we attend at a church and there are no tables to write and its cold”

Deelnemers wat interaktiewe witbordsessies (IWB-sessies) by die leerondersteuningsentrum in Parow bygewoon het, het dié leerondersteuningsentrum as onveilig ervaar:

Deelnemers het in dié opsig die volgende gesê:

“I wish that the Parow centre could be moved to a more safer place like Durbanville or something. It is in a very dodgy area and close to Voortrekker road where I am very scared to be.”

“The location of the Parow centre isn't very ideal for me. Parow isn't most safest place in Cape Town, especially not close to Voortrekker road where there sometimes are a lot of striking taking place. I would have loved if we could have had a centre in Durbanville or even Brackenfell. It is much safer.”

Die aantal IWB-sessies wat op een dag aangebied is, was vir die deelnemers oorweldigend. Die witbordsessies wat gedurende die week aangebied is, is as 'n uitdaging aangedui, aangesien alle studente nie in die week dié sessies kan bywoon nie weens verskeie persoonlike verpligtinge. Hoewel deelnemers weeklikse sessies as 'n uitdaging ervaar het, bied die NWU ondersteuning aan hierdie studente deur *SMART Bridgit* te gebruik. *SMART Bridgit* is 'n sagtewareprogram wat studente toelaat om van hulle persoonlike rekenaars af op die IWB-uitsendings in te skakel. Studente kan later ook die aanlyn opnames van die IWB-sessies afgelaai indien hulle dit weer wil besigtig.

Deelnemers se terugvoer:

“to watch all lessons in one day of different lectures is overwhelming”

“As klasse deur die week is, kan ek nie die klasse bywoon nie. Ek sou wil graag klasse wil Bywoon”.

Deelnemers het vervoer na die leerondersteuningsentrums ook as 'n uitdaging ervaar. Uit die data het dit geblyk dat sommige deelnemers geografies afgeleë en vêr van die sentrums woonagtig was. Leerondersteuningsentrums kon dus nie maklik bereik word nie. Die afleiding kan gemaak word dat die deelnemers wat vervoer as 'n uitdaging ervaar het, vêr van die leerondersteuningsentrums gewoon het. Vervoer na dié sentrums kan ook finansiële implikasies inhou, wat as 'n persoonlike uitdaging aangedui is:

“Transport to my study centre's is difficult”

“Travelling to class is a major issue, I miss many classes as my children have extra curricular activities”.

Studente het ook gemeld dat die werkslading van afstandsléerstudente eenders is as dié van voltydse studente en dat daar geen fasiliteerders is om die werk vir die studente te vergemaklik nie. Fasiliteerders word wel by leerondersteuningsentrums aangestel om studente te ondersteun. Studente ervaar dat kontakstudente meer inligting ontvang, alhoewel dieselfde van beide kontak- en afstandstudente verwag word. Deelnemers terugvoer:

“It seems as if contact students, due to direct contact with the lecturer are a step ahead of us distance learners.”

“dont treat us as contact students they must ease our workload”

“they treat us equally to contact students with regards to more information om assignments and portfolios, exams and extend our due dates so its the same

as the contact students. I do feel we miss out on information given to contact students and not to distant students.”

“We have to be recognized as full-time students as we do our work parallel to the contact students in the exact same time frame as the contact students. It is not like we do a few subjects per semester, we do the full-year course as the contact students are required to do. It has to be considered that we are all in full-time working positions as well as full-time studies.”

Vervolgens word die tweede subtema, #Akademiese uitdagings, bespreek.

Subtema 2: #Akademiese uitdagings

Subtema 2, #Akademiese uitdagings, is vanuit twee kategorieë geïdentifiseer: ##Akademiese werkslading en ##Dosente ondersteuning, wat vervolgens bespreek sal word.

Kategorie 1: ##Akademiese werkslading

Dit het reeds uit die navorsing geblyk dat eksamendatum as administratiewe uitdaging ervaar word, aangesien alle eksamens in modules binne 'n beperkte periode afgelê moet word (vgl. par. 4.3.2.1 soos onder die kategorie **Dienslewering). Die beskikbare tyd vir die voltooiing van akademiese opdragte en eksamenvoorbereiding, wat aanleiding gee tot akademiese uitdagings, is as 'n uitdaging onder dienslewering aangedui. Volgens die studente is die tyd te min tussen die geskeduleerde tye waarin modules afgelê word om opdragte volledig te voltooi asook om deeglik vir die eksamen voor te berei. Dieselfde uitdaging geld ook vir kontakstudente omdat beide kontak- en afstandstudente dieselfde eksamenrooster kry, maar afstandstudente voel hulle word benadeel vergeleke met kontakstudente, aangesien meeste van hulle voltyds moet werk.

Deelnemers het die volgende terugvoer in dié verband gegee:

“exams the dates are too close together for people working full time its very difficult to plan and study for the paper”.

“they treat us equally to contact students with regards to more information om assignments and portfolios, exams and extend our due dates so its the same as the contact students. I do feel we miss out on information given to contact students and not to distant students.”

“We have to be recognized as full-time students as we do our work parallel to the contact students in the exact same time frame as the contact students. It is not like we do a few subjects per semester, we do the full-year course as the contact students are required to do. It has to be considered that we are all in full-time working positions as well as full-time studies.”

“the time in which we receive to complete all the assignments and the time given between subjects during the exams is very limited”

Deelnemers ervaar voorts werkgeïntegreerde leer (WIL) as 'n uitdaging. WIL vereis dat studente ses weke per jaar ervaring opdoen in 'n klaskamer onder leiding van 'n mentor-onderwyser. Tydens WIL moet studente praktiese lesse aanbied en opdragte binne die praktyk voltooi. Aangesien die meerderheid deelnemers werkende persone is wat nie genoeg verlof per jaar het om die ses (6) weke WIL wat per jaar in die program vereis word, te voltooi nie, word WIL as 'n groot uitdaging uitgelig. Daar is gemeld dat die mentor-onderwysers nie duidelikheid het oor wat van die studente verwag word tydens die voltooiing van WIL-opdragte nie. Die deelnemers het ook gemeld dat die WIL-opdragte wat tydens die WIL-tydperk voltooi moet word, nie praktykgerig is nie. 'n Deelnemer het ook aangedui dat die algemene werkslading van afstandstudente te groot is en dat studente dit moeilik vind om tydens WIL die werkslading wat van hulle verwag word, suksesvol te voltooi.

Bogenoemde word ondersteun deur die volgende verbatim aanhalings :

“Ek wil ook graag hê dat julle na ons werkstukke en eksamens kan kyk asook die WIL... Dit is nie altyd moontlik om van mense wat voltyds indiens is te verwag om 2 per jaar 2-3 weke se verlof in te sit hiervoor nie. Ons is nie die tipiese 18 of 19jarige 1ste en 2de jaar studente nie”.

“Met die WIL opdragte voel dit soms dat daar nie werlik besef word wat in skole aangaan nie want soms weet die onderwysers nie eers wat van ons verwag word nie en die inligting wat ons moet kry het die skole nie eers nie.”

“WIL se opdragte is vir my sinneloos en steel my tyd om tydens proeftydperk behoorlik te leer. Ek is tog daar om te leer van my mentor, nou moet ek 3 weke lank sit by die skool en huis om die opdragte te probeer voltooi. Niemand verstaan wat van mens verwag word nie. NWU moet besef die werkslading is net te veel vir afstandsdosente. Ons is moeg en ons moedeloos en ons kom nie die mas op nie en om eksamen te kry waar ons elke liewe dag in die week ook nog moet skryf is sommer net laf”

“onderwysers weet nie eers wat WIL se opdragte van mens verwag nie.”

Die beperkte tyd, werkslading wat verband hou met opdragte en WIL wat as uitdaging van afstandslêer uitgelig is, vereis dosente-ondersteuning. Dosente-ondersteuning is as kategorie aangedui en sal vervolgens bespreek word.

Kategorie 2: ## Dosente-ondersteuning

Dosente-ondersteuning is een van die belangrikste skakels in die suksesvolle voltooiing van afstandslêerstudies. Volgens deelnemers verskil die kommunikasie vanaf die EOAL en dié van die dosente, wat soms verwarrend kan wees. Studente het gemeld dat kommunikasie vanaf sommige dosente nie voldoende was nie en dat hulle meer verwag het.

Hulle het beter kommunikasie en terugvoer verwag. In sommige gevalle was daar geen terugvoer vanaf dosente nie en dan moes programmeleiers gekontak word om ondersteuning te bied. Deelnemers het die volgende gemeld:

“communication. Lectures should always share the same message with the ODL office”

“Kommunikasie met sommige dosente is 'n probleem”

“Gesien in die lig dat van die dosente nie aan die studente terugvoer gee nie en daar dan van die programmeier gebruik gemaak moet word om terugvoer te kry, voel ek dat die ondersteuningstelsel nie behoorlik funksioneer nie. indie dosente behoorlikke en tydige terugvoer aan studente verskaf sal dit baie onnodige rompslomp uitskakel”

Akademiese uitdagings wat deur die deelnemers aangedui is, is onder meer dosente se terugvoer op opdragte. Volgens die deelnemers was min of geen dosente ondersteunend nie, aangesien terugvoer van dosente af 'n geruime tyd geneem het, óf dosente het wel terugvoer gegee, maar het nie werklik die vraag beantwoord nie.

Bogenoemde blyk uit die volgende verbatim aanhalings:

“Daar is wel terugvoer deur sommige dosente maar soms verstaan hulle nie jou vraag nie en antwoord nie regtig jou vraag nie. Jy kry nie altyd duidelikheid nie”

“I wish we had more contact and feedback from the lecturer and study material”

Terugvoer op elektroniese opdragte wat op eFundi ingedien is, is as akademiese uitdaging ervaar, aangesien die deelnemers van mening was dat dosente onvoldoende elektroniese terugvoer gegee het:

“Die inhandiging van die opdragte op efundi werk nie. Die opdragte wat jy terug ontvang en hoe dit gemerk word. Nie al die dosente gee goeie terugvoer nie.

Party maak sommer net 'n kruisie en dan weet jy nou nie vir watter vraag is dit nie.

“Dit word so aan die kantlyn gemerk en dan op die einde kry jy 'n punt vir jou opdrag en dan weet jy nie vir wat het jy punte gekry of wat was verkeerd nie. Ek hou daarvan om van my opdragte te leer en as ek my opdrag terugontvang soos wat dit nou was weet ek nie wat verstaan ek of wat verstaan ek nie.”

Dit het uit die data geblyk dat studente 'n gebrek aan aangesig-tot-aangesig-kontak ervaar het. Na die deelnemers se mening was daar te min IWB-sessies, wat as 'n akademiese uitdaging beskou is. Deelnemers se terugvoer:

“give us more contact sessions with lectures.”

“It seems as if contact students, due to direct contact with the lecturer are a step ahead of us distance learners. Maybe I'm just jelouse.”

“I wish we had more contact and feedback with the lecturer and study material,

“The fact that we have contact sessions via whiteboard sessions only 6 x per subject is very challenging.”

“I am just not growing or learning with distance learning its very difficult to do things on my own. I only 19 years I need to see my lectures everyday and have day to day contact with them.”

“I wish we had more contact with the lecturer and study material, but we certainly have no freedom.”

Dokumentasie wat deur dosente op eFundi gelaai word, is soms onduidelik en onleesbaar. Die oneffektiewe geskandeerde dokumentasie veroorsaak dat ondersteuning van dosente oneffektief is, aangesien studente nie die skandering kan lees nie, soos dit ook uit die volgende aanhalings blyk:

“Sometimes it is not all made available or the scanned in documents are cut off on the sides”

“We had better study material”

Die afleiding kan gemaak word dat afstandsl eerstudente afhanklik is van ondersteuning om die akademiese werkslading te verlig.

Die gebruik van tegnologie tydens afstandsl eer is uitgelig as ’n moontlike uitdaging.

Subtema 3: ^Tegnologiese uitdagings

Tegnologie bemoontlik afstandsl eer, maar vele uitdagings moet ook oorkom word met die gebruik van tegnologie.

Kategorie 1: ^^eFundi

Die elektroniese platform wat die NWU-leerproses bestuur en vir kommunikasie tussen dosente en studente gebruik word, word eFundi genoem. Studiemateriaal word op eFundi gelaai en studente kan opdragte elektronies op eFundi indien. Die terugvoer wat van die deelnemers verkry is, is dat hulle eFundi nie as gebruikersvriendelik ervaar het nie en dat hulle gesukkel het om opdragte op eFundi teen ’n gegewe datum op te laai en aanlyn toetse betyds te voltooi. Die deelnemers het ook gemeld dat dosente nie almal eFundi eenders bestuur nie. Gevolglik vind dié studente dit moeilik om inligting te bekom. Die elektroniese eFundi-platform is ’n nuwe implementering en dosente het akademiese vryheid om hulle modules te hanteer soos hulle goed dink. Studente vind dus baie eFundi-blaaie soms verwarrend. Daarbenewens is inligting rakende die gebruik van eFundi onduidelik.

Volgens die deelnemers:

“Efundi en network problems”

“Not too good efundi is very confusing and complicated”

“Al die studiemateriaal word nie op gelaai nie of dit kan nie op die rekenaars oop maak nie.”

“very difficult at times specially when it comes to submissions of assignments online”

“study materials via Post or courier are far less stress that efundi”

“some times there is no network to complete online tests or to be updated on efundi”

“nie alle dosente dieselfde maniere gebruik om hulpbronne ens op te laai nie.”

“Not having all the information regarding the efundi site, such as the fact that I have to contact the lecturers to be added for a module, not knowing in advance when assignments will be added onto the system.”

Die gebruik van eFundi en netwerkuitdagings hou verband met mekaar, aangesien studente nie op eFundi kan aanteken indien hulle nie netwerktoegang het nie. Die uitdagings wat met internetnetwerk ervaar word, sal vervolgens bespreek word.

Kategorie 2: ^^Netwerkuitdagings

Netwerkuitdagings met eFundi-toetse as kategorie is as 'n uitdaging aangedui. Indien die internet (netwerk) nie betroubaar is nie en die student met tye in die steek laat, kan elektroniese aanlyn toetse nie betyds voltooi word nie. Gratis internettoegang is by die leerderondersteuningsentrums beskikbaar, maar studente moet soms hul eie data gebruik om dokumentasie af te laai, aangesien hulle nie altyd by die leerondersteuningsentrum is nie. Studente moet soms kostes aangaan om data aan te koop sodat hulle op eFundi kan aanteken om vraestelle, *PowerPoint*-aanbiedings en klasse-opnames af te laai. Een deelnemer aan dié studie het gemeld dat die netwerk as 'n

uitdaging ervaar is weens dié deelnemer se geografiese ligging, waar die internetnetwerk nie vrylik beskikbaar is nie. Studente het konnektiwiteit as 'n uitdaging ervaar, aangesien materiaal wat van die internet afgelaai moes word nie altyd wou oopmaak nie en aanlyn toetse nie betyds voltooi kon word nie.

“Efundi en network problems”

“Efundi maak dit moeilik. Omrede ons data moet gebruik om aan te teken op efundi”

“some times there is no network to complete online tests or to be updated on efundi”

“Just that its very problematic when it comes to writing online tests as network can be a pain and run out of time to complete it successfully.”

“where i am staying there is difficulty of network”

“We sometimes have problems with network to download”

“Efundi maak dit moeilik. Omrede ons data moet gebruik om aan te teken op efundi”

Die ervaring is dat tegnologie nie betroubaar is nie en konnektiwiteit (netwerk) verlore gaan terwyl 'n student besig is met die voltooiing van aanlyn toetse of die oplaai van elektroniese opdragte op eFundi. Dit is as netwerkuitdaging aangedui en bespreek.

Kategorie 3 & 4: Elektroniese studiemateriaal en -opdragte

Elektroniese studiemateriaal en -opdragte is beide as 'n uitdaging geïdentifiseer. Die vervoer van skootrekenaars, wat moontlik gebuit kan word, is as 'n uitdaging uitgelig. Een deelnemer het meegedeel dat studente moontlik van hulle selfone en skootrekenaars beroof kan word, wat kan meebring dat hulle daarna geen persoonlike internettoegang het nie en dat elektroniese studiemateriaal dan ook nie beskikbaar is nie. Daarom is daar verskeie studente wat die tradisionele gedrukte kopie en pen-en-papier-wyse van studeer verkies. Deelnemers het hieroor die volgende gesê:

“Tegnologie is nie betroubaar nie, vandag se dae word jy maklik beroof van tegnologie en kan nie alles in 'n dag vervang”

“Big fat NO... we need hard copies”

Volgens deelnemers het hulle dit moeilik gevind om op 'n rekenaarskerm te studeer en het studiemateriaal in gedrukte kopieë verkies waarop hulle aantekeninge kon maak. Studente is nie almal bekwaam met tegnologie nie en volgens deelnemers aan dié studie het hulle dit as 'n uitdaging ervaar om opdragte elektronies op 'n rekenaar te voltooi en in te dien. Die terugvoer op die elektroniese ingediende opdragte is ook as onvoldoende ervaar, aangesien daar nie genoeg terugvoer op die elektroniese nagesiene opdragte was nie. Daar is ook hoë kostes verbonde aan die aflaai en druk van studiemateriaal en dokumentasie. 'n Gedrukte kopie sal dus meer aanvaarbaar wees, aangesien afstandsl eerstudente wat nie met elektroniese studiemateriaal vertrou is nie, notas op die gedrukte kopie kan maak.

Bovermelde word in die volgende verbatim aanhalings geïllustreer:

“No, I do not like electronic study material. I know it saves paper, but I went to print everything since I cannot work of a screen the whole day”

“Omdat ek verkies om studiemateriaal in harde kopieë te gebruik is dit nie moontlik om alles te print nie”

“No, word is not working and sending us materials through it is not a good idea because at the end we have to pay for hard copies to print out”.

“Die inhandiging van die opdragte op efundi werk nie. Die opdragte wat jy terug ontvang en hoe dit gemerk word. Nie al die dosente gee goeie terugvoer nie. Party maak sommer net 'n kruisie en dan weet jy nou nie vir watter vraag is dit nie. Dit word so aan die kantlyn gemerk en dan op die einde kry jy 'n punt vir jou opdrag en dan weet jy nie vir wat het jy punte gekry of wat was verkeerd nie. Ek hou daarvan om van my opdragte te leer en as ek my opdrag terugontvang soos wat dit nou was weet ek nie wat verstaan ek of wat verstaan ek nie.”

“Its difficult especially if you don't have computer experience, I am struggling to do my Assignment”

Kategorie 5: ^^Interaktiewe Witbordsessies (IWB)

Deelnemers het die IWB-sessies as onpersoonlik ervaar en het aangedui dat hulle nie deel gevoel het van die klas nie. Een deelnemer het aangedui dat die IWB-sessies as 'n groot uitdaging ervaar word, aangesien daar slegs ses sessies per jaar plaasvind.

Volgens die deelnemers:

“Witbord klasse is onpersoonlik, mens is nie deel van die klas nie”

“The fact that we have contact sessions via whiteboard sessions only 6 x per subject is very challenging”

Subtema 4: @Persoonlike uitdagings

Die subtema @Persoonlike uitdagings het ontwikkel uit die kategorie @@Sosio-ekonomiese omstandighede, was vervolgens bespreek word.

Kategorie 1: @@Sosio-ekonomiese omstandighede

Daar is wêreldwyd verskeie persoonlike omstandighede wat tydens afstandstudies as uitdagings beskou kan word, soos reeds in hoofstuk 2 bespreek is. Persoonlike uitdagings wat reeds in die literatuur aangedui is, behels ekonomiese omstandighede en geografiese ligging. Ooreenkomstig met die literatuur het deelnemers aan dié studie gemeld dat geografiese en ekonomiese omstandighede (soos finansies) 'n rede is waarom studente afstand as aflewingsmodus verkies. Deelnemers het in sommige gevalle vêr van die universiteit en leerondersteuningsentrums gewoon en moes daarom vêr reis om kontakssessies by leerondersteuningsentrums by te woon. Indien leerondersteuningsentrums die enigste plek was waar internettoegang verkry kon word, het deelnemers dít as 'n uitdaging ervaar om dokumente van die internet af te laai, aangesien die sentrum so vêr van hulle woning was. Geografiese afstande vanaf leerondersteuning- en eksamensentrums hou finansiële implikasies in, omdat studente duur moet betaal om tot by die leerondersteuningsentrums te reis.

Bovermelde word in die volgende verbatim aanhalings geïllustreer:

“location far away from my place, I have to drive 75 km to and from support centre every Thursday”

“No it is not because its not suitable for some of the students who needs to travel far to centes to download these study materials Internet and data humper us because of funds”

“They can maybe think of more centre's in a specific region. For instance, I have to travel from Humansdorp to PE and in the evenings it is uncomfortable to come home especially in winter.

“Eksamensentrum is baie vër van my af geleë”

Weens sosio-ekonomiese omstandighede moet die meerderheid studente werk om salarisse te verdien, sodat hulle finansiëel na hulle gesinne en families kan omsien. Die meerderheid studente het ’n familie, ’n eggenoot of kinders wat versorg moet word. Studente wat voltydës werk het min tyd beskikbaar om aandag aan hulle studies te gee, aangesien die enigste tyd om te studeer në werk is, nadat hulle hul persoonlike verpligtinge nagekom het, onder meer die versorging van hulle families en huishoudings.

Volgens die deelnemers:

“I’m the only caregiver for my two younger brothers. It’s very hard to have to deal with all pressures at home”

“having to study at home can be quite challenging because you have to do what is done at home, take part in what is going on and at the same time study, so a lot of disruption can be an effect”

“I have to study after hours and after my home chores are done, which is often through the night. I work a long shift at work and more often than not required to work overtime which give me less time to study effectively”

“My werk en huislik omstandighede maak dat ek net in die aande van 8uur af kan begin aandag gee an my studies en die oneidige take”

“Omdat ons leer en werk en huishoudings hardloop is tyd baie beperk”

“Soms werk ek lang ure wat dit moeilik maak om by alles uit te kom”

“n ma en getroud is”

“full time work and caring for kids is difficult”

“i finish work really late, then i have my household duties to take off. the demands are great”

Weeklikse geskeduleerde IWB-sessies is as 'n verdere uitdaging uitgelig. Die NWU maak wel voorsiening vir studente wat nie in die week die IWB-sessies kan bywoon nie deur die lesings op te neem en op die internet te laai, sodat studente na die lesings in hul eie geleë tyd en plek kan kyk.

'n Deelnemer het die volgende gesê:

“dit maak dit moeilik om partykeer klasse by te woon deur die week en as gevolg van my werk kan ek nie net sommer af kry nie”.

Beperkte tyd, wat as uitdaging uitgelig is, bemoeilik studies deur afstandslêer. Deelnemers het ervaar dat hulle te min tyd tot hul beskikking gehad het om take te voltooi, aangesien hulle gesinne versorging vereis het en hulle soms 'n voltydse betrekking beklee het.

Deelnemers se terugvoer:

“Min tyd om take te voltooi”

“There is quite a few aspects that has to be taken into account for instance, one's current career, not all of us works within a school as a teacher or assistant”

“Ek is 'n vrou en ma van 2. Ek werk voltyds en om nog deelyds te studeer vat baie Wilskrag”

“being a parent to my siblings, working full time and studying can be overwhelming at times but ambition drives”

“As gevolg van sekere werksomstandighede is dit nie altyd moontlik om te enige tyd aan jou studies te werk nie maar word die tye van studie bepaal deur die

beskikbaarheid van tyd volgens huislike en wersomstandighede. Spanning in hierdie omstandighede speel ook 'n rol tydens studietye.”

“Huislike omstandighede beïnvloed studies baie in n opsig van finansiële redes”

Die deelnemers se werksituasie tesame met die werkslading van die kwalifikasie is as 'n uitdaging aangedui, aangesien dieselfde kwalifikasie voltooi moet word in dieselfde tyd as kontakstudente wat nie dieselfde daaglikse verantwoordelikhede het nie. Deelnemers se terugvoer:

“Ek wil graag hê dat NWU moet onthou ons het afstandonderrig gekies omdat dit al moontlike uitweg vir ons is om iets wat vir ons saak maak agter ons naam te kry. Ons het ook NWU daarvoor gekies omdat ons by die beste wil aansluit. met die wete dat ek 'n voldag werk het en 'n ouer is”

“We have to be recognized as full time students as we do our work parallel to the contact students in the exact same time frame as the contact students. It is not like we do a few subjects per semester, we do the full-year course as the contact students are required to do. It has to be considered that we are all in full-time working positions as well as full-time studies”

“Home has an overwhelmingly negative affect, I have thought of just leaving my studies and just hanging around to serve all the people in my life and just keep them happy. I cry a lot, fight with my children a lot. But then sanity steps in and forces me to bounce back. My husband hates the fact that I am studying and not working for him in his business. I have thought of applying for a bursary so that he doesn't have to control me with money. Sad that in these modern times stereotyping is alive and well”


Afstandsleer bied studente die geleentheid om 'n kwalifikasie te verwerf wat andersins nie moontlik sou wees nie. Studies deur middel van afstandsleer bied egter verskeie uitdagings vir student. Vanuit die literatuur en data wat ingesamel en bespreek is, is dit duidelik dat studente uitdagings tydens afstandsleer ervaar, wat hulle studies moontlik kan beïnvloed (vgl. par. 2.2.1.4 en par. 4.3.2.1). Studente kan afstandsleer egter ook as positief ervaar. Afstandsleer hou dus ook voordele in. Vervolgens sal die tweede tema wat uit die data gespruit het, naamlik die voordele van afstandsleer soos dit deur deelnemers aan dié studie ervaar is, bespreek word. Nes dié afdeling sal bevindinge in die volgende afdeling ook met verbatim aanhalings ondersteun word.

Tema 2: Voordele van afstandsleer

Dié tema het uit vier subtemas gekristaliseer: *Administratiewe voordele; #Akademiese voordele; ^Tegnologiese voordele; en @Persoonlike voordele.

Tabel 4.2: Tema 2: Voordele van afstandsl eer (subtemas, kategorieë en kodes)

Tema:	Voordele			
Subtemas	*Administratiewe voordele	#Akademiese voordele	^Tegnologiese voordele	@Persoonlike voordele
Kategorieë	**Dienslewering **Ondersteuning	##Dosente-ondersteuning	^^Tegnologiegebruik ^^Elektroniese ondersteuningsmateriaal	@@Sosio-ekonomiese omstandighede
Kodes	**Dienslewering ***Studiemateriaal (aflewering) ***Registrasies ***Terugvoer **Ondersteuning ***Inbelsentrum (<i>Call Centre</i>) ***Leerondersteuningsentrums ***eFundi-ondersteuning *** Interaktiewe witbordsessies (aangesig-tot-aangesig-kontakgeleentheid)	##Dosente-ondersteuning ###Kommunikasie ###Aangesig-tot aangesig-kontak ###Gebruik van tegnologie ###Tutoriale briewe	^^Tegnologiegebruik ^^eFundi ^^Elektroniese indiening van opdragte ^^ Interaktiewe Witbordsessies ^^ <i>SMART Bridgit</i> ^^Elektroniese ondersteuningsmateriaal ^^Opnames van interaktiewe witbordsessies ^^PowerPoints ^^Tutoriale briewe ^^Vorige vraestelle	@@@Werksituasie @@@Familie @@@Finansies @@@Geografiese ligging



Figuur 4.6: Voordele wat tydens afstandsl eer ervaar word

Subtemas	*	#	^	@
Kategorieë	**	##	^^	@@
Kodes	***	###	^^^	@@@

Die temas, subtemas, kategorieë en kodes wat tydens die data-analise ook uit Afdeling B geïdentifiseer is, en skematies as voordele van afstandslereer voorgestel is (Figuur 4.6), word vervolgens bespreek. Vier subtemas het uit die data gekristaliseer, naamlik: *Administratiewe voordele; *Akademiese voordele; ^Tegnologiese voordele; en @Persoonlike voordele.

Die data het getoon dat afstandslereerstudente die NWU se administratiewe, akademiese en tegnologiese ondersteuning as positief ervaar.

Subtema: *Administratiewe voordele

Uit die deelnemers se response is administratiewe voordele as subtema uit die twee kategorieë **dienslewering en **ondersteuning geïdentifiseer. Uit die data het dit geblyk dat dienslewering met goeie ondersteuning en spoedige terugvoer van die NWU af ervaar is.

Kategorie 1 en 2: ** Dienslewering en Ondersteuning

Volgens deelnemers aan dié studie het die registrasieproses in 2017 baie goed verloop en dit is voorts uitgelig as 'n voordeel wat verband hou met dienslewering in afstandslereer: Volgens deelnemers:

“Registration this year was much better than last year”

“Ek ondervind die ondersteuning vanaf die admin kantore baie effektief asook die kommunikasie vanaf Dr. Loubser. Ek het nog elke keer vinnige terugvoer gekry vanaf albei indien ek 'n probleem ervaar het”.

“UODL is friendly. Finance section also very helpful”

Die deelnemers het die spoedige aflewering van studiemateriaal as positief ervaar. Studiemateriaal wat hulle spoedig bereik het, het bygedra tot hulle studiesukses, aangesien hulle dadelik ná afloop van registrasie kon begin studeer:

Dit word in die volgende verbatim aanhalings gemeld:

“study material is always on time, assignment feed back is quick”

“Boeke was nog altyd betyds by.”

“Die verspreiding van studiemateriaal is van hoogstaande gehalte en inligting rakende aansoeke en registrasie word duidelik uiteengesit en is vroegtydig beskikbaar aan alle studente, wat genoeg tyd verskaf om aan die sperdatums te voldoen”.

Deelnemers het verder gemeld dat terugvoer op administratiewe navrae vinnig en effektief hanteer is:

“Ek kan net sê dat ek die goeie diens en ondersteuning tot dusver baie waardeer.”

“Sover is ek heel tevrede met NWU se afstandsl eer wanneer ek so na die ander opsies kyk by ander plekke wat ek oorweeg het voor ek aan NWU gekom het. Dankie”

“Overall, we get great service from the NWU”

“Ek hou daarvan, dis baie behulpsaam en ondersteunend”

“Daar is altyd antwoord en hulp beskikbaar. Wanneer hul nie antwoord nie skakel hul jou vinnig terug om te vra of reggek om het indien nie help hulle jou”

“Positive, when I have had an problem the University has always sorted it out quickly.”

Studente het die leerondersteuningsentrums – waar gratis internet en studiemateriaal beskikbaar is – as voldoende en goed geleë ervaar en het dit as 'n administratiewe voordeel met positiewe ondersteuning uitgelig. Die leerondersteuningsentrums van die NWU is met interaktiewe witborde toegerus. Studente kan een keer per week die kontakssessies, wat regstreeks vanaf die Potchefstroomkampus uitgesaai word, by hierdie sentrums bywoon. Volgens deelnemers:

“my centre is good and encourages self study.”

“I really enjoy my center, my facilitator is very helpful and my center is suitable and not very far.”

“I am very happy with my learning support center and I am grateful for all their assistance.”

“Die ligging van sentrums is goed en die personeel by die sentrums is baie hulpvaardig”

“Die onderwysers by die leerondersteuningsentrum help altyd baie graag”

Die gebruik van eFundi, waarop studente inligting elektronies ontvang, word as beide subtemas, naamlik *administratiewe en #tegnologiese voordeel, gekategoriseer. Navrae oor eFundi word deur bedagsame personeel hanteer. Deelnemers het ook aangedui dat hulle as tweedejaarstudente die gebruik van eFundi baie makliker ervaar vergeleke met hulle eerstejaarstudies.

Bovermelde word in die volgende verbatim aanhalings geïllustreer:

“Efundi help desk is friendly.

“Being second year has advantages with eFunidi. Through trial and error you gain knowledge. We ask alot of questions, most of us feel uncertain. Thank goodness we have each other on watsupp.”

Die terugvoer vanaf die NWU se inbelsentrum, met positiewe en behulpsame personeel, is ook as 'n administratiewe voordeel uitgelig.

Deelnemers se terugvoer:

"I love the call centre. They always have an answer and tend to help me very easily"

"Some call center employees is of great assistance"

"Daar is altyd persone beskikbaar wat probeer om jou probleem op te los en indien dit nie binne hul vermoë is nie, word die nodige kontaknommers en kontakpersoon se besonderhede aan jou verskaf om dit vir jou moontlik te maak om dan self met die betrokke persoon kontak te maak."

Deelnemers het die IWB-sessies met aangesig-tot-aangesig-kontakgeleentheid as administratiewe asook akademiese voordeel van afstandslere aan die NWU uitgelig. Tydens IWB-sessies kry studente een keer per week die geleentheid om via die internet direk aan die dosent vrae te rig, soos ook deur een deelnemer gemeld is:

"Donderdagklasse oor internet help, want vrae kan aan my dosente gevra word."

Uit die ingesamelde data is administratiewe voordele as subtema aangedui, met dienslewering as kategorie en studiemateriaal, registrasies en positiewe terugvoer as kodes. Studente het die inbelsentrum, leerondersteuningsentrums, eFundi en IWB-sessies as 'n voordeel uitgelig. Dit is as ondersteuning gekodeer. Hierdie ondersteuning kan ook akademiese voordele tot gevolg hê, wat vervolgens bespreek sal word.

Subtema 2: #Akademiese voordele

Akademiese voordele is as subtema geïdentifiseer en het uit die kategorie ##Dosente-ondersteuning gekristaliseer.

Kategorie 1: ##Dosente-ondersteuning

Volgens die deelnemers is e-poskommunikasie met dosente die beste manier van onderlinge kommunikasie. Studente se vrae aan dosente word spoedig deur middel van e-pos beantwoord.

In dié opsig het die deelnemers die volgende gemeld:

“the lecturers are always available and respond quickly to queries”

“Gemakliker e-pos kommunikasie, sonder om dosente te pla.”

“E-mailing the lecturers work well for me.

“I like the fact that the university is interactive (via the whiteboard session) the lecturers are always available and respond quickly to queries etc.”

“Ek het hierdie semester ervaar dat van die dosente baie hulpvaardig is o.a Dr. E Fouche, Mev. C Vorster.”

“Email most of the time and they reply immediately”

“On e-mail most of them are prompt and willing to assist, I think its when a inquiry is made over the phone that assistance declines.”

“I have not had any problems with e-mailing a lecturer.”

“Very good. Lectures are always available and able to assist.”

Kommunikasie vind ook tydens IWB-sessies plaas waartydens studente vanaf die leerondersteuningsentrums direk aan die dosent 'n vraag kan vra wat dan ook dadelik beantwoord kan word. Deelnemers het die IWB-sessies van groot waarde geag, aangesien hulle hierdeur die geleentheid gekry het om akademiese werk met dosente asook ander studente van aangesig-tot-aangesig te beprek. Die aangesig-tot-aangesig-geleentheid via die witbord word ook as positief ervaar omdat die betrokke dosent beskikbaar is indien daar vrae is oor die module-inhoud. Onduidelikhede in verband met opdragte en eksamens kan ook dadelik uitgestryk word. Volgens die deelnemers:

“my experience of IWB is quite good because i can get a chance to communicate with the fellow students and the lectures when i need the assistance”

“I like the fact that we can access PowerPoint presentations via the panopto site, and always refer back to information missed”

“I like the fact that the university is interactive (via the whiteboard session) the lecturers are always available and respond quickly to queries etc.”

Interaktiewe witbordsessies (lesings) word deur middel van tegnologie opgeneem en op die internet gelaai. Die opgeneemde sessies asook *PowerPoint*-lesings is op die internet beskikbaar indien studente dit weer wil besigtig om beter vaslegging van kennis te verseker. Deelnemers het voorgenoemde as akademiese voordeel uitgelig:

“I like the fact that the university is interactive (via the whiteboard session) the lecturers are always available and respond quickly to queries etc. I like the fact that we can access PowerPoint presentations via the panopto site, and always refer back to information missed”

“lesse wat beskikbaar gestel word nadat dit aangebied is maak dit vir studente moontlik om die lesse af te laai en weer daarna te kan kyk om onduidelike

inligting te kan vaslê. Die klasse wat aangebied word maak interaksie tussen studente en dosente moontlik wat nie by ander instansies beskikbaar is nie.”

Tegnologie word ook gebruik om met studente via eFundi te kommunikeer, waar opdraginstruksies in tutoriale briewe uiteengesit word. Tutoriale briewe omskryf die opdragte, wat gevolglik onduidelikheid en onnodige kontak met dosente uitskakel. Volgens die deelnemers is die nodige akademiese inligting baie goed uiteengesit en maklik bereikbaar.

Om dié rede geniet hulle hul BEd-studies en is dit vir hulle 'n verrykende ervaring:

“Sommige dosente is baie hulpvaardig en verduidelik werk baie mooi oor die klas, het nie eers nodig om hulle te kontak nie. Hulle sit ook take goed uiteen in die tutorial notes op eFundi sodat ons presies weet wat van ons verwag word.”

“Ek is bly ek het gekies om deur NWU afstandsonderrig te studeer dis alles baie mooi uit een gesit en is maklik bereikbaar indien ek enige vrae het of sukkel met iets.”

“I fully enjoy my studies and the BEd curriculum,”

“Academically I have found the experience enriching.”

Deelnemers het die aangesig-tot-aangesig-kontak met dosente as voordeel van afstandslêer aan die NWU uitgelig. Die gebruik van tegnologie, waar tutoriale briewe op eFundi gelaai word, dra by tot akademiese ondersteuning en die BEd-program word interessant geag. Die subtema tegnologiese voordele sal vervolgens bespreek word.

Subtema 3: ^Tegnologiese voordele

Die subtema tegnologiese voordele het uit twee kategorieë gekristaliseer, naamlik ^Tegnologiegebruik en ^Elektroniese ondersteuningsmateriaal. Tegnologiegebruik is as kategorie uit die data geïdentifiseer as deel van tegnologiese voordele.

Kategorieë 1: ^^Tegnologiegebruik

Die gebruik van tegnologie soos die elektroniese eFundi-platform is as 'n tegnologiese voordeel uitgelig, aangesien alle administratiewe sowel as akademiese inligting elektronies aan studente gekommunikeer kan word. Studente het nie nodig om na die naaste leerondersteuningsentrum of die NWU te reis om inligting rakende hulle studies te bekom nie.

Deelnemers het die volgende in dié opsig gesê:

“Efundi and the distance site with all the recorded lectures and PowerPoints for use in our own time.”

“Yes, the world is going digital. So it's it is suitable because you can have your work everywhere and submit anywhere.”

“Ek hou van die platform”

“I love efundi”

“Efundi is the only thing connecting me to my lectures and school work”

“Ek is vertrou en gemaklik met efundi”

“I enjoy efundi”

“love using eFundi. It is user friendly and a easy way to connect and have all my studies in one place”

Elektroniese indiening van opdragte vergemaklik die indieningsproses vir studente wat vêr van leerondersteuningsentrums woon en kan ook as koste-effektief beskou word omdat die gebruik van duur koerierdienste uitgeskakel word. Deelnemers het gemeld dat die gebruik van tegnologie tydens die indiening van elektroniese opdragte op eFundi as 'n groot voordeel vir afstandstudies beskou kan word, aangesien die student op enige plek opdragte kan indien. Deelnemers se terugvoer:

“Dit is gerieflik aangesien alle nodige inligting op eFundi beskikbaar is”

“The efundi system is great. Electronic submission is absolutely great and saves a lot of printing and money.”

“The email system, sms system, efundi and help desks are sufficient. Thank goodness for technology and efundi, it does bridge gaps and open roadways. I am grateful for distance learning and the advantages of technology”.

Die gebruik van tegnologie tydens IWB-sessies is uit die data as voordeel geïdentifiseer. Die student kry hierdeur die geleentheid om aangesig-tot-aangesig-kontak te maak met dosente en eweknieë. Volgens deelnemers kan vrae direk aan die dosent gerig word en onduidelikhede kan uitgestryk word:

“my experience of technology and IWB is quite good because i can get a chance to communicate with the fellow students and the lectures when i need the assistance”

“I like the fact that the university is interactive (via the whiteboard session) the lecturers are always available and respond quickly to queries etc. I like the fact that we can use technology and access PowerPoint presentations via the panopto site, and always refer back to information missed”

Na deelnemers se menings is dit 'n voordeel om die *SMART Bridgit*-sagtewareprogram te gebruik om elektronies via die internet in te skakel op die IWB-sessies wat in Potchefstroom aangebied word. Studente het dus nie nodig om hul huis te verlaat of na leerondersteuningsentrums te reis wat vêr van hulle woonplek geleë is nie, aangesien hulle direk van hul werk of huis tydens die IWB-sessies met 'n persoonlike rekenaar kan inskakel.

Bovermelde word ondersteun deur die volgende verbatim aanhalings:

“Doen die klasse deur Bridget omdat ek te vêr van ‘n senter af is.”

“voordeel is ek mag van Bridget gebruik maak!”

Kategorieë 2: Elektroniese ondersteuningsmateriaal

Tegnologiegebruik is uit die data geïdentifiseer met ondersteuningsmateriaal soos *PowerPoint*-aanbiedings, tutoriale briewe, opnames van IWB-sessies, en vorige vraestelle met eksameninligting. Genoemde ondersteuningsmateriaal word deur die EOAL op die elektroniese eFundi-platform se webblad beskikbaar gestel. Hierdie elektroniese ondersteuningsmateriaal is enige tyd tot die student se beskikking. Deelnemers het gemeld dat tegnologie dit moontlik maak om weer na die opnames van die IWB-sessies te kyk nadat die lesing aangebied is. Volgens deelnemers kry hulle die geleentheid om onsekerhede uit te stryk deur die opnames van die internet af te laai en weer te besigtig. Deelnemers het die volgende gesê:

“I like the fact that we can access tutorial notes and PowerPoint presentations via the panopto site, and always refer back to information missed.”

“They have media links to watch the recordings of missed contact sessions and attending of contact sessions, efundi as a communication platform is great.

“we can download old papers”

Subtema 4: @Persoonlike voordele

Persoonlike voordele is uit die voltooide data as subtema geïdentifiseer met die student se @@sosio-ekonomiese omstandighede as kategorie. Dit het uit die data geblyk dat studente deur afstandslere die geleentheid kry om ‘n kwalifikasie te verwerf ongeag hulle persoonlike omstandighede.

Vanuit die biografiese data, soos aangedui in Figuur 4.4, is 35 van die 46 deelnemers studente wat ‘n voltydse betrekking beklee en deelyds studeer (vgl. par. 4.3.1).

Werkende studente kan deur afstandleer 'n kwalifikasie verwerf ongeag hulle werksomstandighede:

“As it suits me better, I work and i prefer to learn on my own”

“Ek is reeds getroud en het 2 kinders. Dit is al opsie wat ek het om verder te kon leer.”

“Because I received the opportunity.”

“I chose distance learning because I had a job at the time and needed an income to pay my bills.”

“because im working and i want to have a degree in teaching.”

“Ekt n pos by n assistent skool gekry”

“Ek hou voltyds skool en kan studier”.

“Ek werk voltyds. Dit is al hoe ek finansieel kop bo water kan hou as ek wil studeer.”

“I am working and wanted to study”

“Omdat ek voltyds werk was afstandleer my enigste opsie, want ek wou graag verder studeer.”

“Current. Fulltime working as a teacher”

“Omdat ek voltyds werk was afstandleer my enigste opsie, want ek wou graag verder studeer.”

“Because I can work and study at the same time”

“Ek kan werk en ervaring opdoen terwyl ek steeds my kursus kan voltooi. Wen-wen!”

Die deelnemers het aangedui dat hulle afstandsl eer as gerieflik ervaar aangesien hulle hul familie kan versorg en tegelyk kan studeer. Werkende studente kry die geleentheid om hulle kwalifikasie deur afstandsl eer te verbeter, al verhinder hulle sosio-ekonomiese omstandighede hulle soms om voltyds te studeer. Volgens die deelnemers:

“I am a breadwinner I need to earn salary to help my kids and siblings”

“I have three children and am a housewife, distance learning is better suited to my circumstances as a mother and financially.”

“I am married and have a family and therefore it would be difficult to study full time.”

“I am the head of a child headed family and could not afford to study full time”

“Omdat ek getroud, werk en 'n tweejarige by die huis het”

Uit die data is finansies as kode geïdentifiseer. Deelnemers het gemeld dat hul finansiële vir hul eie studies verantwoordelik was, wat nie moontlik sou wees indien hulle nie gewerk het nie. Deelnemers het in dié opsig die volgende gesê:

“Since I have to work full time and still require to receive an income, this seemed to be the obvious choice.”

“Voltydse beroep en finansiële goedkoper”

“I don't have money for accommodation and my bursary covers distance tuition fees only”

“I wanted to continue working and earning a salary whilst studying.”

“Om meer praktiese ervaring op te doen en finasiele redes”

“It worked out cheaper for me to study through distance, and I also got a job at a Primary school where I was able to study part-time and be a assistant teacher to gain more experience.”

“It was an opportunity to study towards a qualification while working, as I cannot afford to study on a full-time basis without some sort of income.”

“As gevolg van finansiele omstandighede het dit vir my onmoontlik geword om verder op kampus te studeer en was dit vir my die uitweg om my steeds te kwalifiseer vir die beroep wat ek wou volg. Dit is gerieflik vir my huidige omstandighede en bied my die opsie om my steeds te kwalifiseer.”

“Om deelyds te kan swat terwyl ek steeds werk om n inkomste te verdien.”

“Dis vir my wat in n klein dorpie bly baie meer gerieflik en dit is redelik goedkoper om dit op die manier te doen, ek kan ook hier en daar werk en geld verdien om van my eie studie gelde te verhef.”

Afstandsleer maak dit vir die student moontlik om te studeer, al is hy of sy geografies verwyderd van 'n universiteit. Deelnemers ervaar afstandsleer as gerieflik aangesien hulle geografies nie naby 'n universiteit moet woon nie en op enige tyd en plek kan studeer:

“yes, because I can study at anytime time and place”

“it is convenient and I can study at my own time and comfort”

“Dis vir my baie meer gerieflik.”

Studente kry die geleentheid om te studeer, al is hul werkende persone wat 'n gesin en familie het om te versorg. Aangesien hulle werk kan hulle hul afstandstudies self finansier.

Die geografiese afstand tussen die student en universiteit word deur afstandleer oorbrug, wat as voordeel deur sommige deelnemers hierbo aangedui is.

4.3.3 Teenstrydighede uit die data

Twee temas, naamlik voordele en uitdagings, het uit die data (wat op die ervaring van studente van afstandleer in die BEd Grondslagfase-graad gefokus het) gekristaliseer. Daar is egter kodes wat by beide temas as voordele en uitdagings uitlig en wat dus teenstrydige ervarings van deelnemers belig. Vervolgens sal die kodes wat as beide uitdaging en voordeel uitgelig is, as teenstrydighede uit die data bespreek word.

Die deelnemers het die aflewering van studiemateriaal as positief en spoedig ervaar, alhoewel dit ook as 'n uitdaging uitgelig is omdat die aflewering van materiaal vertraag word en tyd beperk word vir die voltooiing van opdragte. Dit mag wees dat studente wat tydig geregistreer het hul studiemateriaal tydig ontvang het. Studiemateriaal word eers versend nadat die student geregistreer is. Registrasies kan eers plaasvind as die student sy of haar finansiële verpligtinge nagekom het.

Sommige deelnemers het gemeld dat die EOAL lank neem om terugvoer (vgl. par 4.3.2.1) aan studente te gee, óf selfs glad nie terugvoer te gee in verband met klagtes en onsekerhede nie, terwyl die ingesamelde data ook aandui dat dienslewering met goeie ondersteuning en spoedige terugvoer van die NWU af ervaar word. Terugvoer wat lank neem kan moontlik toegeskryf word aan dosente wat baie navrae moet hanteer óf moontlik dosente wat weens siekte of ander verpligtinge nie beskikbaar is nie.

Die inbelsentrum is voorts deur die deelnemers as onvoldoende ervaar (vgl. par. 4.3.2.1). Die deelnemers het gemeld dat hulle soms deur die inbelsentrum van een persoon na die volgende verwys is indien hul administratiewe navrae gehad het. Daar is ook bevind dat die ondersteuning van die NWU se inbelsentrum, met behulpvolle personeel, deur die deelnemers as positief en as 'n administratiewe voordeel ervaar is, aangesien klagtes spoedig hanteer is. Die inbelsentrum ervaar soms menigte oproepe wat moontlike oponthoud kan meebring.

Uit die data is aangedui dat die leerondersteuningsentrum waar IWB-sessies bygewoon moet word soms vër van die deelnemers se huise geleë is, onveilig is en soms nie as geskik beskou kan word nie, aangesien daar 'n tekort aan meubels (tafels en stoele) is (vgl. par 4.3.2.1). Die leerondersteuningsentrums – met gratis internet en waar studiemateriaal beskikbaar is – is uitgelig as voldoende en goed geleë, wat as voordeel bestempel is. Studente se ervaring van onderskeie leerondersteuningsentrums sal verskil. Die kerkgebou wat studente as nie-geskik beskou het, is sedert die data-insameling gerestoureer en toegerus as lesinglokaal met 'n lugreëling, tafels en stoele.

Interaktiewe witbordsessies wat op een dag aangebied is, was vir deelnemers oorweldigend. Dit is as 'n uitdaging van afstandleer bespreek. Dit is as 'n uitdaging uitgelig omdat alle studente weens verskeie persoonlike verpligtinge nie in die week die sessies kan bywoon nie. Deelnemers aan dié studie het die IWB-sessies as onpersoonlik ervaar en het gemeld dat hulle nie deel van die klasse gevoel het nie. Deelnemers het egter ook gemeld dat die IWB-sessies van groot waarde was aangesien dit hulle die geleentheid gebied het om met dosente asook ander studente te kommunikeer. Deelnemers kon ook tydens IWB-sessies met die dosent kontak maak en vrae oor module-inhoude of onduidelikhede in verband met opdragte en eksamens kon dadelik uitgestryk word. Interaktiewe witbordsessies is ook as voordeel uitgelig omdat finansiële en geografiese uitdagings hierdeur oorkom kan word (par. 4.3.2.1). Die bywoning van IWB-sessies kan vir werkende studente 'n uitdaging wees, maar voltydse studente sal nie dié probleem beleef nie. Daar is wel 'n opsie vir die werkende persone wat IWB-sessies as uitdaging ervaar om in hulle eie tyd die sessies elektronies af te laai en tuis te besigtig.

Die kommunikasie vanaf die EOAL en die kommunikasie vanaf dosente verskil soms, wat verwarring onder studente kan veroorsaak. Dit is as 'n uitdaging uitgelig (vgl. par 4.3.2.1). Kommunikasie vanaf sommige dosente is as onvoldoende aangedui óf soms was daar geen terugvoer van hulle af ontvang nie en programmeiers moes gekontak word ten einde ondersteuning te bied. E-poskommunikasie met dosente is as voordeel uitgelig. Kommunikasie vind ook tydens IWB-sessies plaas: studente kan van leerondersteuningsentrums direk aan die dosent 'n vraag

vra wat dadelik beantwoord kan word. Die kommunikasie tussen onderskeie dosente en studente sal verskil, aangesien sommige dosente en studente e-pos as kommunikasiemedium verkies.

Vanuit die data het dit geblyk dat deelnemers 'n gebrek aan aangesig-tot-aangesig-kontak ervaar het. Die aangesig-tot-aangesig-geleentheid wat wel via die IWB-sessies gebied word, is as voordeel uitgelig, aangesien die dosente in so 'n geval onmiddellik beskikbaar is om vrae oor die module-inhoud te beantwoord of onduidelikhede in verband met opdragte en eksamens uit te stryk. Studente kry ook die geleentheid om aangesig-tot-aangesig-kontak met medestudente te maak waartydens akademiese kennis uitgeruil kan word.

Dit het uit die deelnemers se terugvoer geblyk dat hulle nie eFundi as gebruikersvriendelik ervaar het nie. Sommige deelnemers het gesukkel om opdragte op eFundi te laai. Dit is as uitdaging uitgelig. Dit is moontlik dat dosente nie almal eFundi eenders bestuur nie, en studente kan gevolglik sukkel om inligting te bekom (vgl. par. 4.3.2.1). Die gebruik van eFundi as administratiewe ondersteuning word as 'n voordeel uitgelig indien studente die administratiewe sowel as akademiese personeel as vriendelik en behulpsaam ervaar. Deelnemers het ook gemeld dat hulle die gebruik van eFundi as tweedejaarstudente makliker ervaar het vergeleke met die voorgaande jaar as eerstejaarstudente. Die gebruik van die elektroniese eFundi-platform word as 'n tegnologiese voordeel uitgelig aangesien alle administratiewe sowel as akademiese inligting elektronies enige tyd aan studente gekommunikeer kan word.

Die kode werksituasie is as sowel voordeel as uitdaging bespreek. Deelnemers het aangedui dat hulle voltydse betrekkinge min beskikbare tyd laat vir studies en versorging van hulle gesinne. Deelnemers se werksituasie is verder voordelig omdat dit dié studente die geleentheid bied om self hul studies te finansier. Hulle hoef voorts ook geen ekstra uitgawes aan te gaan nie, soos byvoorbeeld vir verblyf naby aan die universiteit.

Ten slotte, die deelnemers het die geografiese ligging van die leerondersteuningsentrums as voldoende en goed geleë ervaar. Daar was wel deelnemers wat vër van die leerondersteuningsentrums gewoon het en derhalwe die geografiese ligging as uitdaging ervaar

het. Geografiese afstande van die leerondersteuningsentrums hou finansiële implikasies vir studente in omdat hulle onkoste moet aangaan om tot by die leerondersteuningsentrums te reis. Studente is volgens hulle geografiese woonadresse gegroepeer en 'n leerondersteuningsentrum is naby hierdie studentegroepe gevestig om soveel moontlik studente tegemoet te kom.

4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die data-analise en interpretasie (vgl. par. 4.3) van die bevindinge wat uit die kwalitatiewe ondersoek gespruit het, weergegee en bespreek. Die Atlas.ti-sagtewareprogram is gebruik om die oop-eind-vraelyste wat op 'n *Google*-platform ingedien is, te analiseer. Die deelnemers, naamlik tweedejaarstudente wat BEd Grondslagfase via afstandslere studeer, is via die eFundi-administrasieblad van die NWU uitgenooi om aan die navorsing deel te neem.

Die oop-eind-vraelys het uit twee afdelings bestaan. Afdeling A het die biografiese inligting van die deelnemers ingesamel om die deelnemersprofiel beter te verstaan (sien Addendum E), en Afdeling B het uit vrae bestaan wat ondersoek ingestel het na studente se ervaring van afstandslere in die BEd Grondslagfase-grad aan die NWU.

Vanuit die data-analise en interpretasie van Afdeling A is daar vasgestel dat die deelnemers aan dié navorsing ouer, blanke, vroulike studente tussen die ouderdom van 19 en 29 was. Meeste van dié deelnemers het voltydse betrekkinge beklee en afstandslere het hulle die geleentheid gebied om 'n kwalifikasie te verwerf.

Vanuit die ingesamelde data uit Afdeling B is twee temas geïdentifiseer, naamlik uitdagings van afstandslere en voordele van afstandslere – elk met vier subtemas. Sestien kategorieë is geïdentifiseer. Ses (6) kategorieë is as voordele bespreek en tien (10) as uitdagings.

Drie-en-twintig (23) kodes is as voordele en 31 kodes is as nadele geïdentifiseer en skematies voorgestel en bespreek (vgl. Tabele 4.1 & 4.2; Figure 4.5 en 4.6). Die twee temas, naamlik uitdagings en voordele van afstandslere, is onderskeidelik skematies voorgestel en bespreek. Die deelnemers se terugvoer is verbatim per subtema en per kategorie aangehaal.

Vanuit die ingesamelde data uit Afdeling B het dit geblyk dat deelnemers uitdagings ervaar wat met afstandslereer verband hou, maar dat studies deur middel van afstandslereer ook heelwat voordele inhou. Geïdentifiseerde uitdagings en voordele is in subtemas gesorteer, naamlik administratiewe, akademiese, tegnologiese en persoonlike uitdagings en voordele. Die kategorieë en kodes is aangedui en deeglik bespreek.

Dienslewering en ondersteuning is as administratiewe uitdagings bespreek, en kodes soos studiemateriaal, punte, die spasiëring van eksamendatums en tyd vir indiening van opdragte is bespreek. As deel van ondersteuning is die inbelsentrum, leerondersteuningsentrums en IWB-sessies bespreek. Deelnemers het gemeld dat probleme met registrasie 'n groot uitdaging was, wat verdere uitdagings teweeggebring het, soos die laat ontvangs van studiemateriaal, wat weer gelei het tot ander uitdagings soos min tyd vir die voltooiing van opdragte. Die regstelling en beskikbaarheid van punte is ook as 'n uitdaging van afstandslereer uitgelig en het met tye veroorsaak dat studente nie weet of hulle eksamentoelating het nie. Eksamendatums wat nie eweredig versprei was nie en beperkte tyd vir die indiening van opdragte is ook as uitdagings van afstandslereer ervaar.

Administratiewe voordele is as subtema geïdentifiseer, met dienslewering en ondersteuning as kategorieë. Die kategorie dienslewering is as voordeel uitgelig, aangesien registrasies in 2017 na deelnemers se mening vlot verloop het en studiemateriaal vinnig ontvang is. Nóg 'n voordeel van afstandslereer is akademiese personeel wat vinnig en vriendelik terugvoer gee. Administratiewe voordele met die kategorie ondersteuning het die kode inbelsentrum as voordeel uitgelig omdat personeel vriendelik en behulpsaam was.

Die leerondersteuningsentrums is ook as voordeel bespreek, aangesien studente IWB-sessies in die sentrums kan bywoon, toegang het tot gratis internet asook elektroniese studiemateriaal gratis kan aflaai of bekom. Interaktiewe werksessies en die gebruik van eFundi vergemaklik afstandslereer en is dus ook as voordeel van afstandslereer uitgelig.

Akademie se uitdagings en akademiese voordele is beide as subtemas geïdentifiseer. Tyd is as 'n kode van akademiese uitdagings aangedui, aangesien die werkslading, wat ook as kode geïdentifiseer is, tesame met die voltooiing van die kwalifikasie, baie tyd in beslag neem. Die voltooiing van opdragte neem 'n geruime tyd en studente kry eksamentoelating deur dié opdragte in te dien – dus, as die opdragte nie betyds voltooi word en punte nie betyds ingedien word nie, kan die studente nie eksamen aflê nie. Eksamenroosters laat ook nie vir studente voldoende voorbereidingstyd toe nie. Die kode werkgeïntegreerde leer (WIL) is voorts ook as 'n uitdaging uitgelig. Studente kan nie voldoende verlof per jaar neem om die verpligte WIL te voltooi nie.

Dosente-ondersteuning is as kategorie van die subtema akademiese uitdagings aangedui. Die deelnemers het aangedui dat kommunikasie tussen dosente en studente soms verwarrend is. Die deelnemers was ook van mening dat dosente nie duidelike en volledige terugvoer op opdragte gegee het nie. Die terugvoer op veral elektronies nagesiene opdragte, wat op eFundi ingedien word, is as onvoldoende en vaag ervaar. Verder is aangesig-tot-aangesig-kontak met dosente as 'n kode geïdentifiseer, asook dokumentasie wat op eFundi gelaai word, wat nie altyd leesbaar ingeskandeer was nie.

Die subtema akademiese voordele sluit die kategorie dosente-ondersteuning in, aangesien die deelnemers aangedui het dat hulle kommunikasie met dosente via e-pos en IWB-sessies as positief ervaar het. Die kommunikasie tydens IWB-sessies skakel onduidelikheid uit en met die gebruik van tegnologie word die IWB-sessies opgeneem en ná afloop van die sessie op die internet gelaai sodat studente in 'n latere stadium dit kan besigtig, indien hulle sou wou. Studente kan ook direk van aangesig-tot-aangesig met die dosent tydens die IWB-sessies skakel om module-inhoud en onduidelikhede te bespreek.

Daarenteen het deelnemers gemeld dat hulle te min aangesig-tot-aangesig-kontak as akademiese uitdaging ervaar. Tutoriale briewe is as akademiese voordeel uitgelig, aangesien die opdragte daarin omskryf word en onduidelikhede en onnodige kontak met dosente só uitgeskakel word.

Uit tegnologiese uitdagings as subtema is eFundi as kategorie geïdentifiseer. Deelnemers het aangedui dat eFundi nie gebruikersvriendelik is nie en sperdatums vir die voltooiing van aanlyn toetse op eFundi 'n uitdaging was. Die deelnemers was voorts van mening dat dosente eFundi verskillend gebruik, wat 'n groot uitdaging vir studente is. Die hoë kostes vir die gebruik van dié elektroniese platform weens die data wat gebruik word om aan te teken en dokumente af te laai, is as kode geïdentifiseer. Die druk van dokumentasie en materiaal is ook as kode onder tegnologiese uitdagings van afstandslereer aan die NWU geïdentifiseer en bespreek. Elektroniese nasien is voorts as kode bespreek. Hier het deelnemers gemeld dat nie almal tegnologie kan gebruik nie en dat konnektiwiteit tydens internetgebruik verlore gaan en nie betroubaar is nie. Die IWB-sessies is voorts as uitdaging uitgelig. Die deelnemers het dit as onpersoonlik ervaar en na hulle mening was daar te veel sessies binne 'n beperkte tyd en die sessie kon nie uitgesaai word indien konnektiwiteit verlore gegaan het nie. Die kode diefstal is ook geïdentifiseer. Hier het deelnemers die moontlikheid uitgelig dat hulle van hulle selfone en rekenaars beroof kan word en gevolglik geen toegang tot elektroniese platforms, materiaal en inligting mag hê nie.

Die gebruik van tegnologie hou ook voordele in vir studente wat deur afstandslereer studeer. Die elektroniese indiening van opdragte is as voordeel uitgelig aangesien dit moontlik is vir die student om opdragte van enige geografiese ligging in te dien, wat persoonlike uitdagings oorbrug. Die gebruik van eFundi, *SMART Bridgit* en opgeneemde IWB-sessies is as kodes onder die subtema tegnologiese voordeel geïdentifiseer. Die gebruik van hierdie tegnologie het afstandslereer vergemaklik en dit vir deelnemers wat nie naby 'n universiteit woonagtig was nie moontlik maak om 'n kwalifikasie te verwerf.

Elektroniese ondersteuningsmateriaal wat enige tyd tot die student se beskikking is, is as kategorie uit die data geïdentifiseer. Die beskikbaarheid van *PowerPoint*-aanbiedings, tutoriale briewe, vorige vraestelle, eksameninligting en opgeneemde IWB-sessies is as kodes bespreek.

Persoonlike uitdagings as subtema en sosio-ekonomiese omstandighede as kategorie is ook vanuit die data geïdentifiseer. Die sosio-ekonomiese omstandighede van die deelnemers wat hulle noop om te werk om geld te verdien, die beperkte tyd beskikbaar vir hulle studies, hulle

geografiese ligging wat soms nie naby 'n leerondersteuningsentrum is nie, en IWB-sessies wat in die week plaasvind wanneer hulle gesinsverpligtinge moet nakom, is as uitdagings van afstandleer gekategoriseer en bespreek.

Sosio-ekonomiese omstandighede is andersyds ook as persoonlike voordeel van afstandleer uitgelig, aangesien studente die geleentheid kry om te kan studeer terwyl hul werk en 'n inkomste verdien. Afstandleer bied studente die geleentheid om tuis te studeer en terselfdertyd ook na hulle gesinne en/of families om te sien. Die studente kan naskoolse studies bekostig en 'n kwalifikasie verwerf omdat hulle die geleentheid het om te werk, en daarom word persoonlike uitdagings oorkom.

Ten slotte, deur die gebruik van tegnologie word die uitdaging van geografiese ligging oorkom, aangesien dit nie vir die student nodig is om naby 'n universiteit te wees om te kan studeer nie. Geografiese ligging was dus as voordeel onder die kategorie sosio-ekonomiese omstandighede gekodeer.

In hoofstuk 5 sal die studie saamgevat word en gevolgtrekkings en aanbevelings sal gemaak word na aanleiding van die bevindinge.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die data-analise en -interpretasie vanuit 'n kwalitatiewe benadering weergegee en bespreek. In hierdie hoofstuk word die navorsing saamgevat en gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak oor tweedejaarstudente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase- graad aan die NWU.

5.2 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

In **hoofstuk 1** is die leser ten opsigte van die studie georiënteer en belangrike begrippe wat in die studie gebruik is, is verduidelik. Die navorsingsprobleem waaruit die primêre en sekondêre navorsingsvrae sowel as die verbandhoudende primêre navorsingsdoel en sekondêre doelwitte geformuleer is, is uitgelig.

In **hoofstuk 2** is 'n literatuurstudie uitgevoer om die tendense in afstandsl eer aan verskeie universiteite, nasionaal en internasionaal, te bespreek. Betreffende afstandsl eer op internasionale vlak is daar gefokus op afstandsl eer as deel van die IDEAL-projek soos dit in Finland, die Verenigde Koningryk, Duitsland en Griekeland plaasvind (vgl. par. 2.2.1.1). Die IDEAL-projek is by dié navorsing ingesluit omrede dié universiteite omvangryke afstandsl eerprogramme aanbied. Afstandsl eer in Indië, Swede en Indonesië is ook bespreek, omdat groot getalle studente al hulle kwalifikasies aan hierdie voorloper afstandsl eeruniversiteite verwerf het (vgl. par. 2.2.1.2 – 2.2.1.4). Op nasionale vlak is afstandsl eer aan UNISA en die NWU bespreek (vgl. par. 2.2.2.1 & 2.2.2.2). Alhoewel hierdie nie 'n vergelykende studie was nie, is daar ondersoek ingestel na die tendense in afstandsl eer en studente se ervaring daarvan aan dié universiteite.

Hoofstuk 3 het gefokus op die navorsingsontwerp en -metodologie van die empiriese ondersoek. Die volgende is in die hoofstuk bespreek: die wêreldbeskouing van die navorser; eenheid van analise; probleemstelling; navorsingsdoel; navorsingsvraag; navorsingsontwerp; metodologie; navorsingsmetode; data-insamelingmetode; data-analise en -interpretasie; geloofwaardigheid van hierdie studie; en die etiese aspekte van die studie. Daar is gemotiveer waarom dié 'n kwalitatiewe fenomenologiese studie was (vgl. par. 3.7.3.1).

In **hoofstuk 4** is die data wat uit die empiriese ondersoek voortgespruit het, weergegee en bespreek. Die data vanuit die voltooid oop-eind-vraelys is deur middel van Atlas.ti™ geanaliseer (vgl. par. 4.3).

Ten laaste, hierdie hoofstuk, **hoofstuk 5**, bied 'n samevatting van die resultate voortspruitend uit die kwalitatiewe ondersoek. Na aanleiding van die bevindinge word gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings word aan die hand gedoen.

5.3 BEVINDINGE

In hierdie afdeling word die bevindinge saamgevat, soos dit uit die deelnemers se mededelings geïdentifiseer is ten einde die navorsingsvraag te beantwoord: Wat is studente se ervaring van afstandslereer in die BEd Grondslagfase-graad aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

Uit die biografiese inligting verkry uit Afdeling A van die oop-eind-vraelys, is daar bevind dat die meerderheid deelnemers afstandslereer afleweringmodus verkies omdat hulle só 'n kwalifikasie kan verwerf terwyl hulle ook voltydse betrekkinge beklee en 'n inkomste kan genereer. Daar is bevind dat die meerderheid deelnemers (35) van die totale 46 studente wat die vraelys voltooi het, 'n voltydse betrekking beklee en deelyds studeer het. Slegs 11 studente het aangedui dat hulle voltyds via afstandslereer studeer. Ooreenkomstig die literatuur is daar in dié studie bevind dat studente wat voltyds werk deur afstandslereer die geleentheid kry om 'n kwalifikasie te verwerf óf te verbeter wat andersins nie moontlik sou wees nie (vgl. par. 1.2.2 & 2.2.1 & 4.2).

Meeste van die deelnemers aan dié studie was voorts jonger, werkende dames tussen die ouderdom van 19 en 29. Van die 46 deelnemers was 26 dames blank (vgl. par. 4.3.1). Volgens die literatuur (vgl. par 2.2.1.1) kon ons verwag het dat 'n afstandstudent ouer sou wees.

Die bevindinge wat vervolgens bespreek word, beantwoord die eerste sekondêre en verbandhoudende navorsingsvraag:

- Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van administratiewe ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

5.3.1 Administratiewe voordele en uitdagings

Vanuit die data is administratiewe voordele en uitdagings aangedui. Die bevindinge dui aan dat studentedeelnemers aan dié studie sekere administratiewe aspekte as voordeel en ander soms as uitdaging of hindernis ervaar het. Die deelnemers se ervaring van afstandsl eer kan dus van persoon tot persoon verskil namate hulle omstandighede 'n rol speel.

Die bevindinge het getoon dat administratiewe reëlings en beplanning as voordele sowel as uitdagings tydens afstandsl eer ervaar word, wat verband hou met administratiewe ondersteuning en dienslewering. Die deelnemers het die registrasieproses in 2017 as positief ervaar, wat bydra tot die voordeel wat verband hou met dienslewering. Die inbelsentrum met vriendelike, spoedige en hulpvaardige terugvoer in verband met akademiese en administratiewe navrae is as 'n administratiewe voordeel aangedui. Die ondersteuning van die EOAL-inbelsentrum is egter nie altyd deur studente as voldoende ervaar nie. Na deelnemers se mening was persone betrokke by die inbelsentrum nie altyd doodseker waarheen om oproepe te verwys nie en het dan studente van een persoon na 'n ander verwys, wat gevolglik tot frustrasie onder dié studentedeelnemers gelei het. Navrae is nie altyd beantwoord nie en volgens die deelnemers het personeel gesloer met terugvoer.

Die leerderondersteuningsentrums met IWB-sessies, gratis internet en beskikbare studiemateriaal is as administratiewe voordele geïdentifiseer. Die deelnemers het egter sommige van dié sentrums as onveilig ervaar en was ook van mening dat ander sentrums nie geskik was om as so 'n sentrum gebruik te word nie, aangesien 'n kerk hiervoor ingespan is en daar was ook geen meubels (tafels en stoele) nie. Terugvoer vanaf deelnemers in dié verband het dus verskil.

Alhoewel dit uit die bevindinge blyk dat deelnemers meer IWB-sessies verkies, wat as uitdaging bespreek is (par. 4.3.3), het van die deelnemers die IWB-sessies as 'n voordeel ervaar, aangesien dit hulle die geleentheid gebied het om tydens die IWB-sessies aangesig-tot-aangesig-kontak met die dosent te maak. Deelnemers het die aantal IWB-sessies soms as oorweldigend ervaar en die sessies wat gedurende die week geskeduleer was, was vir sommige deelnemers uitdagend omdat hulle in dié tyd verskeie persoonlike en/of werksverantwoordelikhede moet nakom. Soos ook in die literatuur aangedui (vgl. par. 2.2.1.1) kan IWB-sessies as oorweldigend ervaar word omdat die meeste afstandsléerstudente voltydse betrekkinge beklee en persoonlike en huishoudelike verpligtinge moet nakom.

Daar is bevind dat studiemateriaal wat laat ontvang word, 'n administratiewe uitdaging is. Daar is andersyds ook bevind dat studiemateriaal wat vinnig afgelewer word, as positief ervaar word. Volgens deelnemers hou die laat aflewering van studiemateriaal 'n finansiële implikasie in, aangesien die materiaal so lank geneem het om afgelewer te word dat hulle dit aanlyn moes aflaai en selfs moes druk. Die meeste studiemateriaal is elektronies beskikbaar, wat as voordeel van afstandsléer aangedui is. Indien studente toegang het tot die internet kan hulle studies in aanvang neem voordat hulle studiemateriaal, wat per koerier gestuur word, afgelewer word (vgl. par. 4.3.2.1).

Daar is bevind dat uitdagings in verband met dienslewering en bedryf ook ervaar word, byvoorbeeld eksamenmodules wat kort periodes uit mekaar geskeduleer is op 'n rooster wat min tyd toelaat vir goeie voorbereiding vir eksamenaflegging. Verdere diensleweringuitdagings wat ervaar is, is die beperkte beskikbare tyd vir die indiening van opdragte vandat studiemateriaal ontvang word tot die sperdatum vir indiening. Die beskikbaarstelling van punte asook die

regstelling daarvan, indien nodig, sloer ook. Daar is bevind dat deelnamepunte met tye laat beskikbaar gestel word. Gevolglik weet studente nie of hulle eksamentoelating het nie (vgl. par. 4.3.2.1). BEd-studente moet 'n deelnamepunt van 40% per module behaal deur opdragte in te dien om sodoende eksamentoelating te kry (vgl. par 2.2.2.2). Ten einde 'n positiewe leerervaring te verseker is terugvoer op werksopdragte en die ontvangs van deelnamepunte vóór die aanvang van eksamens baie belangrik.

Die gebruik van die eFundi LBS-stelsel – waarop studente sowel administratiewe as akademiese ondersteuning deur middel van aankondigings ontvang en opdragte elektronies kan indien – is as voordeel uitgelig. Inligting kan tydig deur die LBS-stelsel gekommunikeer word en die studente het dan meer tyd tot hulle beskikking voordat opdragte ingedien moet word, omdat opdragte wat per pos gestuur word, dan uitgeskakel word.

Die administratiewe ondersteuning van studente en die dienslewering wat hulle ontvang dra by tot die sukses van hulle afstandsl eerstudies. Hierdie bevinding word ook in die literatuur ondersteun (vgl. par. 2.2.1.1).

Die volgende bevindinge sal vervolgens bespreek word ten einde die tweede sekondêre en verbandhoudende navorsingsvraag te beantwoord:

- Wat is studente se ervaring van afstandsl eer in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van akademiese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

5.3.2 Akademiese voordele en uitdagings

Dosente-ondersteuning is as akademiese voordeel geïdentifiseer. Deelnemers het gemeld dat kommunikasie met die dosent baie belangrik is. Uit die literatuur en dié navorsing is daar bevind dat e-poskommunikasie die beste wyse is om met dosente te kommunikeer en dat meeste dosente behulpsaam is indien studente ondersteuning benodig (vgl. par. 2.2.1.1 & 4.3.2.1).

Andersyds (as uitdaging) is daar bevind dat kommunikasie vanaf dosente en die EOAL soms teenstrydig was en soms verwarring veroorsaak het en dat beter en meer volledige kommunikasie vanaf dosente verwag is. In sommige gevalle is kommunikasie ook as 'n uitdaging ervaar, aangesien dosente soms nie terugvoer aan studente gegee het nie, waarna die studente dan die programleiers moes kontak. Terugvoer van dosente af het 'n geruime tyd geneem en volgens deelnemers was hulle vrae nie altyd deeglik beantwoord nie.

Deelnemers het IWB-sessies met aangesig-tot-aangesig-kontak met die dosent as 'n voordeel ervaar, wat ook deur die literatuur ondersteun word (vgl. par. 2.2.1.1). Tydens dié aangesig-tot-aangesig-kontak het die student 'n geleentheid om vrae oor opdragte of eksamens aan die dosente te rig en om met medestudente probleme te bespreek, wat as 'n akademiese voordeel van afstandslere beskou word. Deelnemers het ook gemeld dat onduidelikhede oor akademiese inhoud uitgestryk kan word deur weer die IWB-opname van die sessies op 'n geleë tyd te besigtig.

Duidelike instruksies is van kardinale belang omdat die afstandslerestudent selfgerig en meestal alleen moet werk. Dit word ook in die literatuur gemeld (vgl. par. 2.2.1.1). Deelnemers aan dié studie het ondersteuningsdokumente soos tutoriale briewe, *PowerPoint*-aanbiedings, vorige vraestelle en opnames van IWB-sessies, waar instruksies oor die voltooiing van opdragte baie duidelik uiteengesit word, as voordeel van afstandslere ervaar. Dokumentasie wat swak geskandeer en onleesbaar was, is as 'n uitdaging ervaar, aangesien dit van geen waarde vir die studente was nie.

Betreffende akademiese werkslading, wat as uitdaging uitgelig is, is daar bevind dat beperkte tyd vir die voltooiing van opdragte en eksamen dié studente se prestasie kan beïnvloed.

Daar is voorts bevind dat die werkgeïntegreerde leer (WIL), wat gedurende die BEd-kwalifikasie deur alle studente voltooi moet word, as 'n uitdaging ervaar is. Meeste van die deelnemers was werkende persone wat nie genoeg verlof per jaar gehad het om die ses (6) weke WIL wat in dié program vereis word, te voltooi nie.

Daar is ook bevind dat die studente en mentor-onderwysers onseker was oor wat tydens die WIL-tydperk en die voltooiing van WIL-opdragte van dié studente verwag word. Die werkslading van afstandslereudente wat tydens WIL tegemoet gekom moet word, is as oorweldigend en nie-relevant tot die praktyk ervaar, en is as uitdaging aangedui.

Die volgende bevindinge sal vervolgens bespreek word ten einde die derde sekondêre en verbandhoudende navorsingsvraag te beantwoord:

- Wat is studente se ervaring van afstandslere in die BEd Grondslagfase-graad ten opsigte van elektroniese ondersteuning aan die Noordwes-Universiteit (NWU)?

5.3.3 Tegnologiese voordele en uitdagings

Tydens die data-analise is tegnologiese voordele en uitdagings geïdentifiseer om die elektroniese ondersteuning in die BEd Grondslagfase-program aan die NWU, te bepaal.

Dit het uit die data geblyk dat die meeste studentedeelnemers eFundi as 'n positiewe, gebruikersvriendelike platform ervaar het, waarop alle inligting wat hulle benodig het om hul studies suksesvol te voltooi (administratief sowel as akademies) beskikbaar was. Opdragte word op eFundi ingedien en alle *PowerPoint*-aanbiedings, IWB-sessies, vorige vraestelle, tutoriale briewe en eksameninligting word op dié elektroniese platform asook op die EOAL-webblad gelaa. Hierdie bevinding klop met internasionale tendense waar daar in afstandslere meer van 'n LBS gebruik gemaak word, aangesien bronne daardeur maklik beskikbaar gestel kan word en kommunikasie verbeter (vgl. par. 2.2.1.1). Dit is voorts ook goedkoper om opdragte op die eFundi-platform in te dien as om dit per pos te stuur óf na die leerondersteuningsentrums te reis om dit daar in te dien. Die risiko dat opdragte per pos verlore kan gaan, word ook só uitgeskakel. Studente het ook meer tyd tot hulle beskikking om aan opdragte te werk, aangesien die tyd wat dit neem om opdragte per pos te stuur, uitgeskakel word. Deelnemers het wel ook gemeld dat hulle nie eFundi as gebruikersvriendelik beskou het nie.

Deelnemers het die indiening van opdragte asook die voltooiing van aanlyn toetse op eFundi as uitdagend ervaar, aangesien die aanlyn toetse almal op dieselfde datum voltooi moes word en beperkte tyd vir die voltooiing van dié toetse toegestaan is. Deelnemers het ook ervaar dat swak internetkonnektiwiteit die indiening van opdragte en die voltooiing van aanlyn toetse kan belemmer. Volgens dié studente gebruik en bestuur dosente nie almal eFundi eenders nie, wat verwarring onder studente veroorsaak het en die opsporing van inligting gekompliseer het.

Sommige deelnemers het die indiening van elektroniese opdragte is as uitdaging uitgelig, terwyl andere dit as voordeel ervaar het. Die bevinding is gemaak dat die tegnologiese uitdagings wel oorkom kan word indien die studente positief daarvoor dink, meer vertrouwd raak met die gebruik daarvan en die gebruik van tegnologie as 'n voordeel beskou. Die tegnologiese uitdaging is ook as akademiese uitdaging ervaar, omdat opdragte elektronies nagesien moet word en terugvoer op elektroniese ingediende opdragte via eFundi nie as voldoende beskou is nie.

Uitdagings weens geografiese ligging kan oorkom word deur tegnologiegebruik en elektroniese indiening van opdragte, aangesien studente nie na die leerondersteuningsentrums hoef te reis om opdragte in te dien nie. Tyd word só bespaar en die finansiële en reis-implikasies (wat as akademiese en finansiële uitdagings geïdentifiseer is) word dan uitgeskakel.

Daar is bevind dat tegnologiegebruik met IWB-sessies as positief ervaar is, aangesien die student die geleentheid kry om kontak met die dosente te maak en ook dan vrae aan die betrokke dosent kan rig indien daar enige onduidelikhede is, wat ook as akademiese voordeel uitgelig is (vgl. par. 4.3.2.1). Deelnemers aan dié studie het die gebruik van tegnologie (par. 4.4.4) met IWB-sessies as positiewe akademiese ondersteuning ervaar, aangesien alle IWB-sessies (lesings) op die internet gelaaï is en beskikbaar was indien die studente onduidelikhede ervaar het of dit weer wou besigtig om beter vaslegging van kennis te verseker. Hierteenoor het die deelnemers ervaar dat IWB-sessies baie onpersoonlik is en dat hulle nie deel gevoel het van die klas nie.

